

jou praktiese huis-en-tuingids

SA se
No.1
huis-en-tuin-
tydskrif



Maart | April 2026

R120 (BTW ingesluit)
Namibië N\$125

tuis

REGRUK MET FLAIR
**HIER'S ONS
WENNERS!**

TUINE

Skep 'n lushof
met sterk vorms
& Plant reg en hou
jou blompotte vol

KOS: DIS HOE ONS ROL!

Vul, vou, smul
met tortillas,
roti's & meer

KANEELROLLETJIES
stap vir stap

KOMBUISE

VAN SLIM ONTWERP TOT SELFDOEN-SUKSES

WEN R100 000 se kaste!

Bl.
50

RIEBEEK-WES

Victoriaanse juweel
tot volle glorie herstel

STANFORD

Argitek restoureer
SA ikoon se erfenishuis

McGREGOR

Strooidakhuis kry
'n moderne kinkel



K. LIGHT®

LED Golden Wizard-glasversameling



ONTWERP | DIENS | KWALITEIT

KAAPSTAD Milnerton 021 552 4370

JOHANNESBURG Midrand 011 312 1247

Slegs besigtigingslokale, K. Light Import verskaf net aan kleinhandelaars
en nie direk aan die publiek nie.

www.klight.co.za

 info@klight.co.za

 [k_light_import](https://www.instagram.com/k_light_import)

 [klight.co.za](https://www.facebook.com/klight.co.za)


"Waar Ontwerp Lig Ontmoet"

K Light se Versamelings

'n Werklik pragtige nuwe konsep vir beligting.
'n Verfynde vierdelige versameling waarin moderne LED-innovasie tydlose en elegante glasontwerp ontmoet.
Hierdie vier treffende versamelings is met omsigtigheid geskep om 'n wye verskeidenheid binnenshuise style aan te vul.



LED Crystal Egg-
glasversameling



LED Cape Grape-gerookte-glasversameling




LED Golden Crown-
versameling

Elke ontwerp vier die skoonheid van lig deur fyn vervaardigde glas, met visuele impak sowel as subtiële verfyning.
Vir diegene wat beligting soek wat kunstigheid, elegansie en verfynde ontwerp beliggaam, bied hierdie versamelings tydlose sofistikasie met 'n besondere moderne kant.



Wenk van



kim williams

Pure Design Innovation



Eetkamerbeligting:

Skep die stemming vir betekenisvolle oomblikke

Die eetkamer is waar mense bymekaarkom, vertoef en verbintnisse smee — en beligting bepaal stilweg hoe daardie oomblikke voel. Dis meer as bloot funksioneel, dit skep atmosfeer, warmte en intimiteit.
'n Sentrale lig bo die tafel anker die ruimte en trek mense bymekaar, wat die tafel die natuurlike hart van die vertrek maak. Verdofskakelaars laat die stemming wissel van helder en lewendig na sag en uitnodigend. Warm tone vlei die vel en kos, wat gaste aanmoedig om te ontspan. Wanneer dit met intensie gekies word, word eetkamerbeligting deel van die ervaring en gee die toon aan vir gedeelde maaltye en gesprek.





LESERHUIS 22



32 LESERHUIS



72 LESERHUIS



KOMBUISE 52



94 LESERHUIS



108

So rol ons!

dekor

- 22 Argitek se herstelwerk 'n eerbetoon aan **SA ikoon se historiese Stanford-huis**
- 32 'n Sjarmante Victoriaanse woning op Riebeek-Wes **kontemporêr oorgemaak**
- 42 Die **Kaaps-Hollandse styl kry 'n moderne kinkel** op McGregor
- 52 **Kombuise** Van ontwerperkombuise tot 'n indrukwekkende selfdoenprojek
- 72 **Opknep** 'n Vyftigershuis in Pretoria tot sy ou glorie herstel

IN DIE KOMBUIS

- 108 **Straatstyl!** Met gevulde tortillas, roti's en blaardeeg
- 120 **Kaneelrolletjies**, stap vir stap
- 122 **Kortpadkos** Ontbyt is op die tafel!
- 126 **Kos & drank** vir elke lekkerte

kompetisies

- 8 **Sê jou sê** en WEN
- 50 Skryf in vir die **Milestone Kitchens Dream Design**-kompetisie en WEN
- 78 Hier's 2025 se **Regruk met Flair**-wenners en -naaswenners!
- 84 WEN met jou **troeteldierfoto's**
- 92 Vul **Blokraai #190** in en WEN

in die tuin

- 94 'n **Droom-roostuin** ná 'n verwoestende haelstorm in Johannesburg in 2023
- 102 Kenner vertel: 'En net so raak my tuin 'n **snyblombesigheid**'

IN ELKE UITGAWE

- 10 **Vars idees** om hout in jou tuiste te verwelkom
- 14 **Wat's nuut** op die dekortoneel
- 80 **Raad** Vra die kenners
- 84 **Troeteldiere** en hulle dinge
- 86 **Tuindagboek**
- 130 **Agterblad** Karin Brynard gesels

CiELO
Inspiring Spaces

DIE EMBERGRAIN
MODULÊRE REEKS

CIELO.CO.ZA

WINKELS

GAUTENG: FOURWAYS • KRAMERVILLE • CENTURION • PRETORIA • EDENVALE • ALBERTON • ROODEPOORT
WES-KAAP: SOMERSET-WES • GEORGE • TABLE BAY • DE WATERKANT • KWAZULU-NATAL: BALLITO
HILLCREST • OOS-KAAP: PORT ELIZABETH • MPUMALANGA: NELSPRUIT • LIMPOPO: POLOKWANE • NAMIBIË:
WINDHOEK | DESIGN HUB • MAURITIUS: BLACK RIVER | BANGALOW



SKANDEER MY

KOOP AANLYN
OF IN DIE WINKEL
CIELO.CO.ZA

Desembermaand klim ek op die vliegtuig Brasilië toe – 'n land van uitsonderlike ontwerp, en baie styl. Met van die lieflikste winkels wat ek nóg gesien het, onder meer 'n Havaianas-winkel in Rio de Janeiro wat so mooi is, jy kan nie glo hulle verkoop doodgewone plakkies nie. Dis pure Hollywood, nogal met 'n rooi tapyt! Die plakkies was spotgoedkoop, maar die winkel het miljoenêr-vibes.

Maar dis nie waarom ek wil skryf nie. Op die binnelandse vlugte praat die kajuitpersoneel, soos die res van die land se mense, net Brasiliaanse Portugees – Engels is so skaars soos Afrikaans in KwaZulu-Natal. Dis basies net “please” en “thank you” en verder kartetse Portugees waarvan ek geen kop of stert uitmaak nie. Dankie tog vir Google Translate!

Op die een vlug sit ons by die nooduitgang, en die bemanningslid trek weg in Portugees. Dit klink of sy ons uittrap, maar haar glimlag is breed. Ek stop haar, en verduidelik ons verstaan helaas geen snars Portugees nie ... Soos die meeste Brasilië is dié mededeling vir haar 100% onbegryplik.

Ek hou nie van vlieg nie, maar dit blyk dié lugwaardin is 'n vrou wat skrik vir niks, wat my hoop gee sou iets verkeerd loop met die vlug. Wetgewing verplig haar om ons te *brief* (en almal moet luister, sonder oorfone in die ore!), daarom trek sy weg in haar beste Engels, maar haar woorde is op voor sy by die eerste sin se punt kom, en ek kan sien haar moed begewe haar.

“When crash, you ... Read card, and ... It will be OK.” En woerts, daar gaat sy.

Ek het vasgeklou aan “it will be OK”, want dis wat ek altyd op 'n vliegtuig wil hoor. Maar ek het by myself gedink die las is groot op waarskynlik die enigste twee mense op die vliegtuig wat Engels kan praat. Netnou sê die kaptein nie “evacuate, evacuate, evacuate” nie, maar iets in Portugees – en dan vergaan ons almal oor Google Translate nie byderhand was nie!

In hierdie uitgawe kondig ons die weners aan van ons jaarlikse *Regruk met Flair*-kompetisie, aangebied in vennootskap met Gelmar (kyk op bl. 78). Ons wil onself nie “scoop” nie, so ons wys net een foto van elke projek – die stories word nog geskryf en sal in komende uitgawes gepubliseer word. Ek kon wel nie help om te dink nie: Eintlik is die lugwaardin se woorde in die vliegtuig ook op regrukprojekte van toepassing, maar dalk met 'n effense kinkel: “When building ... It will be OK.”


Soos *Tuis*-lesers seker nou al weet, was 2025 die jaar van 'n veel groter as verwagte regrukprojek by my eie huis, en dit kan ek darem nou sê: Met stampe en stote en groot, duur verrassings, is dit nou klaar. “And it is OK.” (Vra liefs nie oor my bankbalans nie...)

Dis die storie van ons weners ook. Deursettingsvermoë, kreatiwiteit, en vashou as die “vlug” turbulent raak.

In die gees van huisverbeterings, kondig ons in hierdie uitgawe ook die jaarlikse *Milestone Kitchens Dream Design*-kompetisie aan. Iewers gaan iemand voor die einde van die jaar kan spog met 'n nuwe kombuis, danksy Milestone Kitchens se veelsydige losstaande eenhede.

Lekker lees, lekker droom, en les bes: Lekker leef!

Die volgende uitgawe van *Tuis* is vanaf 17 April op straat.



tuis

REDAKTEUR
Posadres
Algemene navrae

Wicus Pretorius, redakteur@tuis.co.za
Posbus 1802, Kaapstad 8000
Yumna Tofey
yumna.tofey@media24.com, 021 406 4552

REDAKSIE
Artikelredakteur
Kreatiewe redakteur
Ontwerpredakteur
Kosredakteur
Tuinredakteur
Teksredakteurs
Digitale redaksie
Multimediajoernalis
Foto-opknapper

Beatrice Moore-Nöthnagel,
beatrice.noethnagel@media24.com
Marian van Wyk
Andrew Maritz
Johané Neilson, johane.neilson@tuis.co.za
Marié Brody
Peter van Noord, Johan van Zyl, Natasja Lochner
Annette de Wet, Walter Hayward
Suné Esterhuizen
René Nortjé

MEDEWERKERS

Sven Alberding, Robyn Alexander, Karin Brynard, Greg Cox,
Paula Dubois, Gerda Engelbrecht, Gillian Eva, Kerry Fischer, Lynne Fraser,
Nicky Guymer, Mary Jane Harris, Christoph Hoffmann, ER Lombard,
Haidee Muller-Isaacs, Karl Rogers, Jeandri Streicher, Luanne Toms,
Amanda van Wyngaardt, Elsa Young

ADVERTENSIES & INHOUDSBEMARKING

Verkoopdirekteur Bea van der Vyver, bea.vandervyver@media24.com, 011 877 6047

Verkoopsbestuurder Lani Rheeder

Sleutelklantbestuurders Charlene Meyer, Daniela di Giovanni, Leone Jacobs,
Nicolette Kannenberg, Riette Peens, Debbie van der Merwe

Kantoorbestuurder Ann du Bois
ann.dubois@media24.com, 011 713 9529

DIVERSE INKOMSTE

Geleenthheidsdirekteur Francois Malan, francois.malan@media24.com

STUDIO

Hoof Laila Majiet

Kreatiewe hoof Sandlasethu-Siphe Yilani

Redakteur: spesiale projekte Gerda Engelbrecht, gerda.engelbrecht@media24.com

Produkstiebestuurder Christine Smith

Senior bemarkingsbestuurder Andile Nkosi, andile.nkosi@media24.com

Bemarkingsbestuurder Setjhaba Maphike

Projekbestuurder Nafiesha Hoosain

UITGERSPAN: MEDIA24 MEDIA

Uitvoerende hoof Minette Ferreira

Inkomstehoof Nerisa Coetzee

Finansiële hoof Lana Goliath

Bedryfshoof Edwina Lyners

SIRKULASIE

Kategoriebestuurder tommy.chapman@onthedot.co.za

MEDIA24 KORPORATIEF

Uitvoerende hoof: Media24 Raj Lalbahadur

Waarnemende finansiële hoof: Media24 Nelmarie Beyers

MEDIA24 *Tuis* word uitgegee deur Media24, Heerengracht 40, Kaapstad 8001. Tel. 021 406 2121



Kopiereg Media24. Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie tydskrif mag sonder die geskrewe toestemming van die redakteur gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopieëring, skryf- of bandopname, of deur enige ander stelsel vir inligtingbewaring of -ontsluiting. Die redaksie onderskryf nie noodwendig die standpunte gehuldig in artikels, rubrieke en advertensies nie. Hoewel alle redelike voorsorg getref is om te verseker dat die advies wat in die tydskrif gepubliseer word akkuraat is, kan die redakteur en die uitgewer geen verantwoordelikheid aanvaar vir enige verlies, skade of ongerief wat daaruit voortspruit nie. Die redaksie behou die reg om veranderinge te maak aan enige materiaal wat aan die tydskrif gestuur word, en kan nie aanspreeklik gehou word vir enige skade aan of verlies van die materiaal nie. Alle pryse is onderworpe aan verandering en kan verskil van winkel tot winkel; die prys in die winkel moet as die finale bevestigende bedrag beskou word.

Wicus
redakteur@tuis.co.za



Jou visie.
Ons kundigheid.
Die perfekte kombuis.

 **easylife**
kitchens

34 jaar van gehaltesdiens. 2-jaar-kombuiswaarborg.
Meer as 43 vertoonlokale landwyd. 0861 327 9543
Trotse lid van die Kombuispesialistevereniging.

 easylifekitchens.co.za

“Ons ervaring met EasyLife Kitchens was uitstekend. Van die heel eerste ontwerp-idees tot die finale afronding, die proses was seepglad en professioneel. Ons is verheug oor ons nuwe kombuis en dankbaar teenoor die span vir hul toewyding en kundigheid.” **Olusola Sogbesan, Nelspruit**

Ons lesers sê

WENBRIEF




My hart loop oor!

Reinette Hesseling van Onrusrivier skryf Ja ... ek is daardie ene in die familie ... die sentimentele gek wat vir alles 'n plek kry wat familie nie meer wil hê nie. Hierdie Kersfees het ek weer binnepret gehad as die "ou" goed so nuttig gebruik word en die voorgeslagte eintlik deel raak van die feesviering.

Die tafeldoek was 'n geskenk van skoonfamilie, slaailapels met die Delftse patroon van my ouerhuis, die trifle-bak 'n trougeskenk. Die Kersboom het my man gemaak en hy dreig al jare lank om dit weg te gooi, maar ek red dit elke jaar. Ek koop nooit nuwe versierings nie, alles kom al van kleintyd af saam met my en elkeen het 'n storie. Dis 'n ritueel wanneer ek dit met groot liefde en sorg elke jaar uithaal, ophang en weer bêre.

Die kersie op die koek was toe ons Kersoggend besef ons het nie 'n "centre piece" nie en skoonsus vlieg die tuin in met 'n snoeiskêr, en haar broer (my man) aan die ander hand kom terug met armsvol van die ongelooflikste vondste uit ons tuin – en siedaar: in die koperpot wat aan Oumagrootjie behoort het, pronk hierdie meesterstuk ... hoe feestelik!

Nou sit ek rustig en brei. Kerstyd is verby en die gaste het gery, als is weer op hulle plek en die honde snoesig op die bank ... want Wicus het mos eenkeer gesê as hy by 'n huis instap en daar lê 'n hond op 'n bank, is dit 'n tuiste. My hart loop oor!



Lelike eendjie of pragtige swaan?

Engela le Roux van Bloemfontein skryf

Ons dogter is onlangs getroud en omdat haar getroude van Swanepoel geword het, het ons besluit om 'n swaan-tema vir hulle troue te gebruik. Die idee het gekom toe ek 'n wandeling deur my skoonsus se tuin geneem het en die verwaarloosde swaan-planthouers onder struik ontdek. As 'n getroue *Tuis*-leser het ek dadelik die potensiaal van die swane raakgesien. Die swane is afgeskuur en geverf en het pragtig vertoon by die troue met blomme daarin. Dit wys mens maar net weer dat alle "lelike eendjies" in "pragtige swane" kan verander as mens net bereid is om kreatief te werk te gaan en die verfkwas-towerstaffie te swaai! Mag 2026 'n baie kreatiewe jaar vir al *Tuis* se lesers wees.



KORTLIKS

My liewe *Tuis*, jy laat my tuis voel in my eie huis. Laat my toe om te reis deur ander se huise. Ek raak weg in die tuine van geur en kleur, verlustig my in die skeppings, sien alles wat nuut op die rak is. Ek is stout vir woef- en kietsiekinders se foto'tjies. Om nie te praat van die raad en daad van die wenke nie. Laaste maar nie die minste nie: die wonderlike maar ook plat-op-die-aarde resepte. So, *Tuis*, jy bly in my huis, *now and for ever!* – *Lalie Kiesling van Middelburg, Mpumalanga*

tuis

OP FACEBOOK

Wat is daardie een skoonmaakwenk wat werklik werk?

- Meng skottelgoedseep, suurlemoensap en wynsteensuur in warm water om jou kopergoed skoon te maak. – *Magda Coetzee*
- Maak 'n pasta van 'n bietjie fyn sand en water en skrop jou potte blinkskoon. Geen krapmerke nie! – *Yolanda Steyn*
- Draai asyndeurweekte toilet papier om jou krane om kalkneerslae te verwyder. – *Una Broere*
- Om 'n glasblompot weer blink te kry, gooi 'n hand vol rou rys, kookwater en sout daarin, skud en spoel uit. – *Wendy Wesson Young*
- Ek gebruik ou katoen-T-hemde om gietyster- en metaalpanne te olie. – *Amy Millican*
- Om vetterigheid, selfs op klere, te verwyder, meng 1 koppie elk skottelgoedseep, suurlemoensap, wit asyn en water in 'n spuitbottel. – *Helena Erwee*

WEN!

Die skrywer van die wenbrief ontvang 'n Zartek ZA-120-dubbelwaaier van R1 099.

Die ZA-120-waaier is kragtig, herlaaibaar en draagbaar. Met sy toringontwerp en outomaties roterende dubbellemme is die waaier geskik vir jou kantoor, huis of patio. Die ingeboude hoë-kapasiteit-Li-ioonbattery word met 'n USB-C-laaier herlaai en werk vir 4-14 uur, na gelang van die modus. Verskeie stellings vir spoed, horisontale rotasie, die vertikale hoek van die waaier en 'n tydskakelaar maak dit maklik om die lugvloei te beheer.

Besoek [zartek.co.za](https://www.zartek.co.za) vir meer inligting.

Zartek



Die redakteur behou die reg om briewe te redigeer.



Unieke Ontwerp, **Natuurlike Egtheid.**

DIE ELDERWEAVE STEL



Koop aanlyn
www.incanda.co.za

Besoek ons:

Pretoria | Kramerville | Bloemfontein | Paarl | Durbanville | Hermanus
Somerset-Wes | George | Port Elizabeth | Polokwane | Windhoek Design Hub

incanda
FURNITURE

Saam met die grein

Gebruik warm, verwelkomende houtskakerings om elegansie, diepte en tekstuur aan jou leefruimtes te verleen.

Teks Kerry'n Fischer/Frank Features • Foto Elsa Young/Frank Features • Produksie Luanne Toms/Frank Features

Saamgestel deur Johané Neilson

Agter geslote deure

Russell en Tracy Boltman is albei lief vir onthaal, en toe dit by die uitleg en ontwerp van die kombuis in hulle huis in Higgovale, Kaapstad, kom, was dit 'n heilige oorweging in die hele proses.

“Albei van ons is territoriale kokke, en daarom moes die ontwerp die verskillende maniere akkommodeer waarop ons in die ruimte werk,” sê Russell met 'n glimlag. “Terwyl ander paartjies onderhandel oor aparte beddens en duvets, het ons baklei om elkeen 'n oond te hê,” voeg Tracy by.

Die klassieke swart, wit en grys palet in hierdie lieflike kombuis met sy skoon lyne vorm die perfekte agtergrond vir die energieke

manier waarop hulle kos maak en onthaal. Spatsels hout, onder meer in die vloer met sy visgraatpatroon, 'n ronde kombuistafel en stoele met hoë rugleunings, skep balans en kontras in die moderne mengsel van materiale.

Omdat Tracy wou wegbly van uitgestrekte wit mure in die kombuis, het sy die koffiestasie en kombuiskaste slim versteek agter spesiaal gemaakte skuifdeure van houtlatte in 'n chevron-ontwerp.

“Dit sorg vir 'n interessante element, en al het almal aanvanklik gekla omdat 'n mens nie gelyktydig by die koffiedeel en kaste kan uitkom nie, is dit nou iets waaraan almal gewoon is.” >>

Kombuis ontwerp en toegerus deur
Assirelli; tafel deur Pierre Cronje

*Onthaal is hoe ons graag ons
naweke deurbring; die huis is
gewoonlik vol mense en kinders,
met baie kos vir almal.*

– Russell

Pret en plesier!

Ontwerpkenners sal altyd vir jou sê jy moenie jou leefvertrekmeubels teen die muur laat staan nie. Tog sorg die plasing van die rusbanke in dié gesellige en ontspanne TV-kamer dat die vloer oop is sodat die gesin daar kan baljaar.

Toe hulle die binnekant van hulle huis in Zwaanswyk, Kaapstad, ontwerp, het Willeen le Roux en haar man, Craig Ferguson, eers 'n minimalistiese

voorkoms oorweeg, maar, sê sy, hulle het gou besef hulle albei geniet “soveel as moontlik kleur en interessante visuele elemente”. Die egpaar is gek oor “enigiets wat vreugde, pret en spitsvondigheid tot gevolg het”.

Craig, wat in Desember 2019 'n skrynwerkkursus voltooi het, het gewerk aan die houtpanele en -rakke, en ook laaie gebou vir die speletjies. Handig!



Teks Robyn Alexander/Bureaux
Foto Greg Cox/Bureaux
Produksie Sven Alberding/Bureaux

Uit die oog ... én iets vir die oog

Slim ontwerp het daartoe gelei dat hierdie agtermekaar kas kon bybly met die veranderende behoeftes van die gesin. "Ons het die kas 'n paar jaar gelede al ontwerp, lank voordat ons kinders gehad het, en dit was interessant om te sien hoe dit mettertyd aangepas is," sê die argitek Jean Dumas, wat hier woon saam met sy vrou, Navjeet Ghuman, en hulle twee seuns.

"Die ruimte was voorheen 'n gastekamer, en ons het ornamente in die oop nisse ten toon gestel. Deesdae word die nisse gebruik vir kinderboeke, speelgoed en Lego. In die toe kaste is daar klere gepak," sê Jean.

Die binnele is van MDF gemaak wat die egpaar ongeverf gelos het. Die deure is gespuiterf met 'n deursigtige laag om die hout te beskerm, en die agterkant van die rakke plus die vloerlys is in dieselfde ligblou kleur gevef as die mure.

Die kontras tussen die gladde deure en die rou voorkoms van die ontblote MDF is treffend én prakties. 🏠






Saamgestel deur
Johané Neilson

Wat's nuut



Binne of buite?

Deel van Design Team se Kunene-versameling materiale wat binne én buite gebruik kan word, die Makalani Palm-motief (*links*) en Droplet-ontwerp (*regs*), is beskikbaar in 'n reeks kleurkombinasies met neutrale skakerings (albei kussings op die foto's in groen). Dit word per meter verkoop, maar ook as strooikussings (60 x 60 cm; vanaf R1 195, designteamfabrics.co.za).



Groot metaal-
hanglig in die
kleur Nut Brown
R2 450,
klight.co.za



Haak hom, Blokkies

Muurhake van mat harpuis in verskillende kleure
R400 elk, alkaline-shop.com

HIER KOM 'N TREND ...

Die jaarlikse Pinterest Predicts-lys van trends vir 2026 sluit in FunHaus- sirkusgeïnspireerde tuisdekor. Stel jou voor breë strepe en speelse sjarme. Die geheim is om treffende patrone doeltreffend te kombineer met sober palette. Vind meer uit by business.pinterest.com.



Ons is gaande oor die klassieke rooi-en-wit kombinasie van dié gietyster-leunstoel met skulptand (39 cm W x 44 cm L x 36 cm H; R9 999, poetrystores.co.za).

UITGEVAT!

Vollengte spieël in Blue Eyes
R9 999, kanaandesignstudio.com

Geglasuurde Tetris-porseleiniteëls in Artic (links) en Creme (50 x 200 mm) vanaf R1 390/m², italtile.co.za

Bella Check in Dijon

'N PERFЕКTE BALANS

Die doel van die treffende La Dolce Vita-versameling premium materiaalstof deur St Leger & Viney is om "die lekker lewe" by jou huis in te bring. Dit is ontwerp vir veelsydigheid en ideaal vir stoffeerwerk, gordyne en bykomstighede, en elke materiaal bied die perfekte balans van sofistikasie en gerief. Gaan na stleger.co.za of maak 'n draai by 'n St Leger & Viney-vertoonkamer om die hele versameling deur te kyk!

Fiori in Clay

La Vie in Autumn

Monterosso in Summer

Geweefde katoenmandjie R299, roomservicehomeware.co.za

Fraai papegaai!

Maak 'n speelse stelling met 'n handgeverfde harpui-papegaaiershouer (R895, blockandchisel.co.za).

Geglasuurde blompot met blaremotief R99,99, pepstores.com

Sit soos 'n koning

Die Luxe Duchess-chesterfieldsofa (hier in goudkleur, 2 420 mm L x 900 mm W x 740 mm H; vanaf R34 995, blockandchisel.co.za) is 'n mengsel van klassieke ontwerp en moderne gerief. Ons hou van die diep knoopholtes in die rugleuning, die weelderige fluweelstoffering en klinknaelafwerking op die ronde armleunings.

Ronde sonkraglamp (links) R999 en Lusaka-houtsytafeltjie R2 699, woolworths.co.za >>

LIG OP DIE ONDERWERP

Spier Light Art gaan weer die historiese terrein op die Spier-wynplaas buite Stellenbosch verlig met werke wat gloei, glim en verras. Die uitstalling, wat van 6 Maart tot 6 April gehou word, is 'n gesprek tussen kuns, die natuur en die gemeenskap – tussen die verlede, hede en moontlikhede in die toekoms. Dit is gratis vir die publiek, maar bespreking is noodsaaklik; besoek spier.co.za.



Ronde "tolletjie"-spieël in rooi R129,99, mrphome.com

Dorpstraat-eikehoutkoffietafel (medium) in Cumin vanaf R8 200, shweshwe-strooikussing in Night Sky R1 000, hertexhaus.co.za

Newport-kabinet (900 mm L x 450 mm W x 1 940 mm H) R19 999, cielo.co.za



Maar natuurlik!

Duram se Habitat-kleurversameling sluit in 90 veelsydige verkleure wat geïnspireer is deur Suid-Afrikaanse landskappe. Echo Corner is 'n verfrissende saliekleur wat die blou en groen skakerings weerspieël van die panoramiese uitsigte by die Augrabieswaterval Nasionale Park in die Noord-Kaap. Vra by jou plaaslike ysterwarewinkel. Gaan na duram.co.za.





KUNS met 'n storie

In 2024 het die kunstenaar Jackie Veldman 'n reeks stillewes met die titel *The Trafalgar Place Flower Market* geskep. Elkeen van die oorspronklike skilderye (wat intussen verkoop is) is geïnspireer deur 'n blomdraer by die Adderleystraat-blokkemark en wys 'n bossie blomme wat die verkoper en sy of haar unieke storie uitbeeld. Beperkte-uitgawe-afdrukke, beskikbaar in drie groottes, kan bestel word by jackieveldman.com; elkeen word vergesel van 'n portret van die verkoper met sy of haar bos blomme en storie. >>



"Faldiela's Flowers"-afdruk (29,7 x 29,7 cm) R750, jackieveldman.com

Die Onerkende Helde van jou Hardwerkende Kombuis



Vir elke glad bewegende laai en perfek
opgelynde kas deur is daar kwaliteit
toebehore wat hier die harde werk doen.
Gelmar-lopers, skarniere en handvatsels is
ontwerp vir daaglikse prestasie. Want jou
kombuis moet so goed voel soos dit lyk.

Gelmar

Koop aanlyn by gelmar.co.za of besoek
een van ons **52 winkels landwyd**

WAT'S NUUT



Bedrukte polikatoen-duvetstel (vanaf R289,99 vir driekwartbedgrootte) van Mr Price Home. Koop dit in die winkel, aanlyn (mrphome.com) of op die Mr Price-app.

Die Bawa-boktafel, beskikbaar in 'n vier-, ses- of agtstipplekweergawe (vanaf R12 990, daily.store) is 'n skulpturele stuk wat deur simmetrie gedefinieer word. Die blad bestaan uit twee panele wat liggies rus op 'n paar bokkiepote wat met mekaar verbind is. Dit is ideaal vir weldeurdagte interieurs, kreatiewe ateljees of opplanruimtes.



Geruite oorgooideken met tassels (127 x 152 cm) R1 935, bespokehome.co.za



Raak kreatief!

Paint Anywhere se Paint by Numbers-stelle is 'n viering van kreatiwiteit en van vroulike kunstenaars van reg oor die wêreld. Hulle help jou om af te wen en verander bewuste denke – of dan *mindfulness* – in 'n meesterstuk. Jy moet net iets verf, dit raam en ophang! Probeer die Paint Anywhere Fruits Paint by Numbers op gespanne skilderdoek (20 x 25 cm; R799, yuppiechef.com).

VARS EN FLEURIG

Verwelkom die heerlike kruiegeure van die Babylonstorentuin in jou huis met die nuwe Tuinier-geurversameling. Kies uit Summer Heirloom, Botanical Beet en Herb Garden. Ons is mal oor die Summer Heirloom-kamermissproei (100 ml; R650, shop.babylonstoren.com).



18 tuis Maart | April 2026

VERKEN, ONTMOET EN

kry inspirasie

Ontdek die nuutste ontwikkelinge in die ontwerp-, dekor- en huisregruikwêreld – en gee jou droom dan gestalte – by die 2026 Homemakers Fair wat van 27 tot 29 Maart by die Kyalami Grand Prix-renbaan gehou word. Dié opwindende geleentheid bring huiseienaars en van ons voorste huis- en leefstylkenners onder een dak bymekaar, reg om trends, wenke en vertroude oplossings vir elke ruimte te deel. Of jy nou 'n volskaalse transformasie beplan of net op soek is na vars idees, jou volgende fantastiese huisprojek begin hiér. Gaan na homemakersonline.co.za. 🏠

KLEURSLIM

BEKOSTIGBARE GETINTE KLEURE



PREMIUMKWALITEIT-VERF



Met gevorderde Kleurslim-tegnologie is ons verf beschikbaar in meer as 800 bekostigbare Duram-getinte kleure. Die resultaat is uitsonderlike kleurdiepte, vervaagweerstand, akkuraatheid en dekking.

Bekostigbare kleurmenging beskikbaar by toonaangewende hardewarewinkels.

Kleure mag verskil as gevolg van drukkbeperkings.

Duram
SMART PAINT

INGEVOERDE GROOT FORMATE

PORSELEINTEËLS VAN

R390m²

EINDELOSE
ARE




ROYAL WHITE
800x1600mm




CANOVA BEIGE
800x1600mm



DECKWOOD CARAMEL
600x900x20mm



TERRAZZO BIANCO
600x900x20mm



REGTE KWALITEIT. REGTE
STYL. REGTE BESPARINGS.
DIS DIE WARE WINSKOPIES.

PLAASLIKE
TEËLS VAN

R219m²

Beskikbaar in die winkel en aanlyn

AFFIRMATIONS ECLIPSE

Eenvoudige spieël 600x600mm

NOU R1 490elk **WAS R1 690**

BLACK ONIX ROBLE

Muurgemonteerde wasbakeenheid
met wasbak 795x450mm

NOU R9 490elk **WAS R10 490**

LAUFEN FIORA Wit muurgemonteerde

wasbak met kraangat en oorloop 600x480mm

NOU R2 690elk **WAS R2 990**

UITGESOEKTE TIVOLI-KRANE **TOT 15% AF**


VAN R1 249elk

VICTORIA & ALBERT TERRASSA

Vrystaande bad sonder oorloop

NOU R24 590elk

WAS R27 490



LAUFEN



TIVOLI



AMARA CHROME



25
years
guarantee

victoria + albert®
volcanic limestone baths

WARE
WINSKOPIES
REGTE
WAARDE

WARE
WINSKOPIE **OP**
BYKOMSTIGHEDE

TOT 40% AF

MOSAÏEKE

DIE WEELDERIGE VOORKOMS
WAARVAN JY HOU, VIR MINDER.

DOMINUS
BATHROOM ACCESSORIES



Aston

Vlekvrye staal
en swart



GLOBAL  STONE



Ons vertoonlokal is 7 dae per week oop.

Pryse is geldig solank voorraad hou en kan verander. Pryse sluit BTW in.

www.italtile.co.za/realdealsale

ITALTILE

LIVE BEAUTIFULLY

Real deal UITVERKOPING NOU AAN

VULCANO PEARL
290x890mm

TIMELESS GRIS
290x890mm



HERITAGE TRIANGLE GRIS
400x1200mm

STERN RELIEF PERLA
400x1200mm

SPAANSE PORSELEINMUURTEËLS
teen pryse wat nooit weer herhaal sal word nie.

QUEENS LAND WHITE
290x890mm

VAN
R199 m²

Kyk deur hierdie pragtige produkte en soveel meer in **die winkel** of aanlyn. www.italtile.co.za/realdealsale



AURA RELIEF TAUPE
290x890mm



Eksklusief aan

ITALTILE

LIVE BEAUTIFULLY

DELICE RUBIK BLANCO
290x890mm

Om 'n ou peerboom

Toe een argitek die kans kry om die Stanfordse huis te koop van 'n ander argitek, die wêreldbekende Michael Sutton, het sy nie op haar laat wag nie.

Deur Beatrice Moore-Nöthnagel • Foto's Karl Rogers
Produksie Marian van Wyk

“Die vertrek is perfek vir twee mense – nie te groot nie en nie te klein nie,” sê Minette. “Met die oorfloei na die groot stoep en binnehof kon ons op ons troue 90 mense onthaal.”

WIE WOON HIER?

Michael en Minette
Munnik en hulle twee
honde, Ollie en Leia

WAAR Stanford

GROOTTE 350 m²



Die goinglap onder die rietplafon is spesiaal opgesit vir die vlermuise wat al jare lank hier woon. "Hulle is baie territoriaal en jy mag hulle nie sommer skuif nie omdat hulle 'n beskermde spesie is," verduidelik Minette. "Hulle hou darem die muskiete en insekte weg!" >>

Sy het dadelik geweet daar is iets spesiaals aan die huis toe sy instap. Minette Munnik is immers self 'n argitek, en ken goeie ontwerp. Toe sy boonop hoor dit was nie te lank tevore nie die bekroonde argitek Michael Sutton se eie woning, het sy op die plek besluit dis die huis vir haar.

“Ek bewonder sy werk al vandat ek 'n jong student was,” vertel Minette. “Hy was wêreldbekend en is in 2024 op 96 in Griekeland oorlede.”

Stanford se ou poskantoor en stoorkamer, wat in die laat 1800's gebou is, maak deel uit van die eiendom. “Sutton het in 2000 die ‘nuwe’ huis op 'n baie sensitiewe manier aan die bestaande twee geboutjies gekoppel,” verduidelik Minette. “Hy het twee nuwe vleuels om 'n peerboom van oor die honderd jaar oud gebou. Die eindprodukt is 'n lieflike kolonnade en koel binnehof waarop al die huis se deure oopmaak.”

Minette woon sedert 2022 hier saam met haar man, Michael, met wie sy in dieselfde jaar in die historiese St. Thomas-klipkerkie skaars honderd tree weg getroud is. Die huweliksonthaal is in die einste huis gehou. Die twee het hulle lewe in Kaapstad verruil vir 'n nuwe begin saam hier op die platteland.

Geen grootskaalse opknapwerk was nodig nie. “'n Mens beweeg altyd versigtig met 'n ouer gebou – veral een wat jy van 'n baie goeie argitek geërf het,” vertel Minette. “Ons wou die gebou se bestaande bekoring behou en net sekere dele verbeter sonder om iets van die huis se identiteit weg te neem.”

Omdat Stanford tot erfenisdorp verklaar is, is daar drie instansies by wie goedkeuring vir veranderinge aan historiese geboue verkry moet word: die plaaslike Stanford-erfeniskomitee, gevolg deur die Overstrand-erfenis-en-estetikakomitee, en laastens Erfenis Wes-Kaap.

“Dit maak dit beslis moeilik om hier te bou, maar ons glo dis die moeite werd om die karakter van die dorp te behou en die skaal van argitektuur in toom te hou,” sê Minette. “'n Ultramoderne huis in glas en staal gaan nie gemaklik in hierdie milieu inpas nie.”




Minette en Michael Munnik saam met Ollie en Leia

Die ou poskantoor (inlas) is vandag deel van die hoofhuis. 'n Vorige eienaar het die foto vir Minette gestuur en sy vermoed dit is deur Michael Sutton geneem. Onder staan Minette by die voordeur.



Die kaggelopening in die oopplan-leefkamer is vergroot om in die koue winters meer hitte binne die huis vry te stel. Rooi teëls versterk die kaggel as fokuspunt in die leefgedeelte. Die ingeboude bankie en betonrakke komplementeer die dik mure.



Muurteëls van Decobella; sofa van Klooftique; mat van Hertex Haus

Die nuwe venster bied 'n uitsig oor die swembad en bring noordelike lig in. "Die venster het die simmetrie van die vertrek gebreek, maar op 'n goeie manier," sê Minette. 'n Ou stinkhouttafel, een van Michael se erfstukke, is nou 'n koffietafel nadat die pote korter gesaag is. >>



Die gang uit die leefkamer lei na die slaapkamers en binnehof.



Groter vensters = meer lig

Sutton het destyds die huis gebou met 500 mm dik mure en klein vensters. “Dit maak natuurlik sin om só in Afrika te bou om die hitte uit te hou,” sê Minette. “Ons het wel besluit om meer lig in te bring deur die vensters in die leefkamer en hoofslaapkamer te vergroot – dit bied ook ’n mooi uitsig. Aan die suidekant van die leefkamer het ons dakvensters ingesit vir meer lig.”

In die kombuis is die uitleg verander en nuwe kaste ingesit. Die res van die huis lyk alles nog net soos Sutton dit beplan het.

“Die spitsdak is oorspronklik en die skaal daarvan besonders,” sê Minette. “Ongelukkig was van die detaillering nie so goed wat die waterdigting betref nie!”

Die oopplan-leefkamer-en-kombuis se plafon is van bekistingsplanke (*shutter boards*) van Suid-Afrikaanse dennehout wat grof en ongeseel gelaat is om by die aardse gevoel van die huis te pas. Dit komplementeer ook die eenvoudige sementvloere.

’n Kenmerk van die binnekant van die huis is die verskeie ingeboude betonrakke en -blaaie. “Sutton het die rakke en blaaie goed deurdink,” sê Minette. “Dit gaan jou dalk ’n bietjie kortwiek as jy later iets wil verander, maar ek glo dit dra by tot die aardse, swaar gevoel van Sutton se huise. Niks voel lig of vals nie. Die dik mure en ingeboude platforms dra juis by tot die gevoel van die huis wat ons oorspronklik betower het.”

Die eenvoudige langwerpige dammetjie is op die aslyn van die eiendom, reg van die voordeur af tot diep agter in die erf. Dit trek met die intrapslag die oog in die tuin in.





Die boekrak van beukelaaghout in die tuiskantoor dien as uitstalplek vir alles wat spesiaal is vir Minette, soos 'n geskenk van 'n geliefde of 'n mooi stuk hout wat sy opgetel het. Verder het dit oorgenoeg plek vir alles van skryfbehoeftes tot lêers. >>



“Ons is baie bevoorreg om waterbeurte op die dorp te hê danksy ’n historiese leiwaterstelsel wat ons ook in die tuin kan benut,” sê Minette.

Twée lewens saamgevoeg

“Ons het dekades se meubels van twee families onder een dak byeengebring, en moes mooi beplan om dit te laat ‘sing’,” vertel Minette. “My voorkeur sou iets meer moderns wees, maar Michael het pragtige ou meubels en ek glo die kombinasie van oud en nuut werk goed saam. Die resultaat is ’n huis waar ons albei ons voorkeure en geskiedenis kan geniet.”

Die kontras om die twee saam te gooi is ook prettig, glo sy. “Wanneer ’n moderne meubelstuk pragtige proporsies het en dit ergonomies goed ontwerp is, kan dit rustig sit langs ’n ou meuliks of tweehonderd jaar oue bankie.”

Michael en Minette is albei lief vir glas- en keramiekware en daar is ’n groot verskeidenheid in die huis. “Ons hou van die manier waarop die lig met die glas en Carolyn Heydenrych se delikate porselein speel. Of die keramiek van die swaar Griekse potte en die Esias Bosch-vase. Saam met ’n oorspronklike Lalique-glasbord het elkeen ’n ereplek in ons huis.”

Die kuns in die huis is eweneens ’n samevoeging van stukke wat oor die jare versamel is. “Veral Michael het mooi waterverfkuns van sy pa (ook Michael) en die argitek Paul Andrew. Ek self het werk van die baie kunstenaars in my familie, soos my suster Anita Grobler, haar dogter Sarita Gous en my tannie Sarie Steenkamp.”

Vir tekstuur gebruik Minette graag lap, houtelemente en selfs juweliersware. “Op ’n tafel in my kantoor pak ek al my ‘skatte’ wat ek optel wanneer ek gaan stap of wat ek by ’n mark gekoop het – enigiets wat my aandag vang en my inspireer!” lag sy. >>



Die blou mosaïekteëls is jare terug opgesit, maar bly tydloos. Die ingeboude wasbakrak is tipies van die argitektoniese taal regdeur die huis.

Handdoek van The Cotton Company

Die hoofslaapkamer het 'n rustige voorkoms met goeie kruisventilasie. Dit loop uit op 'n private stoepie.

Deken en strooikussings van Mungo

MINETTE SE WENKE

As argitek weet Minette waarvan sy praat, veral as dit by 'n historiese gebou kom. Haar praktyk, Urbanest Architects, doen werk in die Kaap, Overberg en Kaapse Wynland. Haar raad is:

- Stel 'n goeie argitek aan om te help. Ons is opgelei om 'n gebou te "lees" en kan verskillende opsies ondersoek.
- Maak seker die huis se struktuur is stabiel en kry 'n strukturele ingenieur se raad indien nodig.
- Dink na oor hoe die huis op die erf "sit". Oorweeg die oriëntasie wat die son, lig en uitsig betref. Kan jy meer maak van dié elemente?
- Vergewis jou van hoe oud die gebou is en wat die erfenisregulasies is.

KONTAK Urbanest Architects,
urbanest.co.za





“Ek bewonder elke dag die goed beplande hortjies,” sê Minette.



Die buitestort vanuit die hoofslaapkamer is 'n groot bederf vir die egpaar.

Handdoek van The Cotton Company



Die gastekamer het 'n mooi uitsig op die tuin. Ingeboude betonrakke is 'n kenmerk van die huis. 🏠

Ek deurkruis daaglik die oop binnehof op pad na die slaapkamers, kantoor of leefruimte. *Dit 'n lekker verbintenis* met die natuur om só buite te wees.

As dit reën, is dit 'n ander storie! – Minette

VERSKAFFERS EN KONTAKTE

Decobella decobella.co.za **Hertex Haus** hertexhaus.co.za

Klooftique klooftique.com **Mungo** mungo.co.za

The Cotton Company thecottoncompany.co.za

WIE WOON HIER? Eugene en Lara da Silva, hulle seuns, Gabriel (21) en Malachi (19), en dogter, Evelyn (14), asook die 10 jaar oue Deense hond Arthur, vier katte en twee voëls
WAAR Riebeeck-Wes, Wes-Kaap
GROOTTE ± 200 m²

Elf handgemaakte keramiekhanglampe skep 'n treffende installasie in die kombuis. 'n Nuwe parketvloer sluit aan by die oregondennehoutvloer in die res van die huis. Lara se pa, Norman Angel, het die sentrale eiland-en-tafel gemaak.

Hanglampe deur Three Potters and a Painter;
wolklanskap deur Philip Barlow

In harmonie *met die verlede*

'n Verwaarloosde Victoriaanse huis is nou 'n outentieke gesinswoning danksy 'n egpaar wat hope ondernemingsgees het asook 'n passie vir karaktervolle geboue met geskiedenis.

Lara en die Deense hond Arthur op die voorstoep. Die Kasteelberg skep 'n dramatiese agtergrond vir die huis wat uit 1891 dateer en na die suide oor die dorp in die rigting van Wellington uitkyk. "Die skuifraamvensters en hulle proporsies asook die ventilasie-openinge in die gewels is soortgelyk aan dié van die ander huise in die omgewing, maar die figuursaagwerk is uniek," sê Eugene.

Bakkies deur Andre du Toit van Porterville en Carin Dorrington; kershousers op onderste rak ontwerp deur Lara da Silva



“Ons was nog altyd dol daaroor om ou goed te restoreer,” verduidelik Lara en Eugene da Silva. “Ons dink dis in ons DNS. Ons put soveel vreugde daaruit om iets wat oud en verwaarloos is, na sy eertydse glorie te herstel.”

Eugene, ’n argitek wat op die Hoëveld en ’n Kaapse wynplaas grootgeword het, was in Brittanje toe hy vir Lara, wat in die skilderagtige New Forest-omgewing in die suide van Engeland grootgeword het, ontmoet het. Die egpaar het in 2003 na Suid-Afrika verhuis. Intussen het hulle in verskeie karaktervolle ou huise gewoon: Die eerste twee, uit die jare twintig, was ’n huis in Benede-Woodstock in Kaapstad en ’n skakelhuis in die Paarl; hierna het hulle tot in 2015 in ’n Art Deco-huis in die Paarl gewoon.

Hier was geen trap na die solder, wat as pakkamer dien, nie. “Ons kon ’n lyn in die pleisterwerk sien wat verklap het hier was ’n trap, waarskynlik in ’n Victoriaanse styl. Ons het toe een laat maak wat in die ruimte pas,” verduidelik Eugene.



Die metaalwerk vir die sweefrakke is die handwerk van vriende wat staalwerkers is; Lara se pa het die houtwerk gedoen.

Die kombuis is so ruim dat daar ook ’n sitgedeelte is. Die rakke met ’n houtskoolgrys lessenaar is die handwerk van Lara se pa. “Elke venster in hierdie huis het pragtige hortjies,” sê sy.



Vleuelrugstoele van Sofa Company

“Maar toe wou ons na die platteland verhuis en wegkom uit die bedrywige dorp wat die Paarl geword het,” vertel Lara.

“Ek en die kinders was vir ’n naweek in die Riebeek-Kasteel-omgewing, waar ons ’n gastehuiseienaar gevra het waar hy sou aanbeveel ons na eiendom kyk,” onthou Eugene. “Ons was nog aan die ry na waar hy beduie het, toe ons hierdie huis met ’n ‘Te Koop’-bord op Riebeek-Wes sien. Ons het die agent gebel en oor die prys

uitgevra. Gelukkig wou die eienaars spesifiek ’n jong gesin hier hê wat weer lewe in die huis sou blaas. Trouens, hulle het aanbiedings van die hand gewys wat hoër was as ons s’n.”

“Dit was tot ons voordeel,” sê Lara, “want dit het beteken ons het nog genoeg geld gehad vir ’n opknapprojek, herstelwerk, en om die huis leefbaar te maak. ’n Bejaarde vrou het hier gewoon, en die eiendom was taamlik verwaarloos.” >>



Die persstaalplafonplate is die oorspronklikes. “Die ou kerk op Riebeeck-Kasteel het ’n identiese plafon,” sê Eugene. Die Da Silvas het die mure houtskoolgrys gevef om die swierige plafon te aksentueer en die vertrek met sy oorspronklike portretreling en lyswerk ’n meer kontemporêre voorkoms te gee.

Ons waardeer hoe die huis sy eie storie vertel. Dit het nie swierige afwerkings of bykomstighede nodig nie. *Danksy hope liefde en respek* kon dit die toets van tyd deurstaan, en verwelkom dit almal wat hier instap. – Eugene & Lara

Die robynrooi trommel wat as koffietafel dien is al lank deel van die Da Silvas se hartsgoed. “Toe my pa en sy gesin oorspronklik per boot van Portugal na Suid-Afrika gekom het, was dit hulle bagasie,” verduidelik Eugene. “En toe die kinders klein was, was dit hulle speelgoedkis,” voeg Lara by. Die klavier was ’n geskenk van een van Eugene se kliënte.



“In die somer loei die wind bergaf van min of meer vieruur die middag tot agtuur saans. Ons het agter die huis waar dit beskut is, ’n ruim dek gebou sodat ons buite kan wees sonder dat ons wegwaai,” vertel Lara. “Vir skadu het ons ’n Virginia-klimop (*Parthenocissus quinquefolia*) geplant.”

Sjaal van Scatterlings from Africa



Die egpaar kombineer graag oud en nuut, soos die vintage skildery en moderne hanglamp.



’n Waardering vir die geskiedenis

Die huis, wat in 1891 gebou is, het ’n onweerstaanbare sjarme. Hier is ’n stoep met ’n gewelfde riefplaatdak, gewels met broekielace, skuifraamvensters met hortjies, persstaalplafonplate en oregondennehoutvloere. “Dit het baie van dieselfde argitektoniese detail as die beroemde Smuts- en Malan-familiehuise in hierdie vallei,” vertel Eugene, wat intussen restaurasie- en opknapprojekte by hierdie historiese huise gedoen het. “Erfenisgeboue is nou van my gunstelingprojekte.”

Boonop was hier reeds etlike volwasse bome op die erf, asook ’n groot skuur met ’n houtraam-en-sinkplaatstruktuur wat amper net so groot soos die huis is. “Oor die jare het die skuur al goed diens gedoen as kuierplek vir allerlei geleenthede,” sê Lara, wat verheug was om ’n ou heldergroen Magic-stoof in die oorspronklike kombuis te kry. “Ongelukkig werk dit nie, maar ons het nog die stoof.”



“Die oorspronklike badkamer het ’n ou blou viniëlvloer, grilligerie stort en halwe muur in die middel vir privaatheid by die toilet gehad,” sê Lara. Dit sou hulle enigste badkamer wees, daarom het die Da Silvas die ruimte gestroop en dit in iets spesiaals omskep.

Handdoeke van Mungo; lyfwasmiddel van Queen Bee Soap Co.

Eers herstel, en toe ’n eie stempel

In hulle eerste twee jaar in die huis het die Da Silvas daarop gefokus om baie jare se skade aan die eiendom te herstel. “Ons volgende stap was om alles te verwyder wat nie oorspronklik aan die huis was nie en om die argitektoniese detail terug te bring wat verlore geraak het. Ons het die houtvloere afgeskuur, al die vernis verwyder wat die binnedeure en hortjies oranje laat vertoon het, en die mure geverf. Ek weet nie of ons dapper of dom was nie, maar ons het dit alles aangepak terwyl ons ons drie jong kinders tuis onderrig het!”

“Die grootste verandering was om ’n badkamer uit te breek wat in ’n stadium aangebou is, en so het ons daardie groot ruimte vir ons kombuis gekry,” sê Eugene. “Die vuurherd was reeds verwyder; ons het geen historiese detail verwyder nie.”

Hoewel sommige gesinne sou kla oor slegs een badkamer, is dit vir die Da Silvas ’n seëning. “Ek dink dit het ons nader aan mekaar gebring,” sê Lara. “Baie grasie, geduld en begrip is nodig in ’n huis met een badkamer en drie jong mense. Plus, dit is beeldskoon.” >>



Die egpaar het die badkamer ontwerp sodat al die nat ruimtes 'n teëlvloer en aanliggende muur het. Vir die res van die vloer het hulle dieselfde parketblokke as in die kombuis gebruik.



Die Dutch Masters-plakpapier is ingevoer en skep 'n treffende fokusmuur. "Ek was nog altyd verlief op hierdie skildery; dis kragtig dog rustig," sê Lara. Haar pa het die pragtige wasbakkas van eikehout gemaak. Lyfprodukte van Ruah



Lara se ateljee was die oorspronklike voorkamer. "Dit was die formele leefvertrek met die beste meubels waar jy die dominee sou ontvang," verduidelik Eugene. Lara het haar onderneming, Field & Press, waar sy blomme pers en raam, in 2022 begin en verkoop haar handwerk as oorspronklike geraamde werke. Haar reeks sluit nou ook skryfbehoeftes en afdrukke in.

Alles in die familie

Namate hulle lewe sy loop geneem het, het Lara se ouers 'n huis naby hulle laat bou. "Tydens die bouprojek het hulle by ons ingetrek. Ons was aan die ontvangkant van my pa, Norman Angel, se talent as kundige skrynwerker," vertel Lara. "Gelukkig het ons 'n groot motorhuis wat hy as werkplek kon gebruik." Hy het die unieke kombuiseiland-en-tafel, die studeerkamer se boekrakke, die wasbakkas en baie van hulle rakke en kaste gebou.

Gevra hoekom hy, as argitek, nie 'n eie gesinshuis ontwerp nie, sê Eugene: "Ek wou nooit iets van myself in 'n huis hê waar ek en Lara woon nie, maar eerder 'n neutrale ruimte. Ek sou nie wou hê dat Lara moet toegee oor sekere kriteria nie. Met 'n opknapprojek het ons die vryheid gehad om saam te werk, saam te besluit oor wat ons verkies en teen ons eie pas te werk." >>




Die huis was oorspronklik die dorp se apteek. Wat nou die hoofslaapkamer is, die vertrek naaste aan die straat, was waar klante sou instap. Toe die deur met 'n venster vervang is, het Eugene daarop aangedring dat die vloerlyste bly soos dit is sodat die historiese "littekens" sigbaar is. Die rakke en biblioteekleer is Lara se pa se handewerk. "Ons het al sy houtwerk met 'n vernis met 'n waterpleks van oliebasis afgewerk sodat die hout nie vergeel nie. Ons vind dat 'n waterbasis die hout se oorspronklike kleur bewaar," sê sy.





“Die swembad is net onder die stoep, wat met planke toegebou was toe ons hier aangekom het,” onthou Lara. “Die bome en struik is meestal inheems, en die voëls is dol daaroor.” 🏡

Die studeerkamer is 'n belangrike vertrek want al drie kinders is tuis onderrig. Lara se pa het die rakke ingebou.
Rusbanke van Sofa Company



VERSKAFFERS EN KONTAKTE Andre du Toit thinkproperly@hotmail.com
 Carin Dorrington carindorrington@gmail.com Eugene da Silva emergingarchitecture.com
 Field & Press fieldandpress.com Mungo mungo.co.za On Tap ontap.co.za
 Queen Bee Soap Co. queenbeessoapco.co.za Ruah ruah.co.za
 Scatterlings from Africa [instagram.com/scatterlingsfromafrica](https://www.instagram.com/scatterlingsfromafrica)
 Sofa Company sofacompany.co.za Three Potters and a Painter threepottersandapainter.com

Een met die aarde

'n Huis hoog bo McGregor is 'n toonbeeld van die argitek-ikoon Gawie Fagan se ontwerpbeginsels van eenvoud en harmonie met die omgewing.

Teks en produksie
Marian van Wyk
Foto's Greg Cox

Dekstoele van
Patio Warehouse;
handdoeke van
Scatterlings
from Africa

Die tien meter lange
ekoswembad skakel harmonieus
by die landelike omgewing
en die argitektuur in.

WIE WOON HIER? Douw Visser en Marié van Niekerk
WAAR McGregor, 150 km oos van Kaapstad
GROOTTE 165 m² (solder en dek uitgesluit)



Die latte-afdak komplementeer die volksboukundige (*vernacular*) argitektuur. "Ons het die dek op die huis se oorspronklike klipstoep onder die bestaande latte-afdak laat bou," vertel Douw. Die tafel is een van twee wat sy pa, Etienne, en broer, Gerrit, van die huis se oorspronklike motorhuisdeure gemaak het. Bloekompale is vir die raamwerk en pote gebruik. Die lamskerms is by straatmouse gekoop.





“**D**ie uitsig, die natuurlike lig, die dubbelvolume-ruimte, en veral die stilte en potensiaal vir 'n swembad ...” Só ryg Douw die attraksies uit van die huis wat hy met sy lewensmaat, Marié, deel op die dorpie McGregor in die skilderagtige Breederiervallei.

“En natuurlik die aandag aan detail van die argitek, wyle Gawie Fagan,” voeg Marié by. Want dié huis is Fagan se moderne interpretasie van Kaaps-Hollandse argitektuur, en staan perfek

noordoos op die ruim erf met 'n asemrowende uitsig oor die dorp en sy kerktering van die stoep af. Eenderse slaapkamervensters met hortjies raam die uitsig na die Langeberge in die verte poskaartmooi.

Dit is die einste Fagan-faktor wat ook die *Tuis*-span se aandag getrek het. Sy reputasie as Modernistiese argitek wat Suid-Afrika se argitektoniese erfenis respekteer, strek immers oor kontinente heen (*sien bl. 48*). >>



Die grasdak bied op van snikhete somerdae tot bibberkoue winternagte uitstekende isolering – termiese gemak is 'n ontwerpelement waaroor die argitek, wyle Gawie Fagan, sterk gevoel het.

Die dubbelvolume-ruimte is een van Douw se gunsteling-ontwerpelemente. Die oopplan-leefkamer front noordoos en lei direk na die dek en onderdakstoep. 'n Trap met 'n swewende voorkoms lei na die soldervertrekke (nie op die foto's nie) waar Douw en Marié woon. Die huis onder word bedryf as gasteverblyf.

Hanglampe van Décor Lighting;
rusbank van Coricraft;
strooikussings van Skinny laMinx;
deken van Mungo



Die oorspronklike kombuis en terracottakleurige vloerteëls is behou. “Ons het net die houtkaste en -plafon wit gevef,” vertel Douw. Deur die vensters is groot rotse te sien wat ’n rol gespeel het in die argitektoniese lyne van die huis aan die agterkant, ’n voorbeeld van hoe Fagan in harmonie met die natuur gewerk het.

Eetkamerstoole van Decofurn; blou vaas van Mr Price Home



Net toe hulle wou moed opgee ...

Vir Douw, wat in die gasvryheidsbedryf werk, en Marié, wat jare lank in Brittanje ’n private kantoorbestuurder was, is die solder hier ’n tydelike woning. Douw se oom, Pieter Schutte, het die eiendom einde 2022 as belegging gekoop en was nou betrokke by die opknapprojek en bou van die swembad. Vandag is hy ’n vennoot terwyl Douw en Marié die huis as ’n retreat of wegbreekplek ontwikkel, en intussen as gasteverblyf verhuur.

“Ons het na so baie plekke op die Wes-Kaapse platteland gekyk, veral in die Klein-Karoo,” vertel Douw. “Net toe ons wou moed opgee, het Pieter van hierdie spesiale huis gehoor.”

Die huis was sonder strukturele of uitlegprobleme, en die strooidak netjies. “Ons het hoofsaaklik verwerk gedoen, en met die oog op ons verhuringsplanne klein veranderinge aangebring, soos om seker te maak elke kamer het ’n en suite-badkamer,” verduidelik Douw.

“Hier voel mens een met die natuur. Jy kan regtig afskakel en ontsnap; dis ’n plek van *disconnect* en *reconnect* ...” mymer hy. “Dis hoekom ons die plek Southuis gedoop het,” verduidelik Marié. “Die algehele gevoel is natuurlik, aards en suiwer; sout van die aarde. Die grootste lekkerte is die rustigheid.” >>

“Die idee om 'n natuurlike swembad te bou was my broer, Gerrit, 'n terapeut, s'n,” sê Douw. Die klank van kabbelende water was vir hom belangrik omdat die huis ook as 'n retreat te huur is.”

Swembadontwerp en -projek deur Lyle Krimchanski van Lentic and Lotic; konstruksie deur CTP Constructions

Water loop in dié verhewe voor na die swembad. “Die lae mure maak die ontwerp sigbaar uit al die ruimtes om die swembad,” sê Lyle.

VERFKLEUR

Dulux Mouse Tail

Douw Visser en Marié van Niekerk

Strooikussings van Skinny laMinx

Die kombuistafel is identies aan die stoep tafel, en al twee is van die oorspronklike motorhuisdeure gemaak.

In die badkamers is die vloerteëls met Quartz Carpet in die kleur Au Natural vervang. Die oorspronklike muurteëls is behou, maar wit geverf met 'n teëlonderlaag gevolg deur Plascon Velvagro.



Glasskerm deur Langeberg Aluminium; handdoek van Scatterlings from Africa; vloeibare seep van Fijn Botanicals

Die drie gastekamers se en suite-badkamers vloei ineen. Wanneer hier gaste is, gebruik hulle die slaapkamers se buitedeure en word die deure tussen die badkamers bloot toegehou vir privaatheid.

Groen handdoek van Scatterlings from Africa; badprodukte van Fijn Botanicals



KENNERSRAAD

Tydlose argitektuur

Hoe gebeur dit dat 'n huis twee dekades nadat dit gebou is, geen ingrypende opknapprojek nodig het nie? Die antwoord lê in 'n argitek met sterk ontwerpbeginsels.

Wyle Gabriël Fagan (1925-2020), alombekend as Gawie, was bekend vir sy respek vir ons volksboukundige argitektuur, en die inspirasie wat hy daaruit geput het. Ná sy heengaan pas die praktyk steeds die agt kernbeginsels toe wat op die webblad gabrielandgwenfagan.com verskyn:



Die verhouding van die gebou met sy omgewing: Die gebou moet só in sy landskap sit dat dit nie om aandag skree nie.

Geen verkwisting: Die doeltreffende gebruik van boumateriaal en ander hulpbronne.

Gepaste en konsekwente afwerking: Voorbeelde hiervan is 'n eenvormige vloer regdeur die huis, of houtwerk in dieselfde houtsoort of -styl as dit kom by kaste en trapelings – alles van materiale wat gepas is vir die omgewing en klimaat.

Die eerlike gebruik van boumateriaal: Sigbare detail, soos die boutte en moere in houtwerk, asook sigbare strukturele elemente soos die houtbalke wat die solder se vloer ondersteun.

Proporsie: Argitektoniese detail soos deure en vensters is in harmonie en balans met die res van die gebou, en met mekaar. Kyk gerus na die elegante ry slaapkamervensters in dié huis (*sien bl. 44*).

Eenvoud: Skoon lyne, geometriese vorms en oop ruimtes met die fokus op funksie eerder as ornamentele detail.

'n Menslike skaal: Proporsies en elemente is in verhouding tot die menslike liggaam. Dit laat 'n gebou knus voel, en nie intimiderend nie.

Plastisiteit (vormbaarheid) en modelleerwerk: Hoe maklik die gebou vryvloeiende vorms aanneem, byvoorbeeld die grasdak hier; en die bou van 'n model van die huis om die ontwerp te toets en verfyn.

BRON gabrielandgwenfagan.com **KONTAK** helena@fagan.co.za 📧



Danksy die noordoostelike oriëntasie is al die slaapkamers soggens sondeurdrenk.

Strooikussing van Mr Price Home


 NETWORK
24


Hou jy van mure wat met 'n saksmeertegniek afgewerk is? Lees in die November 2025-uitgawe hoe jy dit self kan doen, of lees die artikel aanlyn op netwerk24.com/tuis.

Ons wou die dekor
natuurlik en aards hou, met
'n Skandinawiese gevoel. – *Douw*

Die hoofslaapkamer word deur die leefvertrek van die ander drie slaapkamers op grondvlak geskei.

Die bloekomlatraamwerk vir die muskietnet was 'n selfdoenprojek. Die bed se kopstuk is op bestelling deur straatmouse gemaak.

Mat van Coricraft; deken van Mungo



VERSKAFFERS EN KONTAKTE Coricraft coricraft.co.za
 CTP Constructions 083 443 5894 Decofurn decofurnsa.co.za
 Décor Lighting decorlighting.co.za Dulux dulux.co.za
 Fijn Botanicals fijnbotanicals.com
 Langeberg Aluminium langebergaluminium.co.za
 Lentic and Lotic lenticandlotic.co.za
 Mr Price Home mrphome.com Mungo mungo.co.za
 Patio Warehouse patiowarehouse.co.za Plascon plascon.co.za
 Quartz Carpet quartzcarpet.co.za
 Scatterlings from Africa instagram.com/scatterlingsfromafrica
 Skinny laMinx shop.skinnylaminx.com
 Southuis instagram.com/southuis

ONTWERP & WEN JOU DROOMKOMBUIS!

Skryf in vir die **Milestone Kitchens Dream Design**-kompetisie en jy kan die wenner wees van 'n vrystaande eenhede ter waarde van R100 000!

Marié Price van Knysna het vir haar Swedish Style-eeenhede 'n strelende groen palet gekies met daarby werkblaaie van essenhout wat effe donkerder gebeits is.

Afdroogdoek van Mungo

VERFKLEUR

Dulux Forest Fantasy

Het jy al gehoor hoe mense verwys na 2026 as “202FIX”? Wel, vanjaar is die jaar wat jy moet inskryf vir die *Milestone Kitchens Dream Design*-kompetisie, want wie wil nou nie 'n droomkombuis hê nie?

Milestone Kitchens se fantastiese vrystaande eenhede maak dit maklik en haalbaar om 'n nuwe ruimte te ontwerp. En om in te skryf is maklik: Ontwerp bloot jou droomkombuis, lê jou planne voor – en jy kan wen!

Het jy inspirasie nodig? Gaan na milestonekitchens.co.za, klik op “Design Your Own Kitchen” in die afdeling “Get a Quote” en laat waa!

Die leser wat die beste ontwerp en motivering instuur oor waarom 'n kombuis-opkikking met Milestone Kitchens se veelsydige eenhede die perfekte oplossing vir hulle ruimte is, sal R100 000 afslag kry op hulle uiteindelijke bestelling.

SKRYF HIER IN!

Skandeer dié QR-kode met die kamera-app op jou slimfoon om direkte toegang te kry tot milestonekitchens.co.za.



Ek bewonder sedert 2015 al Milestone Kitchens – ek dink die *vrystaan-konsep* is briljant, en die eenhede is so maklik om te installeer. – Marié Price



Moda Vinile Hestia XL-vinielvloer van Italtile;
vensters van Master Glass & Aluminium;
hanglig van PEP Home

Tafel van Decofurn;
stoele van Mr Price Home



DIE MILESTONE-SPANSE ONTWERPWENKE

- **Werkdriehoek** Die stoof, wasbak en yskas is die belangrikste elemente in enige kombuis. Vir gemaklike werkvloei moet niks die beweging tussen hulle belemmer nie. Indien jy 'n aparte opwashoek het, is 'n afspoelbak in jou kookarea 'n goeie idee.
- **Werkareas** Sorg dat daar naby die stoof plek is vir kosbereiding en om bestanddele te bêre. Links of regs van die stoof is ideaal vir pot- en eetgerei, terwyl die muur daarbo perfek is vir 'n maklik bereikbare Milestone Kitchens-speseryrak of -muurkas. Genoeg plek langs die wasbak waar jy vuil skottelgoed kan stapel of skoon skottelgoed kan laat droog drup, is noodsaaklik, tensy jy 'n skottelgoedwasser het. Plaas in dié geval die masjien naby jou wasbak om die loodgieterswerk tot een area te beperk. 'n Werkblad naby die yskas en spenskas is nuttig om kruideniersware uit te pak.
- 'n **Sentrale eiland** met 'n oorhoofse lig is baie gewild in moderne kombuise. As jy genoeg plek daarvoor het, plaas dit naby die stoof en nie te ver van die eetarea nie sodat jy dit kan gebruik vir die bereiding én voorsit van maaltye. Maak wel seker dit maak nie inbreuk op jou werkdriehoek nie.
- **Goeie taakbeligting** is uiters belangrik. En as jy meer vensters kan insit, maak so!
- Dink goed oor **oppervlakke en afwerkings**. Met losstaande kaste kan jy verskillende blaaie meng en pas. Kies byvoorbeeld klip rondom jou opwasbak, hout op jou eiland en vlekvrystaal vir 'n deegtafel.
- Skep **simmetrie** met kleur, vorms en spasiëring. Plaas byvoorbeeld hoë eenhede, soos 'n kruidenierskas en yskas, aan teenoorgestelde kante van 'n muur, met die stoof in die middel.
- As dit by **kleur** kom, is dit wys om 'n palet te kies en daarby te hou. Gebruik sterker kleure om fokuspeunte te skep en neutrale skakerings vir 'n meer eenvormige voorkoms.

SKRYF SÓ IN

- 1 Gaan na milestonekitchens.co.za, klik op Gallery en bekijk dié reekse: **African Allure, French Flair, Swedish Style** en die nuwe **Raw**. Besluit van watter eenhede, verfkleure, oppervlakafwerkings en beitskleure jy hou en teken dit aan.
- 2 Meet die mure, vensters en deure in jou kombuis en dui dit op jou plan aan. Teken die hoogte van die vensters aan, veral indien jy hoë eenhede soos die koffiekas wil gebruik.
- 3 Gebruik die QR-kode links om Milestone Kitchens se aanlyn kombuisbeplanner te navigeer. Jy kan nou lekker rondspeel om jou ontwerp in te vul met die eenhede waarvan jy hou.
- 4 Wanneer jy tevrede is, kan jy jou inskrywing op twee maniere indien:
 - Klik op "Enter Tuis! Home Competition". Hier kan jy inspirasieborde of enige foto's wat jy by jou inskrywing wil insluit, oplaai. **Let wel** Jy kan nie inskryf deur die "Request a Quote"-knoppie te druk nie.
 - Stuur 'n e-pos: Laai eenvoudig jou ontwerp af en heg dit aan 'n e-pos met jou motivering waarom jy 'n losstaande kombuis begeer (hoogstens 150 woorde), en stuur jou inskrywing na redakteur@tuis.co.za.


SLUITINGSDATUM 31 MEI 2026

Algemene notas

- As jy nie gemaklik is met tegnologie nie, is jy welkom om jou kombuisplan met die hand te teken. Die skaal van jou skets hoef nie akkuraat te wees nie, maar jy moet met die werklike mates van jou ruimte werk en seker maak die eenhede wat jy wil hê, sal daarin pas.
- Die Tuis! Home-span kies 'n wenner saam met Milestone Kitchens. Die prys sluit 'n 3D-ontwerp van die weninskrywing deur die multimedia-ontwerper Sam van den Berg in, wat ons in 'n latere uitgawe sal publiseer.
- Die wenner hoef nie hulle oorspronklike kombuisplan te gebruik nie. Dit kan na hartelus aangepas word in samewerking met Milestone Kitchens se ontwerpspan.
- **Onthou!** Al Milestone Kitchens se eenhede kan pasgemaak word om volkome by jou behoeftes te pas.



Milestone Kitchens is trots om Biddulphs International as afleweringsvennoot te hê. Biddulphs sal die wenner se prys op enige plek in Suid-Afrika aflewer, onderhewig aan standaard-diensvoorwaardes. **Let wel: Die wenner se bestelling moet teen 31 Maart 2027 geplaas word.** Sien ons kompetisieëls op bl. 128.



Kombuise

WAT DIE KOPPE LAAT DRAAI

Van ontwerperkombuise tot 'n indrukwekkende selfdoenprojek – kry inspirasie wat by jōu styl pas.

SWART & WIT & HOUT

'n Grafietkleur ultramat lakvernis is op die kaste gebruik, in kombinasie met 'n werkblad, rakke en kabinetvoorkante van nagemaakte eikehout. Sanremo Oak Repro is duursaam en waterbestand, en 'n afwerking wat net soos egte eikehout lyk. Die wit Caesarstone-werkblad is 100 mm dik en anker die oorgroot eiland behoorlik.

Saamgestel deur Beatrice Moore-Nöthnagel

Gaan groot!

Die oorgroot eiland in hierdie kombuis gee nuwe betekenis aan die Engelse uitdrukking “go big or go home” – en ons is gek daaroor! Dis ’n stewige 5 meter lank en 1,2 meter breed. “Omdat daar geen mure is vir eenhede nie, is die eiland verleng tot die volle lengte van die kombuiskaste, wat sorg vir die maksimum pakplek,” verduidelik die argitek Anja Wiehl van DNA Design Solutions op Plettenbergbaai.

“Dié kombuis het ’n prominente posisie op die grondvloer en kyk uit op die eetkamer, met ’n uitsig op ’n patio aan elke kant,” voeg sy by. “Groot vensters links en regs van die kaste aan die agterkant laat die ruimte in natuurlike lig baai én sorg vir lieflike uitsigte.” >>

Kombuis deur James Hart vir Häcker; stoele van Pezula Interiors; hangligte van Glow Lighting; vloerteëls van The Merchant Tiler

VAARTBELYN

’n Lughersirkuleringseenheid in die ruimte bo die stoof op die eiland is ’n slim alternatief vir ’n standaard-suigwaaier wat nie net die vloei in die ruimte sou belemmer nie, maar ook die uitsig na alle kante toe.



HOE GROTER, HOE BETER...

Groot vloerteëls werk wonderlik in groot oopplanleefareas. Groter teëls beteken ook minder voegbrylyne en ’n skoner voorkoms.

UIT DIE OOG

Omdat hierdie ’n oopplanruimte is, is die kaste ontwerp om die opwasplek daaragter weg te steek. Nou is enige deurmeekaarspul mooi buite sig.

KENNERSRAAD

Laat dit werk vir jou



Die argitek Anja Wiehl sê 'n mens moet altyd basiese ergonomika in gedagte hou wanneer jy die uitleg van 'n nuwe kombuis beplan. Hier is haar raad:

- Gerief, doeltreffendheid en maklike gebruik behoort 'n prioriteit te wees – selfs meer as estetika.
 - Terselfdertyd moet jy nie bang wees om die ruimte volgens jou spesifieke behoeftes in te rig nie.
 - Kies afwerkings wat duursaam is en maklik skoongehou kan word sodat jy gerieflik in jou kombuis kan werk.
- KONTAK** dnadesignsolutions.com

Duursame Sanremo Oak Repro is gebruik vir die kasdeure, werkblad, spatmuur en rakke, en sorg vir 'n elegante, naatlose voorkoms.

SKEP KONTRAS

'n Tradisionele vrystaande kas wat swart geverf is, balanseer die vaartbelynde voorkoms van die moderne ingeboude kombuiseenhede.

VERFKLEUR

Dulux Black Cat

INTEGREER IS DIE BESTE GEWEER

Ingeboude oonde langs mekaar sorg vir 'n vloeiende en minimalistiese estetika. >>

REVEGO

Voudeur-sisteme vir multifunksionele ruimtes

Die unieke voutsisteem met volledig geïntegreerde tegnologie laat jou toe om ruimtes oop te maak wanneer jy dit nodig het en weer te verberg wanneer dit nie in gebruik is nie. Ongeag of dit 'n enkel- of dubbeldeur-toepassing is, die volle oorlegfronte verdwyn in 'n toegewyde smal kabinet, die voudeur-bergingkabinet.

Spesifiseer Blum-toebehore wanneer jy jou kaste ontwerp.

087 352 4232

enquiries.bza@blum.com

blum.com



Skandeer
QR-kode:
Ons katalogus



THE AFRICAN
INSTITUTE OF THE
INTERIOR DESIGN
PROFESSIONS



blum

WIE Marc en Mariza Pampe
WAAR 60 km buite Helmeringhausen
in Suid-Namibië

Plat op die aarde

Die Namibiese binnehuisontwerper Heidrun Diekmann het die kontemporêre plaaskombuis van die Nooishof-lodge in die suide van die land ontwerp. Dit is in pas met die eenaars, Marc en Mariza, se filosofie dat die lewe stadig en vreugdevolle moet wees.

“Die narratief is een van dankbaarheid: vir die aarde se oorfloed, vir tyd saam, en vir die diep voeding wat kos en menslike kontak tot gevolg het,” sê Heidrun. “Dit word lieflik geanker deur die muurbehangsels met tuingroente daarop (*oorkant*); dis meer as bloot kuns; dit is die hart van die kombuis. Dit het begin as ’n klein, intieme skildery deur Mariza se ma, Krystyna Tyrowicz, en is ’n ode aan die vreugde om ons eie kos te kweek. Ons het dit laat vergroot en gebruik as dekor. Hierdie persoonlike verwysing word die sentrale, definiërende eienskap van die ruimte.” >>

Vir soortgelyke kleure,
probeer dié van Duram.

Ocean
View

Shell
Creek

VLAE GROEN EN WIT

In die intense hitte en uitgestrekte, mineraalryke landskap van die suidelike deel van Namibië bring die vars wit palet ’n koel, kalm en helder element in, terwyl gedempte vaalgroen aksente sorg vir ’n spatsel kleur. “Ons het gekyk na die vye- en olyfbome, maar ook die geharde kombuistuin,” sê Heidrun. “Dié skakering van groen was ’n versoek wat uit Mariza se hart gekom het, en om haar gunstelingkleur deel te maak van die kombuis was noodsaaklik om seker te maak die ruimte voel op ’n outentieke manier soos haar huis.”

MEER LIG

“My filosofie is om lig net so sorgvuldig in lae te gebruik as teksture en kleure,” sê Heidrun. “Dit sorg vir ’n tapisserie van lig wat kan aanpas by die tyd van die dag en die luim van die oomblik. Diskrete LUD-stroke onder die werkblaaie gooi lig op die laaie, terwyl dié onder die muurgemonteerde rakke helder beligting vir die werkspasie is sonder enige skaduwees.

“Hangligte sorg vir gefokusde taakbeligting bo die eiland, warm skilderyligte laat die kuns uitstaan, en atmosfeerbeligting op die vloer en tafel skep saans saam met die kerse ’n sagte, flikkerende warmte.”

Skilderdoek geskep deur African Sketchbook

Muurlig bo kunswerk van Hoi P'loy; muurligte bo venster en hangligte bo kombuseiland van Koöperasie Stories; kroegstoele van Hope Garden Furniture; teëls van Decobella; gordyntjies onder wasbak van Irresistibles Home Décor



'N BIETJIE HORISONTAAL

Die gebruik van horisontale planke op die eiland is 'n doelbewuste verwysing na die eerlike gebruikstaal van plaashuis-argitektuur. Die lang, ononderbroke lyne is 'n subtiele dog kragtige verwysing na die eidelose horisone van die Namibiese landskap.

HIER WORD GEWERK

Die werkblaaie is geslypte Namibiese graniet. "Dit was 'n fundamentele beginsel om materiale plaaslik te verkry, want dit verbind die binneruimte regstreeks met die geologie van die Sinclair-natuurreservaat waar Nooishof geleë is," sê Heidrun. "Die kleur in die klip is wonderlik prakties en dra daartoe by dat die oppervlak ingeleef en graseus voel sonder dat elke piepklein spikkel of tekens van daaglikse gebruik sigbaar is."

KENNERSRAAD

Stories bo trends, asseblief!

"'n Plaaskombuis moet 'n storie vertel," sê die binnehuis-ontwerper Heidrun Diekmann. "Soek vintage en antieke stukke, gebruik plaaslike stowwe en jou eie versamelgoed."

- Natuurlike mat materiale word met grasia oud, soos soliede hout, geslypte klip, brons en mure wat met kalk afgewit is. Die patina wat mettertyd ontwikkel, is deel van die skoonheid.
- 'n Enkele plafonlig of 'n ry kolligte is die groot vyand van atmosfeer. Gebruik eerder 'n kombinasie van versteekte taakbeligting, treffende hangligte, atmosferiese muurligte en vloer- en tafelligte.

- Maak seker die vloei tussen die tuin, wasbak en stoof is prakties en intuïtief.
 - 'n Groot, sentrale eiland of tafel is lekker vir wanneer familie en vriende byeenkom. Maak dit rateltaai, want wie wil nou die heelyd versigtig wees vir krappe of skade?
 - Verbind die buite- en binnekant met mekaar – met 'n kleur wat deur die tuin geïnspireer is, 'n direkte uitsig op die kruie-akker of deur plaaslike klip te gebruik. Die kombuis moet voel soos 'n verlenging van die landskap, nie soos 'n "geseëld" boks nie.
- KONTAK** [instagram.com/heidrundiiekmaninteriors](https://www.instagram.com/heidrundiiekmaninteriors)

SPENS TOE

Met oop rakke kan lieflike alledaagse items deel word van die dekor – wat die gevoel van die ingeleefde narratief versterk. Wanneer die deur toe is, word die minder estetiese elemente van 'n werkende kombuis verskans.

'N BLINK GEDAGTE

Die lig val pragtig op die geglasuurde voorkoms van die beenkleur vloerteëls wat in 'n visgraatpatroon gelê is, en dit sorg vir 'n subtiële, weerskaatsende dimensie wat 'n kontras vorm met die gladde mat tekstuur van die sementvloer in die hoofarea. “Dit is 'n klein detail wat 'n interessante en gesofistikeerde laag byvoeg sonder om die algehele rustieke eenvoud te bedreig,” sê Heidrun. >>

Kom saam winkels toe!

Saamgestel deur Beatrice Moore-Nöthnagel

Tivoli Sora-
uittrekmengkraan
van vlekvrye staal
R7 999, Italtile

Sambisa-sessitplektafel van
handgekerfde mangohout
R7 500, Mr Price Home

The Cape Creatures-
kombuisvadoeke R350 elk,
African Jacquard

Brolly-
eetkamertafel
(vanaf 1,1 m D;
beskikbaar in
verskeie kleure)
vanaf R16 900,
Dokter and Misses

Humble & Mash-
keramiekbeker
(1,5 liter) met
groen strepe
R499, Yuppiechef

Golden Wizard-glashangligte
aan staaf R3 865, K.Light

Vlootblou gietysterkastrol (26 cm)
R799,99, PEP Home

Strata-
buitekroegstoel
(beskikbaar in
verskeie kleure)
R4 250, Pedersen
+ Lennard

Vadoek
in Dill R320,
Mungo

Slaailepels
R79,99,
PEP Home

Nicolson Russell-
keramiekhouer (950 ml)
met sigsagmotief R299,
Yuppiechef

Eiermandjie (13 cm D) R390,
Babylonstoren




WIE Martina Klopper en Ian Goodes
WAAR Koringberg, Swartland

Dramaties in swart en hout



Martina het dié werkbank sowat tien jaar gelede vir Ian vir sy verjaardag gekoop. Wiele het die hoogte perfek gemaak vir 'n kombuistoonbank, terwyl dit natuurlik makliker rondgeskuif kan word indien nodig.



Die ou poskantoor en algemene handelaar in die hoofstraat van die dorpie Koringberg in die Swartland spog vandag met 'n gesellige en karaktervolle kombuis nadat Ian en Martina die twee geboue saamgevoeg het om hulle droomhuis te skep.

“Die vorige eienaar het die ‘hoofhuis’ gerestoureer en een slaapkamer in 'n kombuis omskep, maar dit was nogal klein,” vertel Martina. “Toe ons die twee geboue verbind, het ons 'n nuwe kombuis en stoep geskep waar die motoroprit was. Die kombuis skakel nou met die ou winkelvoorkamer, wat die vloei verbeter.”

Hoewel hulle van meet af aan geen ingeboude kaste wou hê nie, het die ingeboude rakke teen die agterste muur gevolg as oplossing vir die yskas: Die yskas is in 'n raam “versteek” wat verleng is om ook die wasbakke en -rakke in te sluit. “Ian is 'n baie behendige skrynerwerker en hy het die rakke self ingebou met oregonvloerplanke

wat ons tydens die restourasie uit die solder en ou poskantoor herwin het,” vertel Martina. “Ons het geen kasdeure ingebou nie, want ek wou hê die kombuis moet soos 'n ou winkel lyk en voel. Hoewel onbeplan, bind die rakke vandag die hele kombuis saam.”

'n Verskeidenheid versamelings word hier uitgestal. “Dis van jare se opgaardery: ou koperketels, blompotte, melkbekers, koppies, glase, antieke skale en alles wat jy rondom 'n stoof kan benodig,” sê Martina. “Ons hou ook ons kruie en speserye, tuisgemaakte limoncello en ingelegde olywe op die rakke.

“Omdat ons net een klein koskas het, die Japannese kas (*heel bo links*), moes ons bottels bymekaarmaak vir ons rys, pasta, meel, suiker en dies meer. Die bokse, pakke en sakke op die oop rakke het net te afgeskeep gelyk. Ian het 'n ou speserywinkelier opgespoor en al sy bottels gekoop. Dit was heerlik om die bottels oop te maak en al die speserye uit te ken voor ons hulle uitgespoel het.” >>

5 DINGE WAAROP ONS DOL IS

1 SPIEËLTJIE, SPIEËLTJIE

'n Spieël as “spatplaat” bo die stoof
pleks van teëls laat die kok toe om gaste
agter hom dop te hou, terwyl dit
ook diepte aan die ruimte verleen.

2 SIT'N BIETJIE

'n Ou kantoortafel van oregondennehout
bied ruim sitplek terwyl die spilrug-stoele
'n subtiele moderne gevoel skep.

3 VLOERE

Die sementvloere is met
Woodoc Water-Borne
Floor Clear Matt geseël
vir 'n onopgesmukte
voorkoms.

4

VERF DIT SWART!

Swart dakverf van Duram is as tydelike oplossing vir die mure ingespan om die "ergste lelik" weg te steek terwyl opknappwerk aan die gang was. Ná die kombuis voltooï is, is die donker mure behou omdat dit geborgenheid en intimiteit skep wat jy nie andersins met 'n ligte verfkleur sou kon bewerkstellig nie.

VERFKLEUR

Duram Roofkote Black

5

STAL DIT UIT

'n Groot vertoonkas, 'n tweedehandse vonds van die Saturday Salvage Sidewalk Sale in Vredehoek, Kaapstad, was die eerste meubelstuk wat hulle vir die kombuis gekoop het. Aanvanklik is linne daarin gebêre, maar nou word borde, bakkies, opdienborde, glase en allerlei familie-erfstukke hierin uitgestal.



Elke meubelstuk *het 'n storie*
wat tot sy reg kom in die kombuis.
– Martina

WAAR Vishoek, Kaapse Skiereiland


Ouwêreldse sjarme

Met vintagegroen en ligpienk skakerings plus goue afwerkings en duidelike argitektoniese boë in hierdie kombuis kry 'n mens die gevoel van 'n Mediterreense estetika, hoewel dit ewe tuis is in Vishoek in die Kaapse Skiereiland. Die klimaat hier is immers baie Mediterreens en jy sal vergewe word as jy dink jy's besig om vir 'n vale kos te maak in 'n kombuis op 'n eiland.

Hierdie villa in die laat Arts & Crafts-styl, 'n erfenishuis wat oorspronklik in 1919 gebou is, is in 2025 sorgvuldig gerestoureer en opgeknip; die argitektoniese styl is versterk

deur die ontwikkelaar Craig Watson en sy sakevennote, Adam Lange en Albertyn Smit. Die huis, wat heel gepas Hillside House genoem word, staan op 'n koppie en spog met skouspelagtige uitsigte oor Valsbaai.

Omdat die buitekant in 'n ligter pienk gevef is, is 'n sterker, meer vintage skakering op die eiland gebruik. Saliegroen op die kasdeure, 'n kopknik na die jare veertig, sorg vir 'n kalm, ontspanne estetika. Vergulde rame beklemtoon die erfenis-agtergrond van die huis en gee 'n gevoel van weelde, terwyl die Carrara-marmerblaaie 'n skoon, kontemporêre voorkoms verskaf. >>



Seaway

Peach

Hou jy van hierdie pasgemaakte kleure? Johann Gerber van Medal Paints stel die volgende soortgelyke kleure uit hulle Professional Trade Low Sheen-reeks voor.

“Hierdie kombuis werk so goed omdat klassieke skrynwerk gebalanseer word deur 'n hoogs funksionele uitleg waar ruim werkoppervlakke, 'n sentrale eiland en weldeurdragte pakplek daarvan 'n praktiese ruimte maak wat ook geskik is vir die alledaagse lewe en onthaal,” sê Craig. “Ek is mal oor hoe die saggroen kaste, warm koperkleur detailwerk en onverwagte koraalrooi eiland 'n gelaagde, plesierige palet tot gevolg het wat tydloos maar terselfdertyd ook speels voel. Dit anker die ruimte en laat die kollig val op kleur en vakmanskap.”

Foto's Karl Rogers • Produksie Marian van Wyk

VINTAGE LIGTE

'n Enkele, onopvallende vintage hanglig (*sien linkerkantste bladsy*) hou die voorkoms outentiek, terwyl 'n meer oordadige kandelaar bo die eetkamertafel 'n sterk stelling maak.



'n Versameling kleurrike keramiekware word in oop rakke ten toon gestel – iets wat subtiel kleur verleen aan die kombuis wat oorwegend pienk en groen is.

ONDER DIE BOOG

Boë is tipies van die Mediterreense argitektuur en is oral by die deurgange te sien. Hier word dit herhaal in die dubbele deur na buite.



OP DIE VLOER

Die houtvloerplanke is wit gevef en kikker die ruimte op sodat dit 'n skoon, moderne voorkoms het.

WIE Petro en Fanie Kruger
WAAR Mowbray, Kaapstad

Doen dit self!

Petro en Fanie is gewoonte-opknappers wat hulle selfdoenvaardighede oor jare met allerlei projekte geslyp het. En hulle is wêër waardige winners in ons 2025-*Regruk met flair*-kompetisie. Nadat hulle eers hulle opwasplek getakel het om oefening te kry in lamineer- en teëlwerk (*sien bl. 68*), het hulle 'n paar maande later na die hoofkombuis aanbeweeg. Die ruimte is oopgemaak sodat die eetkamer met die buite-area verbind kon word.

“Ons het houtkaste gekies om die houtelemente elders in die huis te herhaal,” sê Petro. “En 'n groot sentrale eiland as opdien- en bymekaarkomplek was natuurlik 'n moet. Ons het marmerwerkblaaie gekies om 'n stelling te maak.

“Als is self gedoen – van die ontwerp, die soek van die materiaal en bou van die kaste tot die lê van die herwonne parketvloer en die verf van die mure. Ons het selfs die fineerlae op die deure geplak en uitgestryk nadat ons dit in die opwas-kamer geoefen het. Al wat ons nie self gedoen het nie, was die werkblaaie en spieëls in die kroeghoek – dié het ons aan professionele ouens oorgelaat.” >>

Ons is mal daarvoor dat die kombuis *nou*
deel vorm van die leefareas binne én
buite – alles voel baie ruim. – Petro

Die skopplate
komplementeer die
bronsmengkraan en die
muurligte. Die vloer is
geplak en daarna met 'n
industriële skuurmasjien
afgeskuur voordat dit
met drie lae Harlequin
Protect Easy Seal Low
Sheen geseël is.

Bianco Oro-werkblaaie van
Artmar Natural Stone

KENNERSRAAD Plan A, B én C



“Ons begin altyd met ’n inspirasiebord – jy kan maklik jou eie een skep op webwerwe soos Pinterest,” is Petro en Fanie se raad. Hier is ’n paar van hulle top-selfdoenwenke:

- ’n Inspirasiebord (of dan moodboard) help om al jou idees saam te bind. Jy kan daarop ook sien of alles as ’n geheel saamwerk.
- Gebruik jou inspirasiebord om te identifiseer met watter materiale jy wil werk; dit kan oorweldigend word om keuses te maak as daar so baie beskikbare opsies is. Terselfdertyd moet jy oop wees vir alternatiewe, want jy gaan nie altyd jou eerste keuse in die hande kry nie.
- Snuffel rond en kry meer as een kwotasie – jy sal verbaas wees hoe pryse kan verskil van die een plek tot die volgende!
- Doen soveel as moontlik navorsing. Gesels met mense in die bedryf, kyk YouTube-video’s en sorg dat jy goed ingelig is voordat jy die eerste keer ’n selfdoenprojek aandurf.
- Wees geduldig; selfdoen vat langer. Jy moet die werk tussendeur ander verantwoordelikhede inpas, wat anders is as ’n professionele onderneming wat die leisels neem.
- Moenie boedel oorgee as dinge die eerste keer nie uitwerk nie. Leer uit jou foute en probeer weer!



’N TIKKIE HOUT

Etimoe-hout (*Copaifera salikounda*) was die perfekte keuse vir die kaste omdat dit ooreenstem met die skakering van die bestaande houtelemente in die huis. “Vir ons was dit belangrik dat dit nie duidelik moet wees of iets in die huis nuut is of reeds daar was nie,” sê Petro. “Ons hou van afwerkings met ’n middeus-moderne gevoel, en die hout sorg vir presies dit.”

Etimoe van VeneerCraft

MAAK ’N SPATMUUR

Die marmer-spatmuur is 43 cm hoog met ’n oulike rakkie (12 cm diep) daarbo waarop items uitgestal kan word.



’N ONTWERPER-ELEMENT

Die Krugers het die ronde hoeke vir die eiland gekies. “Dit verleen aan die ruimte meer van ’n ontwerper-gevoel en gee ’n unieke voorkoms,” sê Petro. Die eiland van 2,3 x 1,1 meter is die perfekte grootte sodat kos en drankies hier opgedien kan word.



'n Stylvolle opwasplek

Voordat die Krugers die opknapping van hulle hoofkombuis aangepak het (sien bl. 66), het hulle in die opwaskombuis geëf om kaste te bou en lamineer- en teëlwerk te doen. Dié projek het hulle vir ons 2024-*Regruk met flair*-kompetisie ingeskryf en hulle is as naasweners in die selfdoenkategorie gekroon. "Ons het besluit om eers die opwaskamer te doen en uit ons foute te leer voordat ons die kombuis aanpak," sê Petro.

Die egpaar wou die middeuse geskiedenis van hulle huis eer en was baie bewus hiervan voor hulle enige veranderinge aangebring het. Hulle wou ook hê nuwe elemente moet naatloos meng met die oues. "Daarom het ons besluit om te hou by donker hout – om te pas by die oorspronklike skryn- en houtwerk uit die jare vyftig," verduidelik Petro. "Vir 'n prettige element het ons 'n spatsel groen gevoeg by die onderste kaste en, in ware retro-styl, die oppervlak afgewerk met bruin KitKat-teëltjies. Vir die ysterware het ons by brons gehou sodat dit kan pas by wat ons in die badkamers gedoen het."

VERFKLEUR

Plascon
Palm Springs





Bedrukte vadoek
van Skinny laMinx



Gemaak om te pas

Elke oppervlak en item in die opwaskamer is Fanie en Petro se handewerk – dit sluit in die vensterraam wat Fanie self gemaak en geïnstalleer het; die parketvloer wat hulle tweedehands by die ou Ritz-hotel gekoop en self geplak, afgeskuur en geseël het; ook die kaste.

“Ons het heelwat tyd aan die ontwerp bestee om seker te maak dit sal goed werk vir ons gesin,” sê Petro. “Ons kon daarin slaag om al die waskamer-komponente (wasmasjien, tuimeldroër en droograk) in te pas, plus nog ’n skottelgoedarea (wasbak, skottelgoedwasser en ingeboude herwinningsdrom).”

“Ons het ’n uittreklaii gemaak vir hondekos, wat jy van bo af kan uitskep. Die aangrensende muur het hake vir mandjies, vadoeke, winkelsakke en skoolsakke. In die geheel is dit ’n baie praktiese ruimte met hope natuurlike lig en persoonlikheid,” sê Petro.



FINEERLAE

Petro en Fanie het voorheen nog net met soliede hout en melamien gewerk. Dié slag het hulle fineerlae gebruik wat hulle self gelamineer het én hulle het self die kassies gespuitverf – ’n eerste vir die egpaar. “Ons het al teëlwerk gedoen, maar dit was nou die eerste keer dat ons ’n werkblad geteël het,” sê Petro. “Ons was baie senuagtig, maar ons is in ons noppies dat ons deurgedruk het! Soms werp dit vrugte af as jy wegbeweeg van die norm en iets probeer wat uniek en interessant is.” 🏠



VERSKAFFERS EN KONTAKTE African Jacquard africanjacquard.com African Sketchbook africansketchbook.com Artmar Natural Stone artmar.co.za Babylonstoren babylonstoren.com Caesarstone caesarstone.co.za Decobella decobella.co.za Dokter and Misses dokterandmisses.com Dulux dulux.co.za Duram duram.co.za Glow Lighting glowlighting.co.za Harlequin Paint harlequinpaint.com Hoi P'loy hoiploy.com Hope Garden Furniture hopegf.com Irresistibles Home Décor info@ihdnam.com Italtile italtile.co.za James Hart james@hacker-dk.co.za K.Light klight.co.za Koöperasie Stories kooperasiestories.co.za Medal Paints medalpaints.co.za Mr Price Home mrphome.com Mungo mungo.co.za Pedersen + Lennard pedersenlennard.co.za PEP Home pepstores.com Pezula Interiors pezulainteriors.co.za Plascon plascon.co.za Skinny laMinx skinnylaminx.com The Merchant Tiler themerchanttiler.co.za VeneerCraft veneercraft.co.za Yuppiefchef yuppiefchef.com

Moenie dat stukkende karparte jou bankbalans beroof nie

Vertrou die karpart spesialiste met jou voertuig se **verlengde waarborg**, en geniet dekking vir meer as 60 noodsaaklike onderdele.



Aanlyn Kwotasie



 **dotsure.co.za**
Online Insurance. **Name Your Price!**

Bs & Vs geld. Dotsure Beperk (Registrasie nommer 2006/000723/06) is 'n gelisensieerde nie-lewensversekeraar en gemagtigde finansiële diensverskaffer (FDV39925).



Wees voorbereid op onverwagte motorprobleme

Het jy al ooit langs die pad gestaan met 'n stukkende motor en geen idee hoe jy die herstelwerk gaan bekostig nie? Moenie dat dit weer gebeur nie.

Daar is niks erger nie as om 'n vreemde geluid onder die enjinkap te hoor en dadelik te wonder: “Hoeveel gaan dít my kos?” Die lewe is vol verrassings, maar jou motorherstelwerk hoef nie een van hulle te wees nie. Die motorwaarborg van **dotsure.co.za** is die slim, eenvoudige manier om jou te beskerm wanneer daardie onverwagte oomblikke tref.

WAT IS 'N VERLENGDE MOTORWAARBORG?

Anders as diensplanne wat net slytasie-items dek (soos olie en remblokke), tree 'n waarborg in vir groot herstelwerk aan belangrike komponente soos jou enjin, ratkas, turbo, of elektriese parte. Jy is gedek vir meer as 100 meganiese en elektriese parte met **dotsure.co.za**. Hulle bied dekking vir alle handelsmerke en modelle tot 15 jaar en 300 000 km. Vir so min as R269 p.m. word jy beskerm teen 'n groot aantal probleme.

HOEKOM DOTSURE.CO.ZA?

Met **dotsure.co.za** hoef jy nie te stres oor ingewikkelde administrasie of verborge koste nie. Hulle het die eindelose papierwerk uit motorwaarborg gehaal met voordele soos:

- **Blitsvinnige eise:** Gemiddelde uitbetalings binne net 3 dae.
- **Gerief:** Kry 'n kwotasie, koop en dien eise volledig aanlyn in via hul 24/7-kliënte-portaal.
- **Buigsaamheid:** Maand-tot-maand-dekking wat aanpas by jou behoeftes. Jy kan selfs enige tyd op- of afgradeer.

Dink net... 'n Turbofout kan jou meer as R30 000 kos. Met **dotsure.co.za** is daardie stres weg, want jou waarborg help koste dek en kry jou vinnig weer op die pad. Boonop kan jy jou verkose industrie-erkende spesialis of werkswinkel gebruik, met nood-insleepdienste ingesluit vir daardie moeilike dae.

SAGTE LANDING VIR DIE ONVERWAGTE

Met 'n 30-dae-genadeperiode vir gemiste dienste en planne wat spesiaal vir jou opgestel is, bied **dotsure.co.za** vertroue, beheer en gerief. Of dit nou 'n tydreëlband-vervanging of ratkasfout is, hulle help om jou begroting en jou gemoedsrus te beskerm.

Hoekom wag? Kry super-eenvoudige dekking en totale gemoedsrus by **dotsure.co.za**, want wanneer die lewe uitdagings jou kant toe gooi, verdien jy 'n sagte landing.

B's & V's en moontlike uitsluitings mag geld en kan verkry word deur 'n e-pos te stuur aan u2us@dotsure.co.za. Pryse en limiete onderworpe aan verandering. Uitbetalings is onderworpe aan die indiening van 'n geldige eis. Dotsure Bpk. (Registrasienuommer 2006/000723/06) is 'n gelisensieerde nie-lewensversekeraar en gemagtigde finansiële dienste-verskaffer (FDV39925).

 **dotsure.co.za**
Online Insurance. Name Your Price!

FDV39925

In Pretoria *se pronkstraat*

'n Argitekshuis uit die vyftigerjare in Herbert Bakerstraat is in ere herstel danksy uitsonderlike visie – met 'n welverdiende toekenning as beloning.

Deur Haidee Muller-Isaacs • Foto's Christoph Hoffmann
Stilering Amanda van Wyngaardt

Mat van Coricraft; hanglig
van @home; stoele van
Facebook Marketplace

Die oorspronklike agterstoep op 'n laer vlak is toegebou met stapeldeure wat uitloop op die ruim nuwe onthaalstoep (sien bl. 75) aan die een kant en 'n groot nuwe venster in pas met die huis se argitektuur aan die ander kant. Die kaggel is ook nuut. Die geel stoele was 'n tweedehandse kopie en is oorgetrek met kunsleer van Hertex. Karel hou van bokkoppe, soos te sien op verskeie fokuspunte in en om die huis.



32

Die onafgewerkte betondak by die ingang is duursaam. Dit rus op staalbalke met glas tussenin. Die beton is onderhoudvry en komplementeer die bakstene, kleiteëls en houtvloere elders in die huis.



Die ou ingang was baie knap en is vergroot vir gerief. Aanvanklik sou die voordeur blou wees. "Dit was 'n groot skok vir Karel toe ons geel voorstel!" vertel die argitek. Die houtvoordeur is behou en met geel padverf geverf. Die oorspronklike brise soleil-muur regs van die ingang is groenblou geverf en staan treffend uit teen die geel voordeur. Dit bied privaatheid vir die ingang na 'n gaste-eenheid daaragter.


Op sy dag was die huis 'n ware pronkstuk, in die jare vyftig statig ontwerp tot in die fynste besonderheid. Dit was immers die breinkind van wyle Johan de Ridder, destyds een van ons land se voorste argitekte en alombekend vir sy indrukwekkende kerkgeboue. Sy “Kappiekerke” met hul waaivorm, tentstyl-dakoorhange en assosiasie met die Voortrekkerkappie het feitlik onmiddellik volksbesit geword.

Hoewel verwaarloos, het Karel Fouché waardering gehad vir die geskiedenis van die huis in die middeus-moderne styl. En die adres was ook nie te versmaai nie. Pretoria se Herbert Bakerstraat met sy uitsonderlike wit jakarandabome het in 2019 op CNN se lys van die wêreld se mooiste strate gepronsk.

Die 1957-woning se tuinuitsig vanuit al die vertrekke was vir Karel die eintlike trekpleister. “Jy kan regtigwaar die tuin uit elke liewe vertrek ervaar – selfs uit die kombuis,” sê dié geoktrooieerde rekenmeester en dosent by 'n tersiêre instelling in Pretoria. Die vorige eienaar het tot en met haar dood in Maart 2018 – sy was 103! – daar gewoon, vertel hy. Die kooptransaksie is beklank en gesprekke met die voornemende argitek, Inge Wilkinson, het begin.

“Inge se man, Chris, wat ook 'n argitek is, het die brise soleil-muur naby die voordeur een kyk gegee en gesê dis een van die elemente wat behoue móét bly.” In Januarie 2019 is met die projek begin en 'n jaar later, in Januarie 2020, was alles gereed vir die groot intrek.

En ja, die brise soleil-muur is steeds een van die trotse fokuspunte van die opgeknapte huis.



Die kombuis was 'n kleiner, aparte vertrek wat omskep is om naatloos in te skakel by die ander oopplan-leefruimtes.

Kombuiskaste geïnstalleer deur EasyLife Kitchens; spatplaat-teëls van Tile Collage

Dié deur lei na die agtertuintjie en die een gaste-eenheid.

VERFKLEUR
Dulux Shady

KENNERSRAAD

Knap 'n ou argitekshuis op



Goeie beplanning is noodsaaklik voordat jy met jou opknappingsprojek begin, sê Inge, wat al 23 jaar as argitek in Pretoria praktiseer. Hier is haar raad:

- Herwin en hergebruik waar moontlik materiale tydens jou bouproses. Veral as dit 'n geskiedenis het of deur 'n bekende ontwerper is.
- Voeg sinvolle ruimtes by die bestaande struktuur. Dink holisties – wat sal nuttig wees, wat kom kort? – voordat jy begin breek en bou. Herverbeel ruimtes, byvoorbeeld vir 'n studeerhoekie of TV-kamer.
- Die brise soleil-muur is fantasies vir die Suid-Afrikaanse klimaat omdat dit lug en lig deurlaat. Dit bied ook privaatheid en kan aan die sonnige westekant van 'n huis skerp lig filtreer. Die stene kan geverf of in hul natuurlike vorm gelaat word. Klay South Africa maak 'n reeks van dié stene in 'n verskeidenheid patrone, geskik vir binne én buite.
- Dit help om saam met mense te werk wat jou visie deel. Kies jou kontrakteurs hiermee in gedagte.
- As jy sukkel om iets te visualiseer, vra jou argitek vir 'n driedimensionele model van die ruimte voordat jy met die projek begin.

KONTAK inge@soloarchitect.co.za, 084 567 5068

Daardie agterstoep

Die huis se dakoorhange is ruim, getrou aan De Ridder se ontwerpstyl. Die oorhange bied meer as genoeg koelte vir die slaapkamers, wat almal noord front. “Maar dit was oortrek met rankplante; 'n mens kon skaars uitkyk,” onthou Inge.

“Die oorspronklike agterstoep wat op die tuin uitloop is toegebou, 'n groot venster en stapeldeure is geïnstalleer en 'n nuwe buitebraai en kuierplek aangebou – als netjies onder 'n dubbelvolume-afdak, ook met 'n spits. Die sinkplate is vervang, so ook die verrotte plafonne en van die dakkappe. Nuwe isoleermateriaal is geïnstalleer.”

Die ou stoepteëls was nog in 'n perfekte toestand, daarom het Inge en Karel besluit om dit te behou. 'n Nuwe sementstrook verbind die bestaande houtvloer in die huis se sitkamer en die nuwe leefgedeelte met sy binnekagel wat eens die klein agterstoep was.

Een van die kenmerke van huise uit die middel van die vorige eeu is groot staalraamvensters en glashortjies vir ventilasie.

Ná 68 jaar het hortjies in die huis nie meer dig gesluit nie. Met slim beplanning is dit sensitief vervang, en die groot glaspaneel het nou veiligheidsglas wat voldoen aan die nuutste bouregulasies.

Deesdae is die woning 'n moderne kuierhuis, met onder meer twee nuwe en suite-badkamers, 'n studeerruimte en gastekamers – een op die grondvloer langs die huis en die ander op die boonste vloer apart van die huis. Indrukwekkend, maar gesellig – net reg vir hartlike kuiers. Veral op die lieflike agterstoep! >>

Die ruim nuwe stoep onder 'n dubbelvolume-spitsafdak is heerlik koel in die somer. Winters word verder gekuier danksy seile wat aan die kante aangebring is.

Die wande van die nuwe swembad is bedek met kruipevy (*Ficus pumila*) en vorm 'n interessante fokuspunt. Die drie glasvesel-pikkewyne werk goed hier. “Dit lyk soos sement, maar hulle is lekker lig,” sê Karel.

Pikkewyne van Weylandts



Sloop? Nooit gesien

Karel se groot wens was vir 'n ruimer leefgedeelte wat onthaalvriendelik is. Daarom was 'n buite-kuierarea waar tot 30 mense om een tafel op die stoep kan sit, ook 'n prioriteit, verduidelik Inge.

"Dit was 'n interessante projek," sê sy. "Die eiendom was 'n ruk lank in die mark, en daar was heelwat belangstelling, gegewe die ligging. Maar die plek was toegegroei onder rankers, ruie bome, struik en bosse. Die huis het 'n versteekte ingang met 'n soliede houtdeur gehad, onder 'n betonafdak met blou en geel glas en diefwering. Dit was eintlik die ideale geleentheid om die huis te sloop en iets nuuts te ontwikkel."

Maar dit was nie Karel se plan nie. En Inge was dit gou met hom eens.

"Dit was 'n goeie leerkurwe," sê sy. "Die ikoniese karaktertrekke van die huis het ons laat dink dat dit tog die moeite werd is om die struktuur te behou.

"Dit is oorspronklik ontwikkel as 'n spekulasie-huis, dus sonder 'n spesifieke koper in gedagte. 'n Interessante kenmerk van De Ridder se argitektuur, veral met residensiële projekte, is dat die ontwerp relatief eenvoudig maar gesofistikeerd is; ruim maar intiem. En dit was die inspirasie vir die opknappings." 

Die nuwe en suite-badkamer vir die gaste-eenheid op die grondvloer is met 'n bad toegerus.


Vloer, bad en muur bokant bad afgewerk met Deco Floors se Cast in Stone in Silver Grey; res van muur geverf met Plascon Professional Wall Coats Superior Low Sheen in Stone Grey; mat stilis se eie

VERSKAFFERS EN KONTAKTE

@home bash.com Coricraft coricraft.co.za
Deco Floors decofloorssa.co.za
Decofurn decofurnsa.co.za Dulux dulux.co.za
Easylife Kitchens (ELK) easylifekitchens.co.za
Gonk gonk.co.za Hertex hertex.co.za
Klay South Africa klay.co.za
Mr Price Home mrpricehome.com
Plascon plascon.co.za Spazio Lighting spazio.co.za
Tile Collage tilecollage.co.za Volpes volpes.co.za
Weylandts weylandts.co.za

PRYSENSWAARDIG

Vir die opknappwerk aan Huis Fouché het SOLOarchitect, Inge se argiteksfirma, in 2021 'n merietetoekenning van die Pretoriase Instituut vir Argitektuur ontvang. "Vanaf 2011 tot 2012 was ek ook betrokke by die restaurasie van 'n huis in Gezina in Pretoria wat De Ridder in 1958 ontwerp het. Die huis het ook al die kenmerke van sy ontwerpstyl bevat: vinielteëls en blokkiesvloere, geel en blou getekstureerde semi-deursigtige glas. Daar was ook vloer-tot-plafon-staalrame met groot glaspaneel en glashortjievensters vir ventilasie. Karel het die projek toevallig raakgesien in 'n uitgawe van *House and Leisure* 'n dekade gelede." En hier pronsy eie huis nou in *Tuis!*



Die slaapkamer in die gaste-eenheid agter die brise soleil-muur was eens 'n buitekamer. Die bed het 'n halfmaan-“kopstuk” gekry danksy 'n laag verf.

Geblomde duvetstel en pienk kombers van Volpes; wit kombers en strooikussings van Mr Price Home; bedkassie van Decofurn; keramiekware fotograaf s'n



Die slaapkamer in die nuut aangeboude gaste-eenheid op die boonste verdieping. 'n Buitetrap lei daarheen.

Bedkopstuk, kombers met geometriese patroon en strooikussings van Mr Price Home; hanglig van Spazio Lighting



Die boonste gaste-eenheid het dié gekurfde en suite-stort gekry. “Dit was Inge se idee. Die oop stort is ekonomies omdat stortglas duur is. Sy het dit ontwerp om goed te dreineer en nie te spat of mors nie,” sê Karel.

Stort afgewerk met Deco Floors se Cast in Stone in Silver Grey

Die skildery deur Olaf Bisschoff was 'n geskenk van Karel se broer.

Vaas van Gonk

VERFKLEUR

Dulux Hawaiian Blue 2



Die weners van 2025 se *Regruk met flair*-kompetisie in samewerking met Gelmar het een ding in gemeen: Hulle weet hoe om in gerief én styl te leef.

HIER'S DIE BESTES!

DIE PRYSE

Die **wenner** in elke kategorie ontvang **R30 000**.

Die **naaswenner** in elke kategorie ontvang **R10 000**.

Ons het die nuwe jaar op 'n hoë noot begin met die finale beoordeling van ons jaarlikse *Regruk met flair*-kompetisie. Die inspirasie, die verbeelding en die vaardige uitvoering wat onder die 2025-deelnemers te sien was, was net uit die boonste rak!

Die *Tuis*-span het omtrent 'n moeilike taak gehad – die mededinging was straf en die debatte intens ...

Hierdie kompetisie, aangebied in samewerking met Gelmar, het net weer bewys dat *Tuis* se lesers besonderse mense is. Hier is die weners en naasweners in al drie kategorieë, met as heerlike voorsmaak die heel eerste foto's! Wees op die uitkyk vir die volledige projekte wat in toekomstige uitgawes van jou gunsteling-huis-en-tuintydskrif sal verskyn.

Geniet dit!

SELF GEDOEN

WENNERS

WIE Petro en Fanie Kruger
WAAR Kaapstad
WAT Kombuis

Dié egpaar sal enige selfdoen-entoesias inspireer – hulle het alles gedoen van kaste bou tot die lê van herwonne parketvloere.

Lees meer oor hulle projek in ons kombuisartikel op bl. 66.



NAASWENNER

WIE Chris von Wielligh
WAAR Paarl
WAT Buite-area

Wat eens 'n afskeep-agterplaas was, is nou 'n lieflike onthaalplek, kompleet met 'n buitekombuis.

O, SO MOOI!

WENNER

WIE Inance van der Merwe
WAAR Kroonstad
WAT Hele huis



Voorheen was dit 'n vervalle ou plaashuis uit die jare vyftig, maar dit is getransformeer tot 'n liggevuide toevlugoord wat 'n viering is van eenvoud, tekstuur en 'n verbintenis met die natuur.

REGRUK MET FLAIR 2025

NAASWENNERS

WIE Kendal en Justin Prins
WAAR Kaapstad
WAT Die hele huis



'n Effens moeë dorps huis is verander in 'n kontemporêre tuiste, perfek geskik vir 'n jong paartjie en hulle geliefde hond.

Gaan kyk aanlyn hoe lyk die volledige huis soos ons dit in ons Februarie 2026-uitgawe gewys het.

NETWERK
24

BUIE DIE BOKS

WENNERS

WIE Cenette en Stéfán
Koekemoer
WAAR Somerset-Wes
WAT Badkamer



Dié geïnspireerde paartjie het 'n verlate ou skoolgebou gekoop en is nou stadig maar seker besig om dit in 'n tuiste vir hulleself te verander.

NAASWENNER

WIE Yentl Bruwer
WAAR Robertson
WAT Woonwa



'n Jurgens Manjefiek-woonwa van 1984 is omskep in 'n dromerige klein huis-op-wiele. 🏠



Vra die kenners

Saamgestel deur Beatrice Moore-Nöthnagel

Op soek na kussings wat 'n stylstelling maak of idees vir speelse en onvoorspelbare dekor? *Vra net – ons kry die antwoorde.*



Ontmoet die ontwerper

Dis 'n evolusie!

Klassieke, moeitlose elegansie is 'n goeie beskrywing vir die ontwerpe van Evolution Product, wat linne-strooikussings en -muurpaneel maak wat erfenisstukke kan word. Die handelsmerk, wat Amanda du Plessis 15 jaar gelede gestig het, kom konsekwent vorendag met ontwerpe wat 'n gesprekspunt kan word eerder as om bloot funksioneel te wees.

“Ons blaas lewe in ons ontwerpe met behulp van niegiftige pigmentdrukwerk en borduurwerk, asook deur ons lap met die hand te kleur en nou saam te werk met Suid-Afrikaanse wewerye, fabrieke en handwerkers,” sê Amanda. “Elke stuk word met die hand afgewerk – van die kleurproses tot die finale afronding wat in ons ateljee gedoen word.”

Ou foto's, handgeskrewe briewe en plantmateriaal maak dikwels deel uit van die ontwerpproses sodat elke stuk 'n persoonlike storie vertel en nie bloot modegiere navolg nie. Elke ontwerp word soos 'n kunswerk benader – altyd met 'n spesifieke doel. Buiten kussings en muurbehangsels is daar ook vadoeke, dekens en, onlangs in samewerking met MONN, matte, wat voortborduur op die tasbare stories wat die handelsmerk in elke huis vertel.



V&A MET AMANDA

- 1 Hoekom natuurlike drukwerk en ontwerpe?**
Hierdie motiewe bring hulde aan ons erfenis. Dit weerspieël herinneringe aan landskappe, die Karoo, fynbos, inheemse handwerk en die kuns om die storie van 'n plek te vertel. Ons skep graag interieurs wat as diep persoonlik en tasbaar emosioneel ervaar word, en jaag nie vlietende giere na nie.
- 2 Met watter kleure werk jy die graagste?**
Ons palet word nog altyd deur die natuur geïnspireer. Ons kenmerkende kleure is onder meer groen, groenblou, roeskleur, antieke rooi, oker en sagte blou – skakerings wat met grasia oud word en maklik in lae gekombineer kan word.
- 3 Hoe stiler mens Evolution Product se mooigoed in 'n huis?**
 - **Plaas stukke wat 'n storie vertel prominent** 'n Enkele handgemaakte tekstiel kan 'n vertrek se emosionele anker word.
 - **Besin oor proporsie** Oorgroot kussings, dekens en muurpaneel kan selfs die eenvoudigste ruimte dadelik trefkrag gee.
 - **Meng oud en nuut** Gebruik erfenisstukke – hetsy antieke meubels, ou familiestukke of handgemaakte objekte – saam met kontemporêre ontwerp vir 'n ingeleefde, outentieke tuiste.
- 4 Wat is die waarde van gehalte-linne?**
Linne word oor die jare net mooier. Dis lekker om te sien hoe kliënte ons stukke oor jare versamel en laag op laag 'n visuele storie bou van hulle eie geskiedenis en veranderende smaak.
- 5 Watter van jou produkte is 'n persoonlike gunsteling?**
Ons nuutste reeks, Call of the Karoo, is vir my diep spesiaal. My gunstelingkussing is Bella se Diertjies (*heel regs bo*). Dit is geïnspireer deur my geliefde ma, wat in November 90 geword het. Sy is my grootste kreatiewe invloed, en die ontwerp vang haar unieke styl en liefde vir stories vertel vas.

KONTAK evolutionproduct.co.za

Verf ou houtvloere

Jalmé Steenkamp van Calvinia skryf My plaashuis is ongeveer 75 jaar oud en ek wil graag die gepoleerde meranti-vloere verf. Hoe kry ek die voorkoms soos op bl. 14 en 21 van die Junie/Julie 2025-uitgawe?



Frikkie Greeff, besturende direkteur van Woodoc, antwoord Dis beslis moontlik om hierdie voorkoms te kry, maar besin eers of dit die moeite werd is. Neem die volgende in ag:

Politoer is oor baie jare heen aangewend, en dit moet eers heeltemal verwyder word. Daarna sal kragtige skuurwerk nodig wees om die vernis te verwyder. Die vloer is reeds 75 jaar oud en is waarskynlik al telkemale afgeskuur. Dis moeilik om te sê hoeveel "lewens" dit oor het voor die planke te dun en onveilig raak. Dis hoekom ek twee keer sou dink voor ek sou aanbeveel dat die vloer geverf word.

Sou jy besluit om voort te gaan, kan jy die volgende stappe volg:

- 1 Skrop die oppervlak goed met staalwol wat jy met mineraalterpentyn klam gemaak het om al die politoer te verwyder.
- 2 Sodra die vloer deeglik skoon is, kan jy dit met 'n industriële skuurder skuur totdat die rou hout sigbaar is.
- 3 Ná die skuurwerk, vee die vloer deeglik skoon met 'n lap en mineraalterpentyn.
- 4 Wend drie lae Woodoc 25 Polyurethane Floor Sealer in Matt, Clear aan waarby Woodoc Stain Concentrate in die kleur Ebony gevoeg is. Hierdie afwerking sal steeds die grein van die hout mooi laat vertoon en dit nie ondeursigtig (solied) swart laat vertoon nie. Dis belangrik dat jy die instruksies vir die aanwending en meng op die verpakking noukeurig volg.

KONTAK woodoc.com >>

Foto Greg Cox/Bureauux
Produksie Sven Alberding/Bureauux





Stilis se wenke

Speels & onvoorspelbaar

Wanneer die *Tuis*-span na huise kyk vir ons artikels, is daar 'n onmiskenbare lekkerte aan ruimtes wat propvol kleur, 'n tikkie verbeelding en onverwagte elemente is. Ons kreatiewe redakteur, Marian van Wyk, deel haar wenke om jou huis met ongewone en kleurvolle dekorstukke te vul.

Kies kuns met persoonlikheid Al jou kuns hoef nie 'n belegging te wees nie. Kies werke wat jou laat glimlag: 'n vintage plakkaat, jou kinders se sketse of 'n surrealistiese landskap uit 'n tweedehands-winkel. Op 'n galerymuur in Mynhardt Joubert en Ian Engelmohr se kleurvolle huis hang keramiekborde deur Ian en kuns deur bekende en minder bekende kunstenaars saam (*links bo*).

Gebruik kleur op onverwagte plekke Dink verder as lap en tradisionele kuns. 'n Sterk kleur waar jy dit die minste verwag, soos hierdie prettige plakpapier in 'n badkamer deur Ivy Décor & Design, maak jou dekor speels en onvoorspelbaar (*regs bo*). Jy kan ook die binnekant van 'n boekrak sonskyngel verf, of 'n helderrooi koelkas vir 'n neutrale kombuis kies.

Besin oor die agtergrond Mure wat in subtiele skakerings geveer is, skep 'n rustige agtergrond wat dekorstukke in helder kleure trefkrag gee, soos in Kate Malan se Gqeberha-huis (*links onder*). Dit skep 'n balans in die algehele voorkoms sodat die ongewone stukke gesofistikeerd eerder as chaoties lyk. Aan die teenoorgestelde kant van hierdie spektrum is kleurendrenking ("colour drenching"), waar dieselfde kleur ononderbroke gebruik word, soos in Mynhardt Joubert en Ian Engelmohr se Paarl-huis (*links bo*). Dit is nog 'n manier om 'n unieke interieur met 'n samehorige gevoel te skep.

Kies 'n kenmerkende dekorstuk Plaas een stuk wat 'n stylstelling maak prominent, soos dié mosterdgeel bankie in Rebecca en Bruce Meissner se andersins neutrale sitkamer (*regs onder*). So 'n meubelstuk uit die middel van die vorige eeu het trefkrag, skep atmosfeer en dui die rigting aan vir die vertrek se palet en styl.

Meng, moenie pas nie Speelse dekor gaan oor ongewone kombinasies, soos om 'n vintage stoel in 'n helder bedrukte lap te stoffeer. Moenie huiwer om geometriese en blommotiewe, of strepe en polkakolle, te kombineer nie. Die geheim is om samehorige kleure te gebruik. Kies motiewe wat minstens een of twee skakerings gemeen het, sodat daar harmonie in die verskeidenheid is.

Nuttig én prettig Funksionele artikels kan ook prettig wees, soos 'n konsoletafel met neonpienk pote in die ingangsportaal (*links onder*), 'n boekrak in die vorm van 'n boom, of 'n muurhorlosie in die vorm van 'n kat. Sulke stukke helder jou daaglikse roetine op en kom tot die redding wanneer gaste se gesprekke opdroog!

Moenie die sintuie oorweldig nie Dit is my dekorleuse, saam met "weet wanneer jy moet stop". Sterk dekorstukke moet staan waar dit trefkrag kan hê, maar terselfdertyd het jou oë plekke nodig waar dit kan "rus". Dis waar 'n onversierde muur of 'n rusbank in 'n soliede kleur in die dekorprentjie kom. 🏠



Verseël binne- en buitemure vinnig en maklik met SpraySeal.

Verseël siersteen, messelwerk en sementoppervlakke sonder om die voorkoms te verander.

**Dit is nie nodig om dit weer aan te wend nie.
Doeltreffend ná een toediening.**






E-pos vrae na troeteldiere@tuis.co.za.

Diere- maniere

Saamgestel deur Beatrice Moore-Nöthnagel



Haar Hoogheid

Emma die Abessiniese
kat is enig in haar
soort. – Elize Visser,
Worcester

*Kyk my
in die oë*



Snuf in die neus ...

Cody kan nie genoeg
kry van die strand nie!
– Kellie van der Merwe,
Darling



Kyk my stola

Girly dra die kroon in
haar koninkryk.
– Annelize Malan,
Durbanville



My mooiste blom!

Hazel smelt weg tussen die blommotiewe.
– Dalene Bezuidenhout, Somerset-Wes



Die drie musketiers

Coco, Loki en Sunny kan nie wag om te gaan stap nie.
– Carey-Anne du Plessis, Somerset-Wes

Hasie Doekvoet

Charlie Brown wonder of die blommetjies darem lekker ruik ook ...

– Beth Dunstone,
KwaZulu-Natal



WEN! Elkeen van die eienaars wie se troeteldiere op dié bladsye verskyn, wen 'n geskenkbewys van R500 van Petshop Science (petshopscience.co.za). Dis baie belangrik dat jou troeteldiere altyd toegang tot skoon, vars drinkwater het. Behoorlike hidrasie help om hulle liggaamstemperatuur te reguleer, dit bevorder gesonde nierfunksie en spysvertering en gee boonop hulle energievlakke 'n hupstoot.

Die outomatiese Daro-troeteldierwaterfontein (1,5 liter, R499,99) is spesiaal ontwerp vir kleiner katte en honde en hou hulle water koel en vars sonder dat jy dit gedurig moet aanvul. Of probeer die BNETA-waterfontein (R849,99) wat aangedryf word deur 'n ingeboude litiumbattery wat tot 90 dae hou voordat dit herlaai moet word, dus nog iets waaroor jy jou nie hoef te kwel nie. Moet ook nie van hulle water vergeet wanneer julle op die pad is nie: Die Daro-waterbottel vir troeteldiere op reis (500 ml, R249,99) het 'n ingeboude tuit sodat jou dier gerieflik toegang tot water het sonder dat jy 'n aparte waterbak hoef saam te piekel. Die produkte is beskikbaar by Petshop Science-winkels landwyd of deur [Sixty60](#).

Stuur jou foto's (minstens 2 MB elk) na troeteldiere@tuis.co.za en sluit jou kontakbesonderhede in. Jy kan ook 'n wenner wees! Kompetisiereëls op bl. 128.



V&A

Troeteldiere en hondsdoelheid

Zanelle Grobler van Polokwane skryf Moet ek bekommerd wees oor die uitbreking van hondsdoelheid in Limpopo, en hoe raak dit my hond?



Dr. Tarryn Dent van Zoetis Suid-Afrika antwoord

Ja, die Nasionale Instituut vir Oordraagbare Siektes (NIOS) het gevra vir 'n verhoogde bewustheid en voorkomende optrede teen

hondsdoelheid, nie net in Limpopo nie, maar in die meeste ander provinsies ook.

Daar is geen kuur vir hondsdoelheid by diere nie, en daarom is voorkoming so belangrik. Tragies lei die siekte byna altyd tot die dood.

Wat is dit? Hondsdoelheid is 'n virus wat enige warmbloedige dier – ook troeteldiere en mense – kan besmet. Dit word oorgedra deur die speeksel van 'n besmette dier, gewoonlik deur 'n bytwond. Die virus vind sy weg na die brein deur die senuwees. Hier veroorsaak dit inflammasie, wat lei tot verskillende simptome en uiteindelik die dood.

Geen kuur nie Die skrikwekkende ding van hondsdoelheid is dat daar steeds geen kuur is vir die virus nie. As jou troeteldiere besmet word, gaan hulle uitgesit moet word. Dit word gedoen om te keer dat hulle ander diere of mense besmet, maar hulle word ook die pyn en lyding van die latere stadiums van die siekte gespaar.

Beskerm jou diere Ingevolge die Wet op Dieresiektes moet alle honde en katte in Suid-Afrika teen hondsdoelheid ingeënt word.

Jou troeteldiere sal hulle eerste inspuiting as 'n jong dier kry, maar daarna móét hulle verdere aanvullende inentings kry. As jy nie seker is of jou diere se inentings op datum is nie, vra jou veearts; hulle behoort 'n rekord daarvan te hê. As jou dier 'n inentingskaart het, behoort dit ook daarop aangeteken te wees. Vra jou veearts watter skedule vir jou spesifieke gebied geld.

Hou troeteldiere weg van wilde soogdiere in jou omgewing wat dalk besmet is (soos jakkalse, muishonde, bakoorkakkalse en meer onlangs Kaapse pelsrobbe) en vermy kontak met onbekende honde en katte. Katte wat lief is vir jag, het 'n hoër risiko om met 'n besmette wilde dier in aanraking te kom – net nog 'n rede waarom inenting so belangrik is.

ONTHOU!

- As jou troeteldier gebyt of gekrap word, neem hulle so gou moontlik na 'n veearts toe.
- As 'n mens gebyt of gekrap word, was die wond dadelik vir minstens 15 minute met seep en lopende water, en kry dadelik mediese hulp vir post-hondsdoelheid-voorbehoeding, ook bekend as PEP (*post-exposure prophylaxis*). 🏠

KONTAK zoetis.co.za



Tuin- dagboek

Saamgestel deur: Gillian Eva
Foto's verskaf

Herfs se openingstoneel

Elke seisoen bring sy eie 'vermaak' – met die koeler weer in herfs wat net die regte tyd is om jou tuin reg te maak vir sy volgende vertoning.

Verfris die deklaag
(links) in al jou
beddings, en maak
saad bymekaar vir die
volgende groeiseisoen.

BEDRYF 1: *Verfris*

TONEEL 1: Mooimaaksessies vir mooë beddings. Verwyder dooie somerjaarplante en gooi dit op die komposhoop. As jy enige siektes aan die plante sien, gooi dit eerder in vullissakke en laat dit of heeltemal afbreek of laat dit wegy.

TONEEL 2: Snoei slordige meerjariges en oorgroeide struik terug. Sodoende kry jy meer lig in die ruimte en alles lyk net netjieser. Maar moenie álles terugsnou nie. Los 'n paar saadpeule waaraan die voëls kan peusel.

TONEEL 3: Vul deklae aan. Deel van jou opknapwerk in die tuin is om 'n nuwe laag organiese materiaal as 'n deklaag te strooi. Hark enige bestaande deklaagmateriaal in die grond in om as voeding te dien, en gooi dan 'n vars laag oor die tuinbeddings. Kompos is 'n uitstekende deklaag wat ook die grond voed. Nie-organiese deklae soos spoelklippe het dalk in die loop van die seisoen geskuif en lyk dan onnet. Lig en spuit hulle behoorlik met 'n tuinslang af voor jy enige gate in die materiaalvoering regmaak en klippe vervang waar nodig. Hierdie is 'n maklike taak met paadjies. In beddings moet jy enige gemors en onkruid uithark voor jy 'n nuwe laag klippe neerlê – bly net weg van plantstee af.

TONEEL 4: Gaan besproeiingstoerusting na. Inspekteer jou outomatiese besproeiingstelsel, watertenks, tuinslange en verwante toerusting en vervang enige dele wat nie meer werk nie.

Herfs is 'n baie
goeie tyd om 'n
boom te plant.



Salie

Petunia






Daglelie



Dit is nou die tyd om meerjariges soos agapante te verdeel.



Maak speelklippe skoon en herrangskik hulle as hulle onnet is.



Bly op die hoogte van jou tuin se vordering met die *Tuis-dagboek*, beskikbaar by media24shop.com.



Verwyder jaarplante wat verby hulle fleur is.

BEDRYF 2: *Bêre en vermeerder*

TONEEL 1: Versamel sade. Hou saad van enige plante wat jy weer volgende jaar wil kweek. 'n Tuindagboek (probeer gerus die *Tuis-dagboek*!) help baie wanneer jy plant, en boonop kan jy sien wat goed gevaar het. Droog sade deur die stiele met die saadkoppe af te sny en dit saam te bind. Plaas die saadkoppe in 'n kardoessak en hang dit onderstebo. Merk alles behoorlik met soveel as moontlik inligting, ook waar om dit te plant.

TONEEL 2: Vermeerder. Herfs is 'n goeie tyd om plante te verdeel om nuwes te maak of om steggies te sny wat jy in die lente kan uitplant. Baie meerjariges, soos agapante, daglelies, aronskelke, wilde-irisse en ornamentele grasse is goeie kandidate vir verdeling. Gebruik 'n tuinvurk om 'n klos uit te spit en trek dan die verskillende dele van die plant by die wortels uitmekaar. Maak dit mooi skoon, sny ou wortels af en knip die res van die wortels korter. Sny die blare ongeveer 8-15 cm bo die basis van die plant af en herplant dit in vars grond met kompos, beenmeel en 'n algemene stadigrystellende kunsmis daarby. Maak dit goed nat.

TONEEL 3: Tel ou blare op. Blare wat afval, is gratis kos vir die tuin. Gooi dit bloot in swart vullissakke om 'n blaarmolm te maak of sprei dit op die grasperk uit en stoot die grassnyer daaroor om blaarstukkies te kry wat jy as 'n deklaag in tuinbeddings kan gebruik. Jy kan dit ook op die komposhoop gooi.

BEDRYF 3: *Plant*

TONEEL 1: Verryk en voed. Verryk die grond met kompos en gee vir plante 'n gebalanseerde voeding wat wortelgroei bevorder. Maak seker jou plante het geen mineraaltekorte of geel blare nie. Kyk ook dat daar geen peste en siektes is nie. Hoor by kenners by jou naaste tuinsentrum wat die regte behandeling is.

TONEEL 2: Hervul plantpote. Herfs is 'n goeie verskoning om nuwe plante te koop. Vrugtebome soos vy, suurlemoen en kalamondin werk uitstekend as 'n enkele spesie in 'n groot pot. Vir gemengde potte is daar talle jaarplante waarmee jy mooi houters kan vul of wat as vullers by meerjariges gebruik kan word. Soek vir saailinge soos feetjieprimulas (*Primula malacoides*), ridderspore, gesiggies, petunias, *Bidens* en nog vele ander.

TONEEL 3: Plant 'n boom. Herfs is 'n uitstekende tyd om bome te plant omdat hulle dan kans kry om hulle voete te vind voor die winter en gereed kan wees vir sterk groei wanneer die lente aanbreek. Maak 'n gat wat twee keer so groot en diep is as die wortelbol. Meng lekker baie kompos plus 'n algemene kunsmis en 'n bietjie beenmeel of superfosfaat by die bogrond in, en plaas die plant in die gat sodat dit net so diep staan as in die plantsak. Gooi die grondmengsel terug en trap dit goed vas om van enige lug ontslae te raak. Maak 'n walletjie om die boom sodat water rondom die stam kan opdam en by die wortels uitkom. >>



Kopie verskaf deur Life is a Garden; besoek lifeisagarden.co.za vir meer, of volg hulle op Facebook en Instagram: [lifeisagardens](https://www.instagram.com/lifeisagardens)

Kool 'Baby Red'

Krulkool 'Dinosaur'

Suikerertjies
'Oregon
Sugar Pod'

Beet
'Red and Gold'

Kweek jou eie!

Begin 'n kostuin

'n Kostuin kan enige grootte wees – van 'n groot stuk van die agterplaas tot 'n piepklein lappie grond of net 'n klompie potte. Die belangrikste is dat jy met 'n doel plant, jou plek kreatief benut en groente kies wat die beste oes oplewer.

DAAR IS DRIE BASIESE BEGINSELS VIR DIE SKEP VAN 'N KOSTUIN:

- Begin klein en saai net groente wat jou gesin graag eet.
- Soek 'n gelyk plek wat baie sonlig kry en so na as moontlik aan die kombuis is.
- Begin op die vrugbaarste grond en maak beddings 'n meter breed sodat jy by al jou groente kan uitkom.

Maart en April is goeie saaijare vir herfs- en wintergroente. Saai so gou moontlik sodat die plante goed gevestig is teen die tyd dat die koue toeslaan. Groente soos blaarslaai, wortels en beet hou van koeler herfswere, terwyl krulkool, spinasie, babakool en suikerertjies bestand is teen koue. Plant groente saam met aromatiese kruie wat nie net peste weghou nie, maar ook gesonde groei aanmoedig. Jy hoef dan ook minder giftige insekdoder te gebruik. Dié beginsel staan bekend as plantasmaats.

• **Beet 'Red and Gold'** is 'n herfs- en wintergewas, en die soet beet is heerlik as jy dit rooster. Beet verkies ligte, fyn grond wat goed dreineer – dit hoef nie te veel bewerk te word nie; jy kan dit bloot omspit, die kluite opbreek en dit dan gelyk maak. Moenie mis gebruik nie omdat dit gesplete wortels veroorsaak. **Plantasmaat:** gousblomme.

• **Kool 'Baby Red' en 'Baby Green'** is kompakte kool wat 'n ferm ronde kop vorm met 'n soeter smaak as groter kool, en is binne 55-65 dae reg om te oes. Kweek dit in volson en plant kappertjies rondom as lokval vir plantluise. Sodra jy luise op die kappertjies sien, trek dit uit en gooi dit weg.

Plantasmaats: kappertjies en mosterd.

• **Krulkool 'Dinosaur'** het 'n matiger smaak as ander krulkool. Dit vorm van die basis af lang, smal geriffelde blare. Oes die blare wanneer dit 30 cm lank is. Plant dit in volson, in vrugbare grond wat goed dreineer of in 'n groot pot. Plant die saailinge 50 cm uit mekaar – onthou, die plante kan tot 90 cm hoog én breed word. Krulkool is baie voedsaam – kook dit soos spinasie en voeg dit by bredies. **Plantasmaat:** pietersielie.

• **Spinasie 'Swiss Chard Mixed'** met hulle rooi, oranje, geel en wit eetbare stiele sorg vir kleur in die tuin. Dié groente het geen fiemies nie en neem ook nie baie plek op nie. Dit het in die winter volson nodig en vrugbare grond. Vir 'n deurlopende oes moet jy gereeld voeding toedien, selfs in die winter. **Plantasmaats:** grasuie en koljander.

• **Blaarslaai** floreer in koeler weer, maar in die wintermaande moet dit teen ryp beskerm word. **'Salad Mixed'** het groen en rooi losblaar-variëteite in die saadpakkie, terwyl **'Saladin'** 'n kop vorm met bros soet blare wat dikwels sagter is as dié van icebergsaai. Saai die saad in saadbakkies en plant die saailinge uit sodra dit groot genoeg is om te hanteer. **Plantasmaat:** kappertjies.

• **Suikerertjie 'Oregon Sugar Pod'** is 'n soet ertjie met lang, vlesige peule. Oes hulle jonk en kook hulle heel. Ertjies is propvol antioksidante en anti-inflammatoriese voedingstowwe soos vitamien C en E. Saai die saad in vrugbare grond wat diep omgespit is en goed dreineer. Dié rank-ertjie moet opgelei word teen traliewerk of 'n obelisk. **Plantasmaats:** sprietui en radyse.



As jou plek beperk is, is daar talle groentesoorte wat suksesvol in plantbokse gekweek kan word.

SAAI DIÉ GROENTE NOU

Somerreënvalgebiede Beet, blaarslaai, preie, radyse, spinasiebeet, uie, wortels.

Winterreënvalgebiede Beet, blaarslaai, seldery, wortels.

Subtropiese gebiede Beet, boontjies, eiervrug, radyse, seldery, soetrissie, spinasiebeet, tamatie, uie, wortels.

TAKE IN DIE KOSTUIN

- Lei die tuin in warm, droë weer vroeg soggens nat.
- Bemes vrugdraende plante en gee groente met hittestres 'n hupstoot met blaarvoeding soos Kelpak of Seagro wat as 'n tonikum dien.
- Beheer peste soos witvlieg en rooispinmyt deur weekliks 'n organiese insekdoder te spuit.
- Lei tamaties, eiervrug en soetrissies op, en stut die takke wat vol vrugte hang.
- Gebruik skadunet om sagte blaargroente teen die middagson te beskerm.

Gaan na kirchhoffs.co.za vir meer inligting of koop aanlyn saad by gropak.co.za.



*Nuut in
kwekerye*

**Dianthus Dart
'Pink Magician'**

In die kol!

Die Dart-reeks baardangeliere (*Dianthus barbatus*) is plante vir die koel seisoen wat lank blom en klosse geurige blomme produseer in skakerings van lig- en helderpienk, wit, framboos, pers, en wit met 'n rooi rand (oftewel *picotee*). Dié regop, sterkgroeiende meerjarige is ideaal vir randakkers en beddings wat goed dreineer, maar werk ook in potte. Dit vorm 'n netjiese bos van 30 cm hoog en 20 cm breed. Die blomme, wat gepluk kan word, word gedra aan sterk, kort stiele en lok bye en skoelappers. Die Dart-reeks is bestand teen hitte én koue én droogte. Gee die plante gereeld voeding en water tot hulle goed gevestig is. Pluk dooie blomme uit om die vorming van nuwe blomknoppe aan te moedig.

KONTAK ballstraathof.co.za



Mooi binne

Cyclamen

Pragtig pienk

Cyclamen is die perfekte binnenshuise winterblomplant omdat hulle bestand is teen koue en nie baie water nodig het nie. In die regte groeitoestande sal hulle regdeur tot in Augustus blom, selfs langer – plaas hulle op 'n plek wat baie helder, indirekte lig kry, of gefilterde sonlig, maar geen direkte son nie. Voed hulle een keer per maand met 'n vloeibare kunsmis om deurlopende blomvorming aan te moedig. Nog 'n manier om blomvorming aan te help is om dooie blomme by die basis uit te knip. Laat die bogrond effens uitdroog voordat jy dit water gee.

KONTAK lvgplant.co.za >>



Gesaai uit Afrika

Maklik om te saai, lonend om te groei.

Bring tydlose skoonheid na jou tuin met ons inheemse blomme.



www.kirchhoffs.co.za

Instagram @kirchhoffsseeds

Facebook @KirchhoffsZA

Vinnige vrae



V: Ek is gek oor die plantjie in die pot heel links op die McCoubreys se buitestoept in julle Junie/Julie 2025-uitgawe.

Wat is dit?

– CJ Smit, Welkom

A: Dit is 'n Australiese roosmaryn (*Westringia fruticosa*), 'n kompakte immergroen struik met klein blaartjies waarvan die onderkant wit is met 'n viltagtige tekstuur. In die lente en somer dra hulle wit tot ligblou blommetjies.



V: Die prettige pot op bladsy 26 van julle Augustus 2025-uitgawe, die een met die rankplant daarin, het dadelik my aandag getrek! Wat is dit?

– Anne-Marie Watkins, Benoni

A: Dit is die madeliefie-klimop (*Senecio macroglossus*), maar ondanks die naam is dié rankplant glad nie 'n klimop nie – dit behoort, soos die Afrikaanse naam inderdaad aandui, tot die madeliefiefamilie.



VRA VIR JJ

'n Treurige plant

Theresa Gibbon skryf Wat is hierdie wit goed aan my plant? Dit het 'n sagte tekstuur, amper soos meringue. Dis besig om my plant dood te maak – help asseblief!

JJ van Rensburg antwoord Jou plant is besmet met Australiese wolluis. Jy kan dit met 'n sistemiese insekdoder soos Complete 350sc of Imidor 350sc behandel. Of spuit Avi Guard en herhaal die behandeling elke 10 dae totdat sake verbeter. Wanneer die plant gesond is, voed dit met 'n stikstofryke kunsmis soos 7:1:3 om nuwe groei aan te moedig.

KONTAK gardensbyjj.com



VRA VIR LUDWIG

Die wortel van die kwaad

Glenda White van Boksburg skryf Ek het onlangs 'n paar 'Electron'-rose in plastieksakke gekoop en opgemerk dat van hulle taamlik potvas is. Hulle lyk nie baie gelukkig nie – moes ek die wortels eers losgewoel het voor ek hulle geplant het?

Ludwig Taschner antwoord Roosbome word heeljaar gekweek, wat beteken van hulle het 'n paar maande in sakke gegroei terwyl jonger rose eers onlangs in sakke geplant is. Ouer plante het houtagtige stele terwyl die jongeres sagter stele het met blare reg tot op die basis. Wanneer jy ouer rose uitplant, maak van die buitenste wortels los en plaas dan die roos bo-op die los grond in die voorbereide gat. Gooi die res van die grond terug in die gat, druk die grond vas en gee die plant goed water.

Jonger plante moet versigtiger hanteer word omdat die grond rondom die wortelbol makliker kan wegval. Sit die nuwe plant net so in die sak in die grond, op die regte hoogte sodat dit gelyk is met die bokant van die bedding. Sny dan die plastieksak aan twee of drie kante oop en trek dit versigtig onder die plant uit. Stoot die voorbereide grond terug in die gat, druk dit vas en lei die plant nat.

Ek beveel altyd aan dat rose in die herfs uitgeplant word omdat die plant dan stadiger groei en nuwe wortels vorm voor die winter. Wanneer die lente dan aanbreek, is hulle gevestig en gereed om te begin blom.

KONTAK ludwigsroses.co.za 📍



Luister na JJ se insiggewende podsendingreëks, *Tuis Tuine met JJ*, op netwerk24.com. Kry dit onder “Kyk + Luister” – klik op “Klankgolwe”.

ITALTILE

LIVE BEAUTIFULLY

LEEF SMAAKVOL MET LUSSARI.

KIES JOU VLAK VAN WEELDE.

Leef lieflik met die nuwe Lussari-versameling, eksklusief van Italtile. Hierdie onbeskaamd weelderige baddens van V&A – in drie groottes – is volhoubaar ontwerp as klassieke meesterstukke vir nou én die toekoms. Elkeen spog met dieselfde sensuele skuins wande, dieselfde sagte kurwes, dieselfde warm gevoel by aanraking, dieselfde kenmerkende Quarrycast™-duursaamheid. Kies die regte grootte vir jou toevlug, of skep deurlopende skoonheid met die gepaste Lussari vir elke badkamer.

25
jaar

waarborg

victoria + albert®

volcanic limestone baths

LUSSARI-BADGROOTTES

LUSSARI 1 - 1540x700x550

LUSSARI 2 - 1660x730x550

LUSSARI 3 - 1780x760x550

VOORDELE VAN QUARRYCAST™

Ongeëwenaarde sterkte en duursaamheid,
uitsonderlike hittebehoud
Fluweelglad en warm
Vlekbestand

EKSKLUSIEF BY

ITALTILE

LIVE BEAUTIFULLY

Ons vertoonlokal is 7 dae per week oop.

AANLYN WINKEL 010 271 2272



italtile



italtilesa



italtilesa



italtile

Beswaar-skrif	▼	Afdop	▼	Resiteer	▼	Dit neem jou na 'n ander webwerf	▼	Nobelium (simbool)	▼	Stewig	▼	Tuin- of kamer-blomplant			
Wegsit	▼	Organi-seer	▼	Titel vir Charlotte en Charlene	▼		▼		▼		▼				
Geldig wees	▼		▼	Klip-massa	▼	Probeer	▼		▼		▼	Tower-godin			
	▼		▼	Dese en ...	▼		▼	Met die hoogste ... van iemand praat	▼		▼				
Aanbod maak	▼		▼		▼	Sag	▼	Bouval	▼		▼	Stug	Oormaki's, bv.	▼	Meubel-stukke
Houe	▼		▼		▼		▼		▼		▼			▼	Vertrek
Bestuur	▼	Land-enge	▼		▼		▼	Titel-houer	▼		▼			▼	
	▼	Sitbene	▼		▼		▼		▼		▼			▼	
	▼		▼	Rigting	▼		▼	Dankie	▼	... capo	▼		Eenkant	▼	
	▼		▼		▼		▼		▼		▼		Toe-kenning	▼	
Het weg-gedeins	▼	Kaas-soort	▼		▼		▼		▼	Lakverniss	▼	Plesier Bees	▼		Vier dit op 25 Desember
	▼		▼		▼		▼	Met vroe aanval	▼	Dawids-harp	▼		▼	Regeerder	▼
	▼		▼		▼		▼		▼		▼			▼	
Werk	▼		▼		▼	Metale saam-smelt	▼		▼	Treiter Ierland	▼		Knip	▼	Die eie ...
	▼		▼		▼		▼		▼		▼	Kant	▼	Harlekyn	▼
	▼		▼		▼		▼		▼		▼	Woedend	▼	Haring-nette	▼
Amarillis	▼	So glad soos ...	▼		▼		▼	Liggies slaan	▼		▼	Weergalm	▼	▼	Smirna-vrug
	▼		▼		▼		▼		▼		▼		▼	Kortasem	▼
	▼		▼	Wat ruggraat-bene bevat	▼		▼		▼		▼		▼	Aan en ...	▼
	▼		▼		▼		▼		▼		▼		▼		▼
	▼		▼		▼		▼	Reageer-middels	▼		▼		▼		▼
	▼		▼	Oerwoud	▼	... wille van	▼	Desi-meter (afk.)	▼	Minder as nege	▼		▼	Titel vir 'n vrou	▼
	▼		▼		▼		▼		▼		▼		▼		▼



WEN! Wen een van vier Tafelberg-boeke ter waarde van R290 elk.

Dit is 1916 en Caleb Kelly, 'n jong WO1-veteraan, keer getraumatiseer terug na sy familieplaas in die Oos-Kaap. Wanneer olifante groot skade aanrig, is hy gereed om hulle voor die voet te skiet. Maar dan gebeur iets wat maak dat hy sy woede verruil vir 'n diepe vriendskap met 'n trop wat bedags tussen die plaasruigtes skuil.

Intussen word pogings tot grootskaalse sitrusverbouing in die Sondagsriviervallei in die wiele gery deur olifante wat lemoenboorde stroop. Dewald Troskie, oorlogsheld en befaamde grootwildjagter, word aangestel om hulle uit te wis.

Deur feit met fiksie te verweef neem Christiaan Bakkes lesers op 'n reis vanaf 1916 tot die stigting van die Addo-olifantpark in 1931. *Soetdoring in die ruigtes* is 'n historiese roman wat kwessies aanroer soos meditasie oor trauma en genesing. **Die eerste vier lesers wie se korrekte blokraai ons trek, wen 'n eksemplaar ter waarde van R290.**

Stuur die voltooide blokraai en jou kontakbesonderhede voor 9 April 2026 na **Tuis-blokraai #190**, Posbus 1802, Kaapstad 8000, of skandeer jou ingevulde vorm en e-pos dit na kompetisie@tuis.co.za. Sien ons kompetisiereëls op bl. 128.

Naam Adres
Poskode Sel Tel. (w) E-pos

KKNK

28 Maart tot 4 April 2026 • Oudtshoorn



Dis amper tyd vir 'n legendariese kunste-kuier
in die hartjie van die Klein Karoo.

Program beskikbaar by kknk.co.za en kaartjies by Webtickets.

KKNK



HET JAN MARAIS
NATIONALE FONDS



nati
NATIONALE AFRIKAANSE
TEATER-INITIATIEF

NETWERK24

Checkers
Bestel en Bestel

'n Verwoestende haelstorm het aan die Clarks die geleentheid gebied om die roostuin van hulle drome te skep!

'n Lushof van rose

Deur Mary Jane Harris • Foto's Christoph Hoffmann



Al die beddings het 'n lae heining van *Duranta erecta* 'Sheena's Gold'. "Ek kan nie genoeg kry van die plant nie. Toe die tuin nog baie skaduwee gehad het, het ek baie daarvan geplant om gekleurde blare in te bring en donker dele op te kikker. Dit vorm 'n uitstekende rand vir beddings omdat dit sorg vir die struktuur waarvan ek hou," verduidelik Larissa. "Ek het dit onlangs ook geplant op die rande van die vlak terrasse wat van die dek tot in die tuin loop."

WIE WOON HIER? Tim en Larissa Clark, hulle kinders, Nina (21), Jamie (16) en Isabella (10), twee schnauzers, Silver en Emma, en Joey, 'n golden retriever
WAAR Craighall Park, Johannesburg
GROOTTE VAN TUIN 4 000 m²
OUERDOM VAN TUIN 21 jaar
GRONDTIPE Klei, aangevul met tuisgemaakte kompos



“**T**oe ons hierheen getrek het, was die tuin 'n regte 'eenmanstuin,'” onthou Larissa en Tim. “Die plek was die eiendom van 'n maatskappy en daar was baie bome, gras en klimop, maar nie veel meer nie. Hoewel ons dit baie teësinig gedoen het, moes ons 'n paar bome verwyder om die tuin 'oop' te kry sodat ons darem kan sien waarmee ons werk.”

'n Bestaande tennisbaan het omtrent die helfte van die erf beslaan, met 'n smal strook wat oorgebly het vir die tuin. “Ons wou interessante hoekies skep en terselfdertyd plek maak waar die kinders en honde kan speel én plek maak waar ek en Tim ons vriende kan onthaal,” sê Larissa. “Iewers moes die eiendom 'n vullishoop gewees het, want ons het op 'n vreeslike klomp glas en as afgekom.”

Aanvanklik het die egpaar buiteruimtes geskep en beddings uitgelê. Van hulle idees het gewerk en ander nie. “Ons het dus plante uitgepluk en van voor af begin. Dit was 'n kwessie van probeer, fouteer en leer. Uiteindelik het ek beseft wat ons nodig het, is struktuur,” sê Larissa. “In een van die Britse tuinghoeroe Alan Titchmarsh se boeke het ek baie goeie raad raakgelees: ‘Werk altyd met sterk vorms.’”

Die Clarks het op die verste punt van die tuin begin en 'n ronde grasperk gevestig met 'n rand van keistene wat 'n kontras vorm met die reguit lyne van die tennisbaan en grensmuur.

“Daarna het ons nog 'n ronde grasperk nader aan die huis geskep wat verbind is met die eerste een,” verduidelik Larissa. “As gevolg van al die bome was die tuin baie skaduryk en min dinge het lekker gegroei. Ons het die beddings vol varings en krismisrose geplant, en ook baie asaleas (waarvan daar nie baie oor is nie, weens roospinmyt) – en onder die bome het ek hope boslelies geplant wat vandag nog daar staan.” >>



Die Grootste Verskeidenheid Patiomeubels en Bykomstighede in Afrika

Patio

WAREHOUSE

www.patiowarehouse.co.za



WHATSAPP ONS

Pretoria - 012 749 3120 | Centurion - 012 657 9400 | Randburg - 011 801 0820 | Kaapstad - 021 526 7240
Somerset-Wes - 021 840 4160 | Umhlanga - 031 566 8550 | George - 044 010 0102

Toe kom die groot storm ...

In November 2023 word Johannesburg deur 'n hewige haelstorm getref wat eiendom beskadig en tot grootskaalse vloed gelei het. Sommige voorstede is erg verrinnweer, terwyl ander, reg langsaan, onaangeraak is. Die Clarks se buurt was een van die ongelukkiges en hulle tuin is heeltemal verwoes. Nóg meer verpletterend was dat een van die bure se massiewe plataanbome (*Platanus acerifolia*) omgeval het.

“Die boom het in ons tuin beland en die paviljoen te pletter geval. En natúrlík sou dit gebeur net enkele weke voor ons met vakansie sou gaan. Ons het weke lank boomspecialiste hier gehad wat met kettingsae ingespring het,” sê Larissa.

Daar was wel 'n silwer randjie: Nadat hulle vir 'n vriend van die ramp vertel het, het hy gesê: “Wel, nou sal julle baie meer sonlig kry en julle sal die rose kan kweek wat julle nog altyd so graag wou gehad het.” En hy was reg; die son het nou tot in die middel van die tuin gestroom, wat die perfekte toestand vir rose geskep het.

'n Rooskleurige toekoms

Die eerste stop vir Larissa was Ludwig's Roses, waar hulle vir haar raad gegee en verduidelik het watter rose die beste is om te plant. “Hulle katalogus was my bybel. Ek wou rose hê wat romanties lyk én lekker ruik,” sê Larissa. “Hulle het my ook aangeraai om rose te kies wat siektebestand is.”

Om die ronde grasperk te komplementeer het Larissa aan die regterkant van die tuin 'n gemengde bedding met 'n kurwe geskep met 'n rand van lamsore. Die bedding is gevul met blousalie, baardirisse (*Iris germanica*) en rose.

“Tim het gevoel ons kort 'n bietjie hoogte hier, en daarom het ons 'n paar tuinboë bygevoeg wat deurloop tot in die verste punt van die tuin en rankrose daarteen opgelei,” sê sy. Daarnaas is 'n deel waarin rose geplant is met verskillende skoolname – die meeste in skakerings van geel en oranje. “Ons het 'n 'Helpmekeer' en 'Jan Celliers'.” Een van Larissa se gunsteling is 'Hey Jude'. “Ludwig Taschner het daardie roos gedoop – genoem na Judy Wilson, 'n tante van Tim. Dit is vir ons baie spesiaal. Die geur daarvan is ongelooflik.”

Aan die oorkant het Larissa heinings van oranjejasmyn (*Murraya paniculata*) en kasuur (*Pittosporum viridiflorum*) al langs die grensmuur geplant – vir privaatheid. Vóór die heinings het sy gefokus op geurige rose in pienk en roomkleur. 'n Rand is geskep met massa-aanplantings van 'My Granny' en 'Granny Dearest'. Die res van die rose is geplant volgens hulle hoogte sodat almal sigbaar kan wees. Aan die agterkant is die manjifieke 'Pridwin', 'n hoë donkerpienk roos.

Nie alles het uitgewerk soos Larissa dit beplan het nie. “Ek het 'n rand van 'Tawny Profusion' by Ludwig's Roses gesien en hier probeer naboots. Maar dit het net nie gewerk nie. Daardie rose het ek in potte geplant en hulle lyk nou fantasties,” sê sy.

Al die beddings kry gereeld voeding in die vorm van kompos wat in groot houe agter die tennisbaan gemaak word.

“Al die tuinknipsels en kombuisafval gaan komposhoop toe. En skaars 'n jaar ná die storm het alles gelyk of dit nog altyd so was,” voeg sy by.



Inkalelies (*Alstroemeria*) sorg vir 'n ligte, speelse effek in die bedding naas die tennisbaan en skep kontras met die lemmetjiegroen *Duranta* 'Sheena's Gold'.

LARISSA SE BEPROEFDE PLANTE

Al is rose haar groot gunsteling, is daar ook 'n paar ander staatmakers waarmee Larissa ruimtes in 'n groot tuin vul:

- ***Duranta erecta* 'Sheena's Gold'** Die treffende lemmetjiegroen kleur maak 'n stelling in die son én skaduwee. Dit is 'n geharde immergroen plant, hoewel hulle soms in blootgestelde dele onder ryp kan deurloop. Hulle reageer goed as hulle geknip word.

- **Blousalie (*Salvia africana*)** Dié struik vorm baie vinnig 'n bos wat groot beddings kan vul, en die lieflike donkerblou blomme vorm 'n teenstelling met die ligter rose en lemmetjiegroen van die *Duranta* 'Sheena's Gold'.

- **Sterjasmyn (*Trachelospermum jasminoides*)** Niks klop die geur van die massas wit blommetjies in die laatlente en somer nie, en die blinkgroen blare lyk heeljaar goed. Ek het dit gebruik om tuinboë toe te rank, maar ook as 'n grondbedekker.


- **Lamsore (*Stachys byzantina*)** Die tekstuur van die blare is betowerend en vorm 'n sagte, lieflike rand vir beddings. Hulle verg min onderhoud, is rypbestand en vorm in die lente en somer lang blomstele vol pienkpers blommetjies. Hulle versprei maklik en vul 'n randakker taamlik vinnig.

- **Mini-petunias (*Calibrachoa x hybrida* of *million bells*)** Ek het nie veel sukses met petunias nie, maar dié blomme is baie dieselfde en blom omtrent vir ewig. Ek hou daarvan om massas daarvan aan te plant – in groot planthouers én in my binnehof waar hulle van die eetkamer af sigbaar is. Hulle is beskikbaar in die lieflikste kleure.

- **Bontnetel (*Lamium maculatum*)** Hierdie is 'n grondbedekker met tweekleurige blare en delikate blomme. Dit sorg vir afwisseling in skaduryke dele onder bome en versprei maklik. >>




Bo-op een van die klipmuurtjies vorm 'n mokoro vol gesiggies 'n ongewone fokuspunt.



Mokoro van Amatuli




'Simplicity'



'Towering Rose Magic' sorg vir 'n skouspel op dié tuinboog. "Hulle het digte klompes blomme en ruik soos 'n roos behoort te ruik," sê Larissa.



'Granny Dearest'



Mini-petunias, algemeen bekend as *million bells*, sorg vir 'n spatsel kleur in 'n kruie wat omring word deur bontnetel.



'My Granny'



Larissa Clark

LEEF NA BUIITE

Nog 'n "voordelige" gevolg van die storm is dat die Clarks besluit het om die tydelike paviljoen wat deur die omgewaaide boom platgeval is, te vervang met 'n toe struktuur. Dit is ontwerp deur Larissa se suster, die argitek Karin Marcus-Harrison, en spog met stapeldeure wat heeltemal kan oopmaak sodat dit voel asof jy omring word deur plante. Met 'n sit- en eetgedeelte, 'n ingeboude yskas, wasbak en pakplek vir breekware en messegoed is dit 'n fantastiese plek om mense te onthaal. "Ek is ook gaande daaroor om op 'n Sondagoggend met 'n koppie koffie hier te sit," sê Larissa.

Wanneer die voudeure van die paviljoen toe is, sorg die weerkaatsings dat die struktuur met die omgewing saamsmelt.

'Wedding Garland' is geplant om die eerste tuinboog te bedek as jy van die gras af stap. "Dit het eers die hele boog bedek, maar nou het ek aan die ander kant valsjasmyn (*Gelsemium sempervirens*) geplant wat sorg vir lieflike kleur in die winter," sê Larissa.

Tuinboë gemaak deur
Anthony Ndlovu



'n Tuinboog wat met sterjasmyn bedek is, lei jou van die huis se dek af die tuin binne. "Die geur wanneer jy die deur oopmaak, is ongelooflik!" sê Larissa.

Skep 'n konneksie


Een van die Clarks se grootste uitdagings was om die huis met die tuin te verbind. "Daar is 'n groot val tussen die twee," sê Larissa. Toevallig was daar 'n span klipmesselaars wat besig was om 'n kanaal te bou vir die stroom onder in die tuin. "Dié stroom kom uit die park bo ons en loop al die pad tot in die Braamfonteinspruit onder teen die koppie. Gelukkig het ons rivierregte en daarom kan ons water in 'n tenk uitpomp wat ons dan vir die tuin gebruik. Rose is dórs," sê Larissa.

Met die hulp van die messelaars het die Clarks 'n reeks vlak terrasse van die huis tot in die tuin geskep. Op sommige plekke vorm dit trappe en op ander plekke beddings en lae sitplekke. "Ek het kussings daarvoor, en ons sit dikwels hier as ons tuinpartytjies hou," verduidelik Larissa.

Tuinboë wat met sterjasmyn bedek word, lei jou nou die tuin binne; een loop na 'n skaduryke deel met gewone boomvarings (*Cyathea australis*), bontnetel, sterjasmyn en krismisrose (*Hydrangea macrophylla*). Die ander boog vat jou na die grasperk wat met rose omring word.

Honde en tuine is nie altyd goed vir mekaar nie! Larissa verklap haar geheim om die tuin se ongerepte uitleg te handhaaf: "Groen metaalheiningstroke, wat ons verwyder het vir die fotosessie. Dié heining is taamlik onopvallend en ontmoedig die honde baie beslis om deur die beddings te storm!" 🐕

Om die huis te verbind met die tuin, wat op 'n heelwat laer vlak lê, het 'n span klipmesselaars 'n reeks trappe en vlak terrasse gebou waarvan sommige plantbeddings vorm. "Op die breë trappe het ek plaveistene gebruik wat omring word deur mondogras (*Ophiopogon*), wat fantasties is om te keer dat grond weggespoel word," verduidelik Larissa.



Pluk vir die pot

Met baie son – en 'n goeie skeut optimisme – kan jy jou eie snyblomme in jou tuin kweek.

Deur Marié Brody • Foto's Jeandri Streicher

Wat is nou beter as om blomme uit die tuin te pluk vir jou huis!

Emma Hudson, eienaar van die blomsaak The Flowery in Kaapstad (*sien haar tuin in die November 2025-uitgawe, of lees dit aanlyn by netwerk.com/tuis*), kweek genoeg blomme in haar tuin om te verkoop én die blompotte in haar huis vol te hou. Sy vertel ons hoe sy dit doen ...

Vingerhoedjies, wat die wonderlikste snyblomme is, omraam die bank in Emma Hudson se tuin.

Begin met

Saad en steggies

Emma kweek baie van haar snyblomme van saad. Dit is veel goedkoper as om saailinge te koop en ook baie meer bevredigend.

“Ek kan nie die versoeking weerstaan om by kwekerye, supermarkte, kwekers en waar ook al ek kom, deur saadpakkies te kyk en daarvan te koop nie. Sommige sade, soos strandviooltjies (*Malcolmia maritima*), *Lavatera trimestris* en wortelblomme (*Daucus carota*), saai ek direk in die beddings en hoop vir die beste. Soms ontkiem dit, soms nie,” vertel sy.

“Maar as jy saad in die regte seisoen saai en nie voor groot reën wat dit kan wegspoel of wanneer dit te warm en droog is nie, behoort jy suksesvol te wees.

“Van my gunsteling, soos pronkertjies, vilette (*Matthiola incana*), pronkridderspore (*Delphinium x elatum*) en vingerhoedjies, plant ek in saadkassies. In die kassies kan ek hulle met liefde versorg en daaglik vir hulle aandag gee – en die slakke kan hulle nie bykom nie.” Emma sit die saadkassies op ’n beskutte plek wat heelwat skaduwee

en ’n bietjie oggendson kry.

“Saai jou saad in goeie potgrond en volg die aanwysings agterop die saadpakkie. Maak seker die grond droog nooit uit nie, maar terselfdertyd dat dit nie te nat is nie.”

Emma gebruik die saadkassies ook om steggies te plant. Sy het altyd ’n snoeiskêr in haar motor en as sy ’n ongewone of interessante plant sien, kan sy ’n klein steggie neem om te kweek. >>

GUNSTELINGE

Ander gunsteling wat Emma van saad kweek, is weeskindertjies (*Linaria maroccana*), kappertjies (*Tropaeolum majus*), akeleie (*Aquilegia vulgaris*), kosmos, duiwel-in-die-bos, papawers (*Papaver*), koringblomme (*Scabiosa atropurpurea*) en kantblomme (*Ammi majus*).

Verder plant sy bolle soos ranonkels (*Ranunculus*), anemone (*Anemone coronaria*) en affodille (*Narcissus*) wat in die lente blom; vir die somer kweek sy dahlias van knolle.

Emma laat graag sekere groente en kruie toe om te blom en saad te skiet. “Radyse het hartvormige blare en die mooiste ligpienk-en-wit blomme wat lank in water hou,” sê sy. “Pietersielie, vinkel, ment en marjolein se blomme is ook pragtig.”

SNYBLOMME



Engelvlerkies



Pronkridderspoor



Pronkertjie



Koringblom
(*Scabiosa africana*)



Kappertjie



Papawer



Lavatera trimestris



Miniatuur-affodil



Koringblom
(*Scabiosa purpurea*)

Die volgende stap

Plant uit

Emma se blomme groei oraloor in haar tuin – in rye of groepe in die beddings, in houtkrate en potte. Om te besluit waar sy dit gaan plant, hou sy in gedagte hoe hoog die betrokke plant gaan word en of dit eenjarig is, of meerjarig soos iris of agapante, wat langer in die bedding bly.


“Die bedding by ons stoep is seisoenaal. In die somer groei daar rye dahlias en in die lente vingerhoedjies en pronkridderspore agterlangs, met ridderspore voor. Geurige pronkertjies rank teen ’n houtstellasie. Ek teken nooit ’n plan van hoe die bedding moet lyk nie, maar het altyd ’n duidelike prentjie van wat ek wil hê,” sê sy.

Wanneer die saailinge sowat 5-8 cm hoog is en drie tot vier ware blare het (dit is blare wat soos die volwasse plant s’n lyk, maar net kleiner), is dit gereed om in die bedding uitgeplant te word.

“Berei die bedding eers goed voor,” is Emma se raad. Sy maak self kompos of koop sakke van goeie gehalte by ’n kwekery en werk Atlantic Fertilisers se Bio Ocean-organiese kunsmis daarby in. As dit nie beskikbaar is nie, koop sy enige ander organiese kunsmis.

Sy strooi Biogrow Ferramol, ’n omgewingsvriendelike slak-lokaas, rondom die uitgeplante saailinge om te keer dat slakke die jong plantjies verorber.

Vingerhoedjies,
pronkridderspore
en sterjasmyn
(*Trachelospermum
jasminoides*)



Geniet!

Pluk die blomme en blare

Emma pluk blomme en looftakke vroeg soggens terwyl dit nog koel is. Sy neem twee of drie emmers water saam na waar sy pluk, veral op ’n warm dag (sy maak altyd seker dat die emmers skoon is). Die pluksels kom dadelik in die water en word op ’n koel plek – uit die wind – neergesit om te rus.

“Terwyl die blomme rus, maak ek vir my ’n koppie tee. Dit gee hulle genoeg tyd om diep water te drink. Daarna stel ek die bosse saam of rangskik blomme vir my huis.

“Ek het met verloop van tyd baie bewus geraak van die vorms van blomme, en deur leer en probeer agtergekom watter blomme verwelk wanneer hulle gepluk word en watter lank hou in water (*sien kassie met plukwenke op bl. 106*). Vir ’n rangskikking of bos blomme besluit ek eers wat my fokusblomme gaan wees. Dit moet iets wees wat dadelik die oog vang,” verduidelik Emma. “Ek gebruik graag dahlias, rose of ’n krismisroos (*Hydrangea*) in kleure wat mooi by mekaar lyk, vir dié doel.

“Daarna besluit ek watter looftakke hierby pas, afhangende van die grootte van die bos. As ek ’n groot bos of rangskikking maak, kies ek loofplante met groot blare soos dié van viburnums, krismisrose of groter malvablare.

“Vir ’n kleiner en fyner bos werk delikate blare soos dié van ’n tamatieplant, Chinese jasmyn (*Jasminum polyanthum*), kanferfoelie (*Lonicera*), *Pelargonium fragrans* met die geur van neutmuskaat, en kruisement goed. Ronde kappertjieblare wat slap afhang, die glansende blare van blinkabelia (*Abelia x grandiflora*), blomappel (*Malus*-spp.) en *Pittosporum* is ook nuttig.

“Laaste voeg ek delikate en ‘swewende’ blomme met langer stele by – soos pronkertjies en hul saadpeule, kantblomme, vilette, ridderspore of engelvelkies (*Oenothera lindheimeri*).”

Emma sê sy probeer altyd om iets met geur in ’n bos te gebruik en ook saadkoppe of blomknoppe by te sit vir interessantheid. “Ek gebruik verkieslik net wat ek in my tuin kan pluk. Wanneer daar nie genoeg blomme is nie, koop ek by Jaffha’s Flower Farm in Constantia of pluk by vriendinne. In die winter is dit moeiliker, maar daar is altyd genoeg looftakke wat mooi vertoon,” verduidelik sy.

“Ek bind die bosse wat ek verkoop met ’n stukkie tou vas en draai bruinpapier rondom. Vandat ek self bosse opmaak, is dit vir my baie moeilik om by ’n winkel te koop wat blomme met plastiek toedraai,” sê Emma. >>

Elke blom op sy tyd

Om blomme langer te laat hou, is dit belangrik om te weet wanneer om wat te pluk.

- **Dahlia (*Dahlia*)** Pluk wanneer die blom sowat 75% oop is. As dit in knopfase gepluk word, sal die blom nie oopgaan nie. Pluk ook voor dit heeltemal oop is en die buitenste blomblare begin verlep.
- **Duiwel-in-die-bos (*Nigella damascena*)** Pluk wanneer die blomknop se kleur duidelik wys en net begin oopgaan.
- **Jakobregop (*Zinnia elegans*)** Pluk wanneer die blom heeltemal oop is. Die stam moet stewig wees – as dit nog slap is wanneer jy dit beweeg, is die blom nog nie volwasse genoeg om te pluk nie.
- **Kantblom (*Ammi visnaga* en *A. majus*)** Pluk wanneer 75% van die blommetjies in die blomkop oop is en voor dit begin stuifmeel afgee.
- **Koringblom (*Centaurea cyanus*)** Pluk wanneer die blom amper halfpad oop is, maar voor die meeldrade sigbaar is.
- **Kosmos (*Cosmos bipinnatus*)** Pluk sodra die knoppe net begin oopgaan.
- **Pronkertjie (*Lathyrus odoratus*)** Pluk wanneer die eerste blom aan die steel oop is.
- **Ridderspoor (*Consolida ambigua*)** Pluk wanneer 'n derde van die blomme aan die steel oop is.
- **Sonneblom (*Helianthus*)** Sny af sodra die eerste gekleurde blomblare begin oopgaan en wegtrek van die middel van die blomknop. Die blom kan ook gelos word om heeltemal oop te gaan voor jy dit pluk.
- **Tabakblom (*Nicotiana glauca*)** Pluk wanneer die eerste blomme aan die steel begin oopgaan.
- **Vingerhoedjie (*Digitalis purpurea*)** Pluk wanneer 'n derde van die blomme aan die steel oop is; dit sal aanhou oopgaan in die vaas.
- **Wortelblom (*Daucus carota*)** Pluk wanneer feitlik al die blommetjies oop is, maar voor dit begin stuifmeel afgee.

Bron Cut Flowers: Prepare the Ground, Sow Seed, Nurture, Harvest, Fill your Vases
deur Celestina Robertson

KONTAKTE

Aerobin earthgain.co.za
Atlantic Fertilisers atlanticfertilisers.co.za
Biogrow biogrow.co.za
Emma Hudson [instagram.com/emmajanehudson01](https://www.instagram.com/emmajanehudson01)
Jaftha's Flower Farm [facebook.com/jafthasflowers](https://www.facebook.com/jafthasflowers)

Dahlia


EMMA SE GUNSTELING-KWEKERYE

Emma sê dat sy selde van 'n kwekery af wegry sonder dat sy 'n plant gekoop het – en sy kry altyd plek in haar tuin daarvoor. Hierdie is haar gunsteling-kwekerye:

- Ferndale-kwekery 021 794 5175
- Hart Nursery hartnursery.co.za
- Little Orchard Nursery littleorchardnursery.co.za
- Stellenberg-kwekery stellenberggardens.co.za
- The Greenhouse at Montebello [facebook.com/thegreenhouseatmontebello](https://www.facebook.com/thegreenhouseatmontebello)



Tabakplant



Wortelblom



Koringblom (*Centaurea cyanus*)



Kosmos

LIG EN VOEDING

- Dit is belangrik om te weet hoeveel son verskillende blomme nodig het om te floreer voor jy plant. Sonliefhebbers soos rose, dahlias, kosmos, sonneblomme, wortelblomme en pronkertjies kort ses tot agt uur son per dag in die somer. Ander, soos akeleie en vingerhoedjies, verkies meer skaduwee. Maak seker voor jy 'n plant koop of dit skadu of son verkies.


- Om makliker kompos te maak en organiese plantkos byderhand te hê, het Emma onlangs 'n Aerobin-komposmaker aangeskaf waarin sy vrugte en groenteskille uit die kombuis en groen tuinafval, grassnysels en blare gooi. Met min moeite, geen onaangename reuke nie en sonder dat dit baie plek in beslag neem, maak sy goeie kompos vir haar snyblombeddings. 'n Flap aan die onderkant vergemaklik die uithaal van die kompos. Daar is ook 'n pypie waarmee sy kompostee (die vloeistof wat afgeskei word) kan aftap. Sy meng 1 deel van die vloeistof met 20 dele water in 'n gieter en gebruik dit as vloeibare plantkos. 🌱



Duiwel-in-die-bos



Jakobregop



Sonneblom



Akelei



vul,
vou
en smul!

Met 'n verruklike
vulsel is klaargekoopte
tortillas, roti's en
blaardeeg jou geheime
wapen vir lekker eet,
maak nie saak wat die
okkasie is nie.



Linne van Imperfect Grace (imperfect-grace.shopstar.co.za, instagram.com/imperfect.grace.linne)

LAMSKERRIE MET ROTI
EN WORTEL-RAÏTA

Resep op bl. 110

Groente-en-bonekerrie met roti

Die geheim van hierdie kerrie lê vir my in die rooster van die groente en die braai van die eivrug in 'n riefpan om in 'n kort tydjie lae geur te skep, al beteken dit jy span die stoof én lugbraaier in vir 'n enkele gereg!

Genoeg vir 8 • Voorbereiding: 50 minute
Gaarmaaktyd: 45 minute

- 30 ml olyfolie
- 30 ml botter
- 2 uie, gekap
- 1 stukkie pypkaneel
- 15 ml mosterdsaadjes
- 2 cm-stuk vars gemmer, geskil en gerasper
- 1 groen brandrissie, gekap
- 3 knoffeltoontjies, dun gesny
- 200 g knopiesampioene, gehalveer
- 15 ml matige masala
- 5 ml borrie
- 3 groot tamaties, gehalveer en grofgerasper (of gebruik 'n 400 g-blik gekapte tamaties)
- 2 lourierblare
- 300 g botterskorsieblokkies
- 3 aartappels, geskil en in blokkies gesny
- 5 ml vinkelsaadjes
- 5 ml garam masala
- 1 eivrug, in skyfies van 5 mm gesny
- 2 blikke (400 g elk) bone (ons het cannellini gebruik)
- 30 ml gekapte vars koljander
- 8 groot roti's, warm gemaak in 'n droë pan
- 125 ml ongegeurde jogurt

1 Verhit 15 ml olyfolie en die botter saam in 'n dikboompan en braai die uie, pypkaneel en mosterdsaadjes saam tot die uie sag begin word. Ek sit 'n sopie water by en kook dit droog om die uie behoorlik sag te maak voor dit begin verbruin. Roer die gemmer, brandrissie en knoffel by en hou aan braai tot die uie kleur kry. Roer die sampioene, masala en borrie by en roerbraai tot geurig.

2 Voeg die tamaties en lourierblare by saam met 250 ml water, geur met sout en laat prut sonder 'n deksel oor lae hitte terwyl jy die groente berei.

3 Meng die botterskorsie- en aartappelblokkies met die oorblywende 15 ml olyfolie, die vinkelsaadjes en garam masala. Geur met sout en varsgemaalde swartpeper en lugbraai by 200 °C vir 20 minute of tot sag met mooi bruin randjies. Roer halfpad deur die gaarmaaktyd.

4 Braai intussen die eivrugskyfies in 'n warm riefpan tot gaar met mooi skroeilintjies alkant. Dit gee 'n heerlike rokerigheid aan die kerrie. As jy nie hou van eivrug nie, oorweeg murgpampoentjies, maar moenie dié stap oorslaan nie.

5 Roer die bone, gaar botterskorsie-en-aartappelmengsel en eivrugskyfies by die kerriesous en geur met sout en peper indien nodig. Prut vir 10 minute of tot die sous na wense verdik. Strooi die koljander oor, skep in die roti's en rol op. Garneer met 'n skeppie ongegeurde jogurt.

Wenk As nie almal aan jou tafel van koljander hou nie, vervang dit met pietersielie en maak 'n aparte koljanderjogurt gegeur met 'n drukkiesuurlemoensap, sout en peper vir selfhelp.

Lamskerrie met roti en wortel-raïta

Vleis aan die been het vir my die beste geur, maar die kerrie is ook heerlik as dit met blokkies boudvleis gemaak word.

Genoeg vir 6 • Voorbereiding: 1 uur
Gaarmaaktyd: 3 uur • Oondtemperatuur: 160 °C

- 30 ml olyfolie
- 30 ml botter
- 3 uie, gehalveer en dun gesny
- 2 kaneelstokkies
- 2 steranyspeule
- 6 kardemompeule, gekneus
- 5 ml elk vinkel- en komynsaadjies
- 3 knoffeltoontjies, dun gesny
- 2 cm-stuk vars gemmer, geskil en gerasper
- 3 groot tamaties, gehalveer en grofgerasper
- 30 ml brijani-masala
- 5 ml rissiepoeier
- 5 ml borrie
- 1,2 kg lamskenkelskywe
- 2 lourierblare
- 7,5 ml mosterdsaadjes
- 1 groen brandrissie, fyngekap
- 30 ml garam masala
- 125 ml room
- 'n strooisel vars koljander
- 6 groot roti's, warm gemaak in 'n droë pan
- jasmynrys en raïta (*sien resep onder*) vir opdiening

1 Verhit die olyfolie en botter saam in 'n oondvaste pot en braai die uie en heel speserye saam tot die uie glansend is. Voeg die knoffel en gemmer by en roerbraai verder tot die uie 'n mooi goudbruin kleur kry. Roer die tamaties, brijani-masala, rissiepoeier en borrie by.

2 Voorverhit die oond. Voeg die vleis en lourierblare by die sous, maak seker die lam is net-net bedek met die vloeistof. Voeg 'n skeutjie water by indien nodig; geur ruim met sout en varsgemaalde swartpeper. Sit die deksel op die pot en rooster vir 'n paar uur in die oond tot die vleis sag is.

Wenk Dit is ideaal om die kerrie tot hier gaar te maak die dag voor die ete, die kerrie te laat afkoel en dan die volgende dag te herverhit. Dit laat die geure lekker ontwikkel.

3 Haal die kerrie uit die oond. Skep 'n eetlepel of twee vet van die oppervlak af in 'n klein pannetjie. Verhit die vet (of 'n skeutjie ekstra olyfolie) en braai die mosterdsaadjes en groen rissie in die pan tot die saadjies begin skiet. Verwyder van die hitte, roer die garam masala by en voeg dan by die kerrie saam met die room. Geur na smaak met sout en verhit tot deurwarm. Sit voor saam met 'n strooisel koljander, roti's, rys en raïta.

WORTEL-RAÏTA

Meng 300 ml **ongegeurde jogurt** met 125 ml fyngerasperde **wortel**, 15 ml vars **suurlemoensap**, 5 ml **suiker**, ½ toontjie gerasperde **knoffel** en **sout en swartpeper** na smaak. Die verkwikkende sousie komplementeer die kerrie en is 'n heerlike bykos. Opsionele ekstras is 'n eetlepel gekapte koljander en 'n knippie garam masala, maar ek hou daarvan daarsonder aangesien die kerrie reeds so geurig is. >>

HOENDERSLAAI-'SMASH'-
TORTILLAS

Resep op bl. 113



Klein, groot, knuppeldik of platgedruk ... *burgers* is die perfekte gereg om mee te eksperimenteer en jou kreatiwiteit vrye teuels te gee!



TORTILLA-KAASBURGERS

Hoenderslaai-‘smash’-tortillas

My kinders is mal oor “smash tacos” en dis een van die min etes waarvoor niemand ooit nee sê nie! Hierdie is ’n meer gesofistikeerde weergawe van die tegniek as die tortilla-kaasburgers (*sien resep hiernaas*) en ’n vinnige, ligte ete. Oppas net om die hoender nie droog te braai nie, dit is nie so vergewensgesind soos rooivleis nie.

Genoeg vir 6 • Voorbereiding: 25 minute
Gaarmaaktyd: 10 minute

- 15 ml olyfolie, plus ekstra vir vlakbraai
- 6 repe spek, gesnipper
- 4 snye witbrood, korsies verwyder en in blokkies gesny
- 500 g hoendermaalvleis
- 1 klein ui, gerasper
- gerasperde skil van 1 suurlemoen
- 15 ml gekapte pietersielie
- 3 ml dijonmosterd
- ’n knippie geroekte paprika
- 6 middelslag-tortillas (20 cm in deursnee)
- 1 kop cos-blaarslaai, gesnipper
- 125 ml gerasperde parmesaankaas

SLAAISOUS

- 125 ml romerige mayonnaise
- 125 ml gladde amasi
- 3 ansjovisfilette, gekap
- ½ knoffeltoontjie, gerasper
- 5 ml dijonmosterd
- ’n bietjie water om te verdun

1 Verhit die olyfolie in ’n braaipan en braai die spek tot bros. Skep uit en braai die broodblokkies in die behoue vet bros. As jou lugbraaier naby is, kan jy dit ná ’n paar minute in die pan by 180 °C lugbraai tot droog, dit neem 2 tot 3 minute. Dreineer op kombuispapier en hou eenkant.

2 Sit die maalvleis in ’n mengbak en meng met die brosgebraaide spek, die uie, suurlemoenskil, pietersielie, mosterd, paprika en ’n ruim strooisel sout en varsgemaalde swartpeper.

3 Rooster die tortillas in ’n droë pan. Dié stap is opsioneel, maar omdat die hoender so vinnig gaar word, gaan die tortillas nie lank genoeg braai om dit ’n mooi kleur te gee nie. Verdeel die hoendermengsel tussen die gebraaide tortillas, versprei dit eweredig oor die oppervlak en druk dit liggies vas met die agterkant van ’n groot metaalpepel.

4 Verhit ’n skeutjie olyfolie in ’n dikboompan tot goed warm. Braai die eerste tortilla, vleiskant na onder, vir ’n minuut of twee tot goudbruin, draai om en gee die onderkant nog ’n paar sekondes om seker te maak die hoender is deurgaar. Skep uit en herhaal met die res van die hoendertortillas. Gebruik olyfolie soos nodig.

5 Klits die slaaisousbestanddele saam en geur na smaak met sout en peper. Suurlemoensap is ’n opsionele ekstra, dit hang af van hoe pikant die mayo is. Meng ’n skeppie slaaisous deur die blaarslaai saam met die croutons en parmesaankaas. Skep ’n hopie bo-op elke hoendertortilla en sit die oorblywende slaaisous op die tafel vir selfhelp. Eet dadelik!

Tortilla-kaasburgers

Min dinge is vir my so lekker soos ’n goeie burger, maar die rolletjies moet kraakvars wees en dus verg goeie burgers beplanning. Tortillas, daarenteen, hou goed in die yskas of vrieskas en kan op bystand gehou word vir hierdie lekker bederfkos – selfs al is daar nie vars brood in sig nie!

Maak 8 tortilla-kaasburgers (twee per porsie)
Voorbereiding: 40 minute
Gaarmaaktyd: 4 minute per burger

- 500 g maer bees- of springbokmaalvleis
- 1 klein ui, gerasper
- 5 ml korrelmosterd
- 5 ml braaivleisspeserye (jou gunstelingmengsel)
- 5 ml gekapte pietersielie
- 15 ml pankobroodkrummels
- 30 ml gekrummelde fetakaas (opsioneel)
- 8 middelslag-tortillas (20 cm in deursnee), of gebruik roti’s
- olyfolie vir vlakbraai
- 250 ml gerasperde cheddarkaas
- gesnipperde botterblaarslaai, tamatieskyfies, skyfies soetsuur agurkie en romerige mayonnaise vir opdiening

1 Meng die maalvleis, uie, mosterd, speserye, pietersielie, pankokrummels en fetakaas in ’n mengbak saam en verdeel in 8 gelyke porsies. As jou braaivleisspeserye nie sout bevat nie (proel!), onthou om ’n knippie by te voeg.

2 Druk elke porsie vleis in ’n eweredige lagie plat op ’n tortilla.

3 Verhit ’n skeutjie olyfolie in ’n dikboompan tot warm en braai die tortilla-burgers een-een, vleiskant na onder, vir sowat 3 minute tot mooi goudbruin. Gebruik ’n spaan om oraloer die tortillas te druk terwyl dit braai vir mooi karamellisering. Sodra die vleis mooi bruin is (loer!), draai dit om en braai die onderkant vir nog ’n minuut. Sit ’n strooisel cheddarkaas bo-op en bedek die pan met ’n deksel as jy sommer terselfdertyd die kaas wil smelt. Herhaal met al die burgers.

4 Sit voor Sit ’n hopie sappige blaarslaai, skyfies tamatie, agurkie en ’n spuitjie mayo op elk, vou toe en eet terwyl dit warm is. >>

Kaas-spek-en-aartappelpasteitjies

Ek het dié oulike voutegniek geleer by die Instagram-ster Sema Cenik van @pastalimpus en kon nie wag om my eie blompasteitjies te bak nie!

Maak 16 pasteitjies • Voorbereiding: 1 uur
Baktyd: 20 minute • Oondtemperatuur: 200 °C

- 2 velle (400 g elk) bevrore blaardeeg, ontdooi
- 1-2 eiers, geklits
- 125 ml gemengde saadjies vir doop

VULSEL

- 3 aartappels, in blokkies gesny en gaar gekook
- 200 g spek, gekap en bros gebraai
- 100 g fetakaas, gekrummel
- 250 ml cheddarkaas, gerasper
- 2 sprietuie, fyngekap
- 'n knippie rooipeper

1 Maak eers die vulsel Druk die aartappels fyn met 'n vurk en meng met die spek, feta, cheddar, sprietuie en rooipeper. Geur met sout na smaak. (Onthou, die spek en kaas is ook sout, so proe mooi.) Rol die mengsel in 16 gholfbal-grootte balletjies.

2 Maak die pasteitjies Voorverhit die oond. Sny elke vel blaardeeg in 8 ewe groot vierkante.

3 Verf die eerste deegvierkant met eier en doop die geveerde kant in die saadjies. Sit die deeg met die saadjies na onder op 'n kapplank neer en maak 'n insnyding vanaf die 12-, 3-, 6- en 9-uur-merke op die vierkant se sye inwaarts sonder om regdeur die middel te sny. Verf die gesnyde vierkant weer met eier en sit 'n balletjie vulsel in die middel.

4 Vou nou twee teenoorstaande blokkies se verste punte na mekaar toe en druk dit in die middel bo-op die vulsel teenaan mekaar vas. Knyp dan alkant die twee oorblywende punte aan mekaar vas om twee blomblaartjies te vorm (*sien foto*). Herhaal met die ander twee teenoorstaande blokkies om die blompatroon te voltooi. Sit die pasteitjie op 'n bakplaatjie wat met bakpapier uitgevoer is en herhaal met die res van die deegvierkante.

5 Verf die blompasteitjies met 'n laaste bietjie eier en bak vir 20 minute tot gaar en uitgerys. Sit warm voor met of sonder 'n doopsousie. Rissiesous of mosterd is heerlik.

VARIASIES

- Vervang die bros stukkie spek met gekapte ingelegde jalapeño-rissies vir 'n vegetariese weergawe.
- Gebruik varkworsievleis in plaas van aartappel saam met die kaas vir varkpasteitjies. >>





Hoender-en-eier-roti's

Hierdie is my vinnige weergawe van die Indiese straatkos bekend as *kati*-rolletjies. *Kati* (soms ook *kathi*) is die Bengaalse woord vir "stokkie" en verwys na die ryg en rooster van vleis en paneer op bamboes- of metaalstokkies om dit maklik oor hoë hitte gaar te maak voor dit in 'n paratha of roti toegevou word. Algemene byvoegings is eier, piekels en allerhande sousies. Ons kies kortpad met die oond se roosterelement en 'n marinade wat werk op hoender of blomkool (saam is ook nie te versmaai nie!).

**Genoeg vir 6 • Voorbereiding: 40 minute, plus marineertyd
Gaarmaaktyd: 20 minute**

- 12 (sowat 650 g) hoenderdyfilette, elk in 3 stukke gesny
- 6 groot roti's of parathas
- 6 eiers
- 30 ml olyfolie
- 1 komkommer, geskil, ontpit en in blokkies gesny
- 125 ml rooiuipiekels (*sien ons vinnige resep in die September | Oktober 2024-uitgawe, kry dit aanlyn by netwerk24.com/tuis*)

MARINADE

- 60 ml ongegeurde jogurt
- 60 ml tamatiepuree (nie tamatiepasta nie)
- 30 ml olyfolie
- 2 knoffeltoontjies, gerasper
- 2 cm-stuk vars gemmer, geskil en gerasper
- 30 ml garam masala
- 'n knippie rissiepoeier

- 5 ml sout

GROENSOUS

- 30 ml suurlemoensap
- 45 ml ongegeurde jogurt
- 'n groot hand vol vars koljander
- 12 mentblare
- 30 ml fyn klapper
- 'n knippie elk sout en suiker

Metode

- 1 Meng al die marinadebestanddele saam en meng deur die hoender. Bedek en laat vir 'n uur in die yskas marineer.
- 2 Pols al die groensousbestanddele saam tot glad. Proe en besluit of daar nog 'n knippie sout, suiker of skeut suurlemoenasap kort. Jy kan ook 'n lepel water byvoeg as die sous te dik na jou sin is. Hoe langer die sous staan, hoe sagter word die klapper, wat die geur verbeter. 'n Opsionele ekstra is groen brandrissie na smaak, maar ek los dit liefies uit en bedien apart vir enige vuurvreters aan tafel.
- 3 Voorverhit die oond se roosterelement. Versprei die hoender in 'n enkellaag op 'n bakplaat, uitgevoer met bakpapier. Maak seker die stukke het 'n bietjie marinade aan, maar dit moenie daarin swem of te veel aan mekaar raak nie. Rooster vir 5 minute, draai die happies om en rooster nog 5-8 minute of tot gaar met swart puntjies hier en daar.
- 4 Rooster die roti's droog in 'n warm pan om die brood soepel te maak en liggies kleur te gee. Hou eenkant warm.
- 5 Breek die eerste eier in 'n bakkie en klits. Verhit nou 'n skeutjie olyfolie in die pan, voeg die eier by en draai die pan soos wanneer jy pannekoek maak om die eier oraloor die bodem te laat versprei. Sit dadelik 'n warm roti bo-op die eier sodat dit daaraan kan vassit en braai vir 'n paar sekondes. Haal uit en herhaal met die volgende eier en roti.
- 6 Skep nou na hartelus hoender, komkommer, uipiekels en groensous binne-in die eier-roti's, vou toe en geniet. Gebruik gerus 'n velletjie was- of bakpapier om die rolle bymekaar te hou terwyl jy eet.

Wil jy dit vegetaries maak? Meng die marinade deur blomkoolblomme (dit is nie nodig om dit te laat marineer nie) en rooster sommer in jou lugbraaier. Die hoeveelheid sous is genoeg vir 1 kop blomkool in blomme gesny. Skep die blomkool en sous in 'n velletjie bakpapier in die mandjie van die lugbraaier en lugbraai vir 15 minute by 200 °C. Roer deur, voeg 'n klein sopie water by en rooster nog 10-15 minute of tot gaar en geurig met mooi bruingebrade puntjies. Gebruik soos bo in plaas van (of saam met) die hoender as vulsel. >>

Reuse-rafelvarkquesadilla

Bak een keer, eet twee keer met dié ruim hoeveelheid veelsydige rafelvark. Die resep maak meer as genoeg vir drie van hierdie reuse-quesadillas, so vries gerus die orige sappige vleis vir 'n volgende kuier.

Genoeg vir 8 • Voorbereiding: 45 minute

Gaarmaaktyd: 4 uur 20 minute

Oondtemperatuur: 140 °C en 200 °C

RAFELVARK

- 3 kg varkblad, been in, vel af
- 4 lourierblare, vars of gedroog, grofgekrummel
- 5 ml gedroogde origanum
- 15 ml elk paprika, gerookte paprika en fyn komyn
- 5 ml cayennepeper
- 5 ml sout
- 2 uie, grofgekap
- 1 heel brandrissie
- 250 ml lemoensap
- 750 ml gemmerbier

REUSE-QUESADILLA

- 3 koppies gaar rafelvark
- 80 ml BBQ-sous na smaak
- 30 ml sriracha (of jou gunsteling-brandrissiesous na smaak)
- olyfolie vir smeer
- 6 groot tortillas
- 500 ml gerasperde mozzarellakaas
- 1 blik (400 g) swartbone, gedreineer

1 Berei die rafelvark Voorverhit die oond tot 140 °C. Sny met 'n skerp mes kepe van 2 cm diep deur die boonste vetlaag van die blad tot in die vleis. Meng al die kruie en speserye en die sout saam en vryf die blad oraloor daarmee in, ook in die kepe. Sit die vleis bo-op die uie in 'n roosterpan waarin dit redelik knus pas, voeg die heel brandrissie by en giet die lemoensap en gemmerbier in die pan. Maak styf toe met foelie of 'n deksel en bak tot die vleis gaar en sag genoeg is om te rafel, toets ná 4 uur.

2 Laat afkoel tot hanteerbaar en rafel die vark saam met die vet. Gooi die been en brandrissie weg. Klam aan met 'n bietjie van die pansous. Skep 3 koppies rafelvark uit (bêre of vries die res vir later), meng met die braai- en rissiesous en versprei in 'n enkellaag op 'n bakplaat. Rooster onder die voorverhitte roosterelement tot geurig met klewerige stukies.

3 Bou die quesadilla Draai die oond se temperatuur nou op na 200 °C. Smeer 'n bakplaat met 'n bietjie olyfolie. Rangskik 5 van die tortillas om die rand van die bakplaat sodat hulle halflyf oorhang en sit nog 'n halwe tortilla in die middel om enige openinge toe te maak.

4 Strooi die helfte van die kaas en al die boontjies oor.

5 Versprei die kaas en bone eweredig en strooi die bros varkvleis wat jy in stap 2 berei het, bo-oor.

6 Versprei die res van die kaas bo-oor alles.

7 Sit die ander tortillahelfte in die middel van die vulsel en vou die oorhangkante na binne om 'n reghoekige quesadilla-pastei te vorm.

8 Smeer nog 'n bietjie olyfolie oor (dit help vir die goudbruin kleur en verseker 'n bros buitekant).

9 Bak die quesadilla-pastei vir sowat 15-20 minute of tot die bokant bros en goudbruin is en die kaas gesmelt; gebruik die roosterelement oordeelkundig as jy dink daar kort 'n bietjie ekstra verbruining. Haal uit die oond, sny in porsies en geniet warm.

Wenk Ekstra bolaagbestanddele soos sagte avo, brandrissie, vars koljander en suurroom is natuurlik heerlik. 🏠



1



2



3



4



5



6



7



8



Kaneelrolletjies

Dié soet broodjies word met kaneelsuiker, botter en sjokolade gevul en dan in 'n weelderige roomkaasversiersel gebaai vir 'n onweerstaanbare bederf.

Deur Johané Neilson • Foto's ER Lombard

- Maak 9-12 rolletjies
- Voorbereiding: 3 uur
- 30 minute (begin tot end)
- Baktyd: 25-35 minute

- DEEG**
- 450 g koekmeel
 - 10 g (1 sakkie) kitsgis
 - 30 ml suiker
 - 5 ml sout


- 250 ml warm melk
- 50 g sagte botter
- 1 eier, geklits
- olyfolie vir smeer

- VULSEL**
- 100 g sagte botter
 - 250 ml bruinsuiker
 - 15 ml fyn kaneel
 - 80 g donkersjokolade, gerasper (opsioneel)



1 Meng die meel, gis, suiker en sout saam in die bak van jou elektriese menger. Voeg die melk, botter en eier by en meng vir 10 minute op lae spoed met die deeghaak tot die deeg sag en glad is. Die deeg moet elasties wees en nie klewerig nie. **2** Smeer 'n bietjie olyfolie oor die deeg, vorm dit in 'n netjiese bal en sit dit in 'n skoon mengbak om te rys tot dubbel die oorspronklike volume. Dit neem ongeveer 2 uur.

Meng intussen die botter, bruinsuiker, kaneel en sjokolade (indien gebruik) vir die vulsel saam. **3** Keer die uitgerysde deeg op 'n skoon werkoppervlak uit en druk dit met jou hande in 'n reghoekige vorm. Rol dit dan met 'n rolstok in 'n reghoek van min of meer 30 x 45 cm uit.



4 Smeer die vulsel eweredig oor die oppervlak van die deeg en rol dit dan in die lengte op. **5** Gebruik 'n stukkie tou om die opgerolde deeg in porsies te sny – so 12 rolletjies is ideaal, ons het nege gesny. **Wenk** Jy kan ook 'n mes gebruik, mits die lem vlymskerp is en nie die lagies inmekaar sal druk nie.

6 Rangskik die rolletjies met die gesnyde kante na bo in 'n uitgevoerde en gesmeerde ondbak waarin hulle redelik knus pas. Bedek liggies met 'n vadoek en laat weer rys tot dubbel die volume. As jy 12 rolletjies gesny het, bak vir 25 minute by 180 °C; as jy soos ons nege groter rolle gemaak het, vermeerder die baktyd tot 35 minute.



TA-DA!

Laat die gaar rolletjies op 'n draadrakkie afkoel. Versoet 1 houer (230 g) **roomkaas** met 200 ml **versiersuiker** en voeg 5 ml **vanieljegeursel** en 'n rasper **suurlemoenskil** by. Smeer lekker dik bo-oor die rolletjies!

WENK

As jy so 'n klewerige deeg met die hand knie, gebruik wat die Engelse die "row the boat"-tegniek noem: Plaas die deeg op jou werkoppervlak en gebruik jou een hand om die deeg in sirkelbewegings te lig en strek asof jy roei. Bring die deeg elke nou en dan met 'n deegskaper bymekaar en hou moed, aanhouer wen! 🏠



Kyk die video by netwerk24.com/tuis.

Ontbyt *is op* die tafel!



Appelplaatkoekies met kassertjops

Onder R95 • Genoeg vir 4 • Voorbereiding: 20 minute
Gaarmaaktyd: 20 minute

- 2 klein appels of 1 grote, gerasper
- 2-eiers, geklits
- 250 ml (1 koppie) amasi
- 250 ml (1 koppie) bruismeel
- 'n knippie elk sout en fyn kaneel
- olyfolie vir vlakbraai
- 'n klont botter vir braai
- 4 kassertjops
- heuning om voor te sit

- 1 Meng die appel, eier, amasi, bruismeel, sout en kaneel saam tot 'n gemeng om die beslag te vorm.
- 2 Verhit 'n lagie olyfolie in 'n braaipan, smelt 'n klontjie botter by en braai eetlepel vol van die beslag in die pan tot goudbruin en gaar. Draai om wanneer borrels op die oppervlak verskyn. Vul die olie en botter aan en herhaal tot al die beslag opgebruik is (dit maak so 10-12 plaatkoekies afhangend van die grootte).
- 3 Braai nou die tjops in dieselfde pan tot goudbruin en gaar. (Die gaarmaaktyd hang af van die grootte van die tjops.) Sit die tjops en plaatkoekies ruim bedruip met heuning voor. Gebraaide appelskyfies bo-op is ook lekker. >>

die briljante Braaibroodjie



Dink Flink. Kies Varkvleis!

Volg jou gewone resep en maak jou gunsteling braaibroodjies onweerstaanbaar. Maak dit nog beter met flenter-varkvleis en braai dit oor die kole. Die heerlike, rokerige braaibroodjies is propvol geur, elke keer.

Wat is 'n slim keuse? Wat is 'n slim keuse? Vleis wat lekker smaak. Eindelose veelsydigheid. Goeie voedingswaarde. Onthaalkos wat bekostigbaar is. Wat ookal jy kies, begin gerus hier.



www.sapork.co.za





Eier en salm met avo-slaai

Onder R460 • Genoeg vir 4 • Voorbereiding: 15 minute
Gaarmaaktyd: 15 minute

- 4 x 100 g-porsies salm, vel aan
- olyfolie vir invryf en vlakbraai
- 1 klein suurlemoen, gehalveer en in skyfies gesny
- 15 ml sesamsaadjies
- 4-8 eiers
- 2 avokado's, in skyfies of rose gesny
- 8 snye geroosterde saadbrood om voor te sit

SLAAI

- 80 g roketblare
- 1 klein komkommer, in dun skyfies gesny
- 200 g kersietamaties, gehalveer
- 'n skeutjie vinaigrette, tuisgemaak of klaargekoop

1 Maak seker die salm se vel is droog. Sny drie kepe deur die vel tot in die vlees van elke porsie, vryf met olyfolie in, geur met sout en vars-gemaalde swartpeper en sit 'n skyfie suurlemoen in elke keep.

2 Verhit 'n poeletjie olyfolie oor matige hitte in 'n dikboombraaipan. Braai die vis, velkant na onder, in die pan. Jy kan die porsies liggies met 'n spaan teen die bodem van die pan vasdruk om seker te maak dit braai eweredig. Sodra die vel bros en mooi goudbruin is en die vlees net meer as halfpad gaar, draai die vis om en braai verder tot gaar soos verkies. Ek hou van blosend binne, maar laat jou eie voorkeur jou lei. Skep die vis uit en laat velkant na bo rus.

3 Verhit nog 'n skeutjie olyfolie in die pan, strooi die sesamsaadjies oor die bodem en bak die eiers (een of twee per porsie) tot die wit gaar is en die geel sag.

4 Meng die slaai-bestanddele en verdeel saam met die avo, vis en eiers tussen vier borde. Sit voor met roosterbrood.



Eier-en-groente-brekkie

Onder R85 • Genoeg vir 4 • Voorbereiding: 15 minute
Gaarmaaktyd: 15 minute

- 350 ml dubbelroomjogurt
- 1 knoffeltoontjie, gerasper
- 30 ml olyfolie
- 4 murgpampoentjies, in linte gesny
- gerasperde skil van 1 suurlemoen
- 250 ml bevrore ertjies, geblansjeer
- 1 blik (400 g) kekerertjies, gedreineer
- 'n knippie elk paprika, fyn komyn en koljander
- 8 eiers
- rissieolie na smaak
- 'n strooisel vars basilieblare
- roosterbrood om voor te sit

1 Meng die jogurt, knoffel en 'n knippie sout saam. Hou eenkant op 'n warm plek om kamertemperatuur te bereik terwyl jy die res van die ontbyt berei.

2 Verhit 15 ml van die olyfolie en braai die murgpampoentjies-linte tot net sag. Geur met die suurlemoenskil en 'n knippie sout en hou eenkant saam met die ertjies.

3 Meng die kekerertjies met die res van die olyfolie en die speserye. Braai vir 'n paar minute tot geurig. Geur met sout en vars-gemaalde swartpeper.

4 Posjeer die eiers in kookwater tot so gaar soos jy daarvan hou. Skep versigtig met 'n gaatjieslepel uit en dreineer.

5 Smeer 'n lepel vol van die knoffeljogurt op elke bord en verdeel die groen groente en die kekerertjies tussen die borde. Skep twee eiers op elke bord en garneer met 'n paar druppels rissieolie en 'n strooisel basilieblare. Sit voor met roosterbrood. 🏠



**SUID
OOSTER
FEES**

**Ons beste akteurs voel TUIS in JOU
geselskap by Suidoosterfees**



29 April tot 3 Mei 2026
Kaapstad

Bespreek by

web tickets
AVAILABLE AT **picknPay**



Western Cape
Government
FOR YOU



CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

NETWORK
24

DIE BURGER

nati
NASIONALE AFRIKAANSE TEATER-INITIATIEF



Besoek **suidoosterfees.com** en bespreek vir die NATi Teaterfees

Kos & drank



Cath Kidston se geverfde eierkelkies (*links; stel van 2, R449*) en NapKin Cole se Blood Orange- bioafbreekbare papierplekmatjies (*onder; pak met 25, R249*) yuppiechef.com



Deur Johané Neilson • Foto's verskaf

African Jacquard se nuwe Hibiscus-versameling tafeldoeke en servette (foto; R820/stel van 4, africanjacquard.com) is geïnspireer deur die oorvloedigheid van Afrika se sonnige blomme. Net reg vir al fresco-middagetes saam met vriende en familie.



Jou sap-skoppie!

Kry heeljaar 'n sap-hupstoot met Rugani se plaaslik vervaardigde 100% groente-en-vrugesapmengsels (sonder enige byvoegings). Ons hou baie van die Mighty Mix (750 ml; R420/kis met 10, ruganijuice.co.za).



Bone Broth Guy bied beensop wat stadig en in klein hoeveelhede gekook word vir maksimum heilsaamheid, asook voedingsryke kollageen-produkte en selfs velsorg-middels van dierevet! Ons hou sommer baie van die Sipping Broth (R35/250 ml, bonebrothguy.co.za) wat jy net kan oopskeur en drink.



DIE GEHEIM LÊ IN DIE GROND

Hartenberg by Stellenbosch is die eerste wynplaas in Suid-Afrika wat ingevolge die Ekologiese Uitkoms-verifikasieprotokol (EOV) amptelik erkenning kon kry vir hulle boerderypraktyke, waaronder holistiese veeweiding, komposmakery en die gebruik van Indian Runner-eende as 'n natuurlike vorm van pesbeheer. Dit help met die herstel van die ekosisteem en voed die wingerde sodat dit buitengewone wyne produseer. Bring 'n dag op die plaas deur en geniet 'n wynproe, eet middagete by die Eatery en ry dan deur die fynbostuin en hervestigde vleiland. Ons kan The Eleanor 2023 Chardonnay (R595) ten sterkste aanbeveel! Gaan na hartenbergestate.com vir besonderhede.

Ervaar die beste van die braaimeesters en vier plaaslike geur, landgoedwyn en gasvryheid by die Olijvenkraal-olyf-en-wynplaas se Fyre Dining in die Paarl. Hoogtepunte op die spyskaart sluit in Kaaps-Maleise mossels, braaiplankies vir twee, en braaibroodjies met boerenkaas en perskeblatjang. Die restaurant maak ook voorsiening vir vegetariërs en kinders. Gaan kyk gerus by [instagram.com/fyre_diningsa](https://www.instagram.com/fyre_diningsa) en bespreek by dineplan.com vir 'n luilekker middag- of skemeraandete. 🍷



Johannesburg se voorste
huisverbeteringsekspo

DROOM VERKEN ERVAAR

KYALAMI GRAND PRIX CIRCUIT
27-29 MAART

Jou volgende groot huisprojek begin hier.

HOMEMAKERS *Fair*

Die 2026 Johannesburg HOMEMAKERS Fair beloof vernuwing en is vanjaar met nog groter sorg saamgestel om jou te inspireer en te help om jou huisprojekte met gemak en trots werklikheid te maak.

Uitgesoekte uitstallers staan gereed met idees, kundige raad en innoverende produkte en daar is selfs unieke, handgemaakte items om jou huis werklik jou eie te maak.

Kom verken en gee jou huisdrome vlerke!

Telefoon: 086 111 4663

E-pos: expo@homemakers-sa.co.za

www.homemakersfair.co.za



Koopgids

Sorg vir die hele gesin deur jou mandjie met hierdie kopies te vul!

MEER PIGMENT, MEER GLANS

Meer glans, meer prag met Super Lustrous Glimmer™ Lip Oil van Revlon – dis sappige, gladde hidrasie vir jou lippe. Hier ontmoet glans velsorg en die gevolg is lippe wat gesonder, voller en moeiteloos glansend lyk. Revlon Super Lustrous Glimmer™ Lip Oil is nou in vier nuwe kleure beskikbaar met 'n verhoogde pigmentlading. Dis dus meer kleur vir dieselfde voedende lipsorg wat jy verlang, in vier kleure: Post Peach, Just Toasty, Boiling Point en Wined Down.



HARE VAN BINNE GEVOED

Droom jy van langer, sterker en gesonder hare? Stel Power Gro-kapsules op die proef. Met 'n unieke vermenging van vitamienes en minerale is dit spesifiek geformuleer om jou hare die voeding te gee wat dit benodig. Dring aan op egte Power Gro-produkte van GM Pharmaceuticals. Aanlyn beskikbaar by gmpharm.co.za en takealot.com asook uitsoekapteke en -winkels. Vir meer: 031 332 8411, mailbox@gmpharm.co.za.




SPA-GEHALTE VIR JOU BADKAMER

Dis altyd die moeite werd om die beste te kry vir dinge wat jy elke dag gebruik – soos jou badkamer. Jeeves se verhitte handdoekrelings was eens 'n luuksheid, maar deesdae is dit deel van badkamerhigiëne. Dit verseker jy het altyd 'n droë, warm en higiëniese handdoek. Boonop spaar dit water en elektrisiteit omdat jy nie so gereeld handdoeke hoef te was nie. Lees meer by www.jeeves.co.za.



SKEP ATMOSFEER

K. Light se nuwe LED Cape Grape Glass-versameling is 'n elegante reeks ontwerp om jou te verstom. Dit kombineer verfynde vorm met 'n pragtige, atmosferiese glans. Elke rokerige glaslampskerm het 'n 2.5W LED-lig wat sigbaar is van alle hoeke, wat beteken lig versprei verder en skep 'n sagter, wyer skynsel. Kies uit 'n verskeidenheid ontwerpe, soos dié op die foto wat tien hangligte op 'n ovaalplaat vertoon. www.klight.co.za.



VERSORGING IS PERSOONLIK

Daar kom 'n stil oomblik wanneer jy begin wonder: "Wat is die volgende stap?" Besluite oor versorging is moeilik, of dit vir jou of 'n geliefde is. Jou verstand en jou hart wil dikwels verskillende dinge hê. Jy wil voel jy is veilig, word verstaan en dat jy met opregtheid en waardigheid hanteer word. By TOTALCARE stap ons die pad geleidelik saam met jou, met jôu behoeftes in gedagte. Kontak leilani@totalcare.co.za.



'N MYLPAAL VIR GERIEF

Milestone Kitchens het 'n oulike nuwe reeks laaikassies en bedkassies ontwerp wat gerieflik perfek in 'n ekstragroot PUDO-sluitkas pas. Dit beteken aflewering is eenvoudig en bekostigbaar teen slegs R250 per item. Milestone Kitchens spesialiseer in vrystaande kombiëenhede om jou kombuis te beplan en te rangskik sonder die gebruik van 'n skrynwerker. Kies uit die volgende reekse: Swedish, French, African, Raw en Smalls. Kontak info@milestonekitchens.co.za vir meer besonderhede.





'n Oproep na Mannetjies Roux

Uit die onskuldigste vrae van 'n kind, skryf Karin Brynard, trap jy soms groot lewenswaarhede raak.

Het Oupie dan nog nie laat weet nie, Ouma, hoor ek 'n klein seuntjie deur 'n slurp roomys vra.
Die twee van hulle sit by 'n tafeltjie naby my in een van ons dorp se vele koffieshops, waar ek stadigies aan 'n hartlike cappuccino werk.

Die kêreltjie sit kiertsregop om sy seuntjieslyf min of meer binne bereik van die bakkie roomys te kry, sy volle aandag toegewy aan die behaaglike taak om lepeltjie en mond en lekkerny te koördineer, die voete swaaiend onder sy stoel. Sy ouma roer afgetrokke aan haar tee, haar blik op die onsigbare. Van tyd tot tyd vee sy met 'n verkrummelde snesie na die oorlooproomys om sy mond. Daar's iets verminderds aan haar postuur en haar damesbloes hang los, asof dit aan 'n ander, voller figuur behoort.

"Hoe bedoel my kinnie dan," vra sy teer.

"Oupie moet mos bel," sê hy met die wonderwaardige erns van sy jeug, "wanneer hy daar is?"

Sy glimlag week. "Wanneer hy waar is?"

"In die hemel. Ouma sê altyd vir Mamma so as ons huis toe gaan. Bel as julle daar is!"

Die ou dame se oë raak klam en sy neem 'n haastige slukkie tee.

Jammer genoeg hoor ek nie haar antwoord nie, want die kelnerin kom sit my rekening neer, haar kaartmasjien klaar oorgehaal. Die plek is besig, en 'n enkelpersoon wat by 'n viermantafel sit en luiër oor een koppie koffie gaan nie vandag haar sak vul nie.

Ek stap huis toe met gedagtes oor 'n Liewe Jesus-foon wat in my kop rondraai. Sê nou maar ...

Hoe sou so iets werk? En die logistiek! Meer nog, watse fone sou hulle gebruik? Sekerlik nie selfone nie, want volgens my bring dit die hel direk saam die hemel in.

Ek geniet my selfoon, kan nie sonder hom klaarkom nie, maar dis by sy handperde waar ek die duiwel self gewaar. Vooraan loop Beëlzebub, vermom as algoritme, en op tweede rang lê stelsel-opdaterings (lees duiwel-reïnkarnasies) en dan volg die euwel van falankse slimjan-"techies" en die gierige dataverskaffers, moderne tollenaars wat hulle is.

Nee, dit moet 'n egte telefoon wees. Van die outydse soort, wat ergonomies na menslike formaat ontwerp is. Vir oor en hand en mond, punt. Nié vir jou hemsak of jou vingers sodat jy verwegmense wat jy nie ken nie, kan uitskel oor hul opinies so van joune verskil nie. Of om bloot mesmeraisd vir ure lank daarna te

staar nie. Die ironie is dat ons almal vasgeklamp is aan die ding, maar eintlik relatief min bel – in vergelyking met al die ander goed wat ons daarmee aanvang. Alleen die hoeveelheid katjievideos daarop is genoeg om enige normale brein te breek.

Ek swenk uit die besige strate weg rivierlangs vir die eikgroen koelte van Die Laan, waarlangs ek verder huiswaarts loop. Ek mis die ou handtelefoon, besef ek dan. Die fisiekheid van bel en daardie bepaalde berekendheid waarmee jy uitreik en kontak maak. Jy loop gerig na waar die foon geanker staan, lig die horing op en draai die nommers een-een, kondig jouself by name aan. Ver bel was 'n luukse en jy't met aandag die tyd bestee.

Uit my kinderdae onthou ek die telefoontafeltjie in grênd huise, met so 'n gestoffeerde sitplek en die rusplek vir jou elmboog, 'n skinkbordjie tegoed, die boekie met die nommers. Jy't minstens tien uit jou kop geken. Deesdae het die gemiddelde nommer tien tot veertien syfers, landkode ingesluit. (Straks kom die planeet se kode ook nog by, wie weet.)

Doerie tyd het 'n foon normaal ge-"trieng", jou nie 'n ligte hartstilstand besorg as "Highway to Hell" van AC/DC skielik uit die vent naas jou se hemsak losbars nie.

Ek neem 'n blaaskans op 'n bankie teen die rivier by Coetzenburg. Aan die oorkant hou die bekende standbeeld van ou Dok Craven en Bliksem, die rugbylegende en sy beminde hond, die gang van dinge dop. Wie lewe nog, wie sou hy kon bel, wonder ek. Mannetjies Roux?

En gestel nou jy wil nie meer gebel wees nie. Help nie jy verander jou nommer nie, want jy't te make met die Alsiendheid. Jou redding word die selfoon en sy soms handige ellendes – lyne wat "uitsny", data wat opraak en die babelse verwarring ná 'n opdatering.

Ek dink weer aan die ouma en haar kleinseun, 'n tafereel van rou verlies in die aangesig van kinderlike geloof dat die laaste afskeid nie so verpletterend finaal moet wees nie.

En tog, weet ek, dit hoort wêl so. Die dooies moet hul gang gaan. En ons wat agterbly, moet lééf. Ten volle hiér wees om die roomysbekkies af te vee. En soetseer vrae oor Jesus-fone te bedink, dan weer jouself kaduks te lag vir katjievideos op die internet.

Netso, wys Ou Dok met 'n stywe vinger van die oorkant af. En Bliksem lyk of hy oopbek vanuit sy hondehemel saamstem. 📶

Die **grootste** meubelvervaardiger ter **wêreld**



ASHLEY

Tuis, Jou Manier

Hier is waar gemak en styl bymekaarkom soos ou vriende. Van banke wat jou uitnooi om 'n rukkie te sit, tot beddens wat elke nag soos 'n droom laat voel — ons het alles om jou ruimte in 'n heiligdom te verander. Kom binne, neem 'n sitplek, en laat jou huis sy gelukkige plek vind – want by Ashley is dit nie net meubels nie, dit is die kuns om goed te leef.



www.ashleyfurniture.co.za | **Centurion** | Tel: 012 749 3100

Landmarkslaan 65, Kosmosdal, Centurion, 0157

'N NUWE VLAK VAN LUKSHEID




Ware luuksheid word gevoel, nie net gesien nie.
Verbeter jou badkamer tot 'n 5-ster-ervaring
met Jeeves Tubo se verhitte relings.

Ontdek ons ontwerpe en vind jou naaste
handelaar by jeeves.co.za

JEEVES
HEATED TOWEL RAILS

Sunel

Kyk wat het ek gratis gekry! Stuur dit aan. 😊



Betsie

Hoe het jy die nuwe uitgawe verniet gekry?? 🤖

Sunel

Wie gee om? Stuur dit net aan.

DIE DEEL VAN PDF-PUBLIKASIES IS 'N **MISDAAD**

MOENIE STEEL NIE

AS JY 'N PDF-PUBLIKASIE OP E-POS, WHATSAPP OF ENIGE ANDER BOODSKAPDIENS ONTVANG, RAPPOORTEER DIT ASSEBLIEF AAN REPORT@MEDIA24.COM

MEDIA24